# 'n OORSIG VAN DIE EUROPESE MUSIEK

# IN

# SUID-AFRIKA.

# 1652 - 1800.

deur

A.C. HARTMAN.

M.A.

1947

## INHOUDSOPGAWE


HOOFSTUK I - Aspekte van die Musiek....................bl. 1.

HOOFSTUK II - Agtergrond
(a) Kultuurhistories....................bl. 4.
(b) Die Nederlandse-Oos-Indiese Kompanjie....................bl. 11.

HOOFSTUK III - Musiek op die Skepe....................bl. 16.

HOOFSTUK IV - Die Periode 1652 - 1700.
(a) Algemene Oorsig....................bl. 23.
(b) Godsdienstige Musiek....................bl. 27.
(c) Sekulêre Musiek
(i) Amptelike Musiek by die Kasteel....................bl. 32.
(ii) Musiek onder die burgerlike bevolking....................bl. 44.
(d) Opsomming....................bl. 51.

HOOFSTUK V - 'n Blik op die Wêreldmusiek....................bl. 53.

HOOFSTUK VI - Die Periode 1700 - 1750.
(a) Algemene Oorsig....................bl. 58.
(b) Godsdienstige Musiek....................bl. 63.
(c) Huisgodsdiens....................bl. 75.
(d) Sekulêre Musiek van die Kasteel en Garnisoen....................bl. 79.
(e) Sekulêre Musiek onder die burgerlike bevolking....................bl. 93.
(f) Opsomming....................bl. 105.

HOOFSTUK VII - Die Periode 1750 - 1800.
(a) Algemene Oorsig....................bl. 108.
(b) Die Musiek van die Kerk....................bl. 113.
(i) Onderwys....................bl. 127.
(c) Godsdienstige Musiek onder die burgerlike bevolking....................bl. 132.
(d) Amptelike Musiek van die Kasteel....................bl. 141.
(e) Sekulêre Musiek onder die dorpenaars....................bl. 151.
(f) Sekulêre Musiek onder die plattelanders....................bl. 171.
(g) Opsomming....................bl. 177.

HOOFSTUK VIII - Europese Musiek onder die Slawe en Inboorlinge....................bl. 181.

SLOT....................bl. 189.

LYS VAN GERAADPLEEGDE WERKE....................bl. 195.

# MUSIEK IN SUID - AFRIKA.

## HOOFSTUK I.

### ASPEKTE VAN DIE MUSIEK:

As mens die geskiedenie van die mens nagaan en veral let op die ontwikkeling van kuns, dan is dit opvallend dat musiek die laaste was om tot volle ontplooiing te geraak. Dit is maar gedurende die afgelope duisend jaar dat musiek tot 'n onafhanklike en volwaardige toonkuns ontwikkel het. Musiek kom dus laaste in die ry van die kunste en die rede hiervoor is seker omdat dit die mees abstrakte is. Dit is die kuns wat die minste direkte verband met die konkrete wêreld om ons het. Die ander kunste is óf tot 'n sekere mate 'n herskepping van wat reeds in die natuur bestaan (skilder- en beeldhoukuns) óf dit is 'n herskepping van sommige primêre behoeftes van die mens, soos woonplaas en taal (d.i. argitektuur en letterkunde). Vir musiek is daar egter nie so 'n verband nie; dit is suiwer 'n produk van die menslike gees en beroep sig hoofsaaklik op die verbeelding se waardering vir geordende klank[1].

Tog is musiek self ook een van die primêre behoeftes van die mens, want 'n elementêre vorm van musiek bestaan al so lank as die mensdom self en sommige denkers meen dat dit selfs spraak voorafgegaan het. Desnieteenstaande was dit, soos reeds getoon, die laaste kuns om te ontwikkel. Musiek moet dus ook die tengerigste kuns wees, die een wat die meeste afhanklik is van gunstige omstandighede om te groei en te bloei. As dit die geval is, is dit van belang om na te gaan wat as sulke gunstige omstandighede beskou kan word, en dit kan beste bepaal word deur op sekere primêre aspekte van die aard van musiek self te let.

Musiek is 'n taal, 'n middel tot uitdrukking en mededeling; dit is vloeibaar en beweeglik. Die voortdurende

/ontplooiing

(1) Vir 'n meer uitgebreide bespreking van dié aspek van die saak, vgl. [illegible]

ontplooiing van vorm deur middel van geordende klanke en stiltes. Sodra as musiek tot stilstand kom, hou dit op om te bestaan, want beweging is deel van die wese van musiek. Dit is 'n onsigbare, ontasbare stroom wat mens en mens, hart en hart met mekaar verbind, wat gemeenskaplike reaksies en enerse gevoelens by die mees heterogene groep mense kan opwek. 'n Bepaald menslike verskynsel dus, wat alle mense kan verstaan en waardeer en wat uitsluitlik by die mens tuishoort.

Die bestaan en beoefening van musiek (twee begrippe wat nie van mekaar geskei kan word nie) veronderstel dus dadelik 'n groep mense wat in verbinding met mekaar is, 'n veronderstelling wat goed steek hou met die troepdier-geaardheid van die mens. In dié opsig kan musiek vergelyk word met elektrisiteit: dit vloei alleen van een onderwerp na 'n ander as die twee onderwerpe in aanraking met mekaar is. Kontak tussen mense is dus 'n noodsaaklike vereiste vir die bestaan van musiek, en omgekeerd, as mens musiek wil doodmaak moet jy verhoed dat mense bymekaar kom. Natuurlik veronderstel die samesyn van mense nie noodwendig die aanwesigheid van musiek by hulle nie.

Op welke maniere openbaar die musiek hom by die mens? In die vorige paragraaf is die bindende eienskap van musiek beklemtoon. Voeg daarby dat musiek die enigste klankmedium is waarmee 'n groep mense gesamentlik kan optree en dit is begryplik dat, waar alle ~~kunste~~ [kunsvorme] in ~~hul~~ [hulle] primitiewe vorm ten nouste in aanraking en verband met die werklikhede van die lewe gebring word, musiek in die begin gebruik word, of ontstaan uit saam werk, ~~saam-godsdiens-beoefen~~ [gemeenskaplike godsdiensoefening], ~~saam~~ [gemeenskaplike] ontspanning. Die eerste toepassing van musiek is dus ~~'n~~ prakties, hoewel daarop gelet moet word dat hierdie musiek-in-diens verskillende grade van gehalte en ontwikkeling toon. Die skepping van

/sulke

sulke musiek is ook min of meer 'n gemeenskaplike proses; dit is nie die uiting van 'n indiwidu nie.

Maar die skoonheidsdrang in die mens openbaar hom weldra en soek ook bevrediging in die toonkuns en dit bring 'n behoefte aan indiwiduele uiting mee. Dit gebeur egter eers na heelwat geestelike ontwikkeling, veral in die geval van so 'n abstrakte kuns soos musiek. In elke beskawingstydperk was dit dan ook die geval, ~~soos reeds gesê,~~ dat musiek die laaste was om te ontluik. Te meer is dit die geval in óns tyd waar musiek 'n ekstra dimensie in die vorm van harmonie of veelstemmigheid gekry het. Die eerste stadia van 'n meer indiwiduele kuns is egter maar net 'n uitbreiding van die toegepaste musiek van die vorige paragraaf. Minneliedere, ook min of meer gemeenskaplike produkte, is die eerste vorm, maar dit lei spoedig tot indiwiduele skepping en daarmee is die gebied van die toonkuns betree. Die indiwiduele uitvoering van gemeenskaplike musiek is nog 'n weg wat na dieselfde bestemming lei. Daar lê dus 'n lang end pad tussen die eerste musiek in diens van gemeenskaplike aktiwiteite en die eerste stadia van 'n onafhanklike en persoonlike kunsuiting in klanke, en as daardie pad te steil en moeilik begaanbaar is, word daar nie langs gereis nie.

Die voorwaardes vir die ontwikkeling van musiek en musiekgedagte is dus:

(1) Samesyn van mense onder omstandighede wat hulle geleentheid bied tot ~~sosiale omgang~~ [maatskaplike verkeer] en gesamentlike optrede by die arbeid, godsdiens en ontspanning.

(2) 'n Beskawingspeil wat 'n taamlike mate van geestelike ontwikkeling toelaat.

(3) ['n Taamlike hoë] geestelike ontwikkeling ~~van 'n taamlike hoë peil~~ by so 'n gemeenskap.

Hierdie kort toeligting van sekere aspekte van die aard van musiek ~~was~~ [is ons] noodsaaklik geag vir 'n juiste benadering van wat in die volgende hoofstukke oor musiek in Suid-Afrika ~~uiteengesit~~ [belig] sal word.

# HOOFSTUK 11.

## AGTERGROND.

### (a) KULTUURHISTORIES:

Oor die afkoms van die bevolking van die Kaap, beide wat bloed en kultuur betref, is daar al uitvoerig geskryf deur Colenbrander, Theal, Schonken, Boshoff, D.B.Bosman, Coetzee(1) en ander. Aangesien dit 'n faktor van groot belang is by die studie van enige aspek van ons kultuurgeskiedenis, is dit nodig om 'n kort oorsig van genoemde skrywers se bevindings te gee.

Teen 1800 was die bevolking van die Kaap naasteby as volg saamgestel: 50% Hollanders, 27% Duitsers, 17% Franse en 6% ander. Die wyse waarop hierdie samestelling plaasgevind het, werp heelwat lig op die kulturele agtergrond van die oënskynlik heterogene groep. In die eerste jare van die Kolonie het die blanke bevolking hoofsaaklik uit Hollanders bestaan. In 1688-1690 word 'n aansienlike nuwe element in die vorm van die Franse Hugenote ingevoer. Die Kompanjie het egter gesorg om terselfdertyd nog 'n groter aantal Hollanders in te voer, sodat die Franse nooit meer as 'n sesde van die totale bevolking uitgemaak het nie en ook geleidelik hulle eie kultuur kwytgeraak en die Hollandse taal en sedes aangeneem het.

Van 1700 af het die persentasie Duitsers onder nuwe aankomelinge in die Kaap gestadiglik gestyg totdat hulle tussen die jare 1740-1770 die van die Hollanders oorskry het. Omdat die aankoms van die Duitsers oor so 'n lang periode strek, het hulle nooit 'n afsonderlike groep gevorm nie en was hulle selfs makliker geassimileer as die Franse. Wat kultuur betref, was die agtergrond van die Kaapse bevolking dus baie meer oorwegend Hollands as wat die syfers van bloed-afkoms aandui, veral as ons verder onthou dat al hierdie groepe deur hulle verblyf in Nederland en uitreis op Hollandse skepe reeds die eerste stadium van verhollandsing ondergaan het voordat hulle die Kaap bereik het.

/Dit

(1) Vir die werke van hierdie skrywers, sien die lektuurlys op bl.195.

Dit is ook nodig om daarop te wys dat, volgens genoemde skrywers, die oorgrote meerderheid van die Hollanders van Noord-Nederland afkomstig was.

Met die oog hierop is dit nodig om na te gaan wat toestande in Holland was in die 17e eeu, met spesiale verwysing na musiek.

Met die Vrede van Münster in 1648 het die Verenigde Provinsies van Nederland hulle onafhanklikheid verkry en het Noord-Nederland sy grootste bloeitydperk betree. Die koloniale uitbreiding wat begin het met die prestasies van Coen en van Diemen, het in 1652 'n hoogtepunt bereik met die besetting van die Kaap as 'n verversingstasie op pad na Indië. Die Hollandse vloot was oppermagtig en Holland het feitlik die monopolie op die handel van die Ooste sowel as die Weste verkry. Die land was welvarend, Amsterdam het 'n internasionale sentrum van die handel geword, geld en arbeid was volop en het talle vreemdelinge, veral Duitsers, na die Hollandse hawestede gelok.

> "Alles bijeen levert de economische geschiedenis van de Noord-Nederlandsche zeventiende eeuw een rijk schouwspel. Hier is een werken en woelen, een opschieten van krachten en een uitbreiding naar buiten, waarvan geen ander tijdvak de weerga biedt"

skryf Prof. Geyl.(2)

Die algemene ekonomiese welvaart het sy spore op die maatskaplike lewe nagelaat. Die kultuur van Holland het sy provinsiale karakter verloor en verstedelik. Die voorvaderlike eenvoud moes plek maak vir 'n vertoon van prag en praal. Die bloeiende handel het 'n kapitalistiese stelsel in die hand gewerk en 'n nuwe klas van welgesteldes in die lewe geroep. Almal het gestrewe na geldmaak en rykdom verwerf.

Nietemin was dit die Goue Eeu van Nederland se kultuur. Dit was die tyd van Bredero, Revius, Hooft, Vondel, Rembrandt, Frans Hals, Vermeer, Hobbema om maar 'n paar name te noem. Veral die Nederlandse letterkunde en skilderkuns het ongeëwenaarde

/hoogtepunte

(2) Geyl: Geschiedenis van de Ned. Stam Deel II, bl.225.

hoogtepunte bereik. Wat die gewone mense betref, vertel Prof. Geyl[3]

> „hoe overal een breede burgerstand bestond, die zich door gildebepalingen tegen de verwoestingen van het kapitalisme trachtte te verweren en door de rederijkerskamore (dit geldt echter steeds nog weinig voor de Noordoostelijke gewesten) aan letterkunde en gedachtenleven dacht mee te doen".

Elders[4] skryf Prof. Geyl egter „over't geheel was het ebbe in het geestesleven". Die eb in die geesteslewe het dus gekom in die tyd van grootste ekonomiese welvaart en was waarskynlik hoofsaaklik te wyte aan die veruiterliking wat daarmee gepaard gegaan het.

Hoe was dit met musiek gesteld in Nederland ten tye van die stigting van die Kaap? Miskien is dit nodig om duidelikheidshalwe eers 'n vlugtige blik te werp op musiek-toestande oor die algemeen.

Teen die einde van die sestiende eeu het die toonkuns in die werk van Palestrina, Vittoria en di Lasso sy eerste groot ~~klimaks~~ hoogte bereik, 'n ~~klimaks~~ hoogte wat sedertdien gewenaar maar nog nie oortref is nie. Dit was by uitstek die eeu van polifoniese sangkomposisie; instrumentale musiek was nog in sy kiem. Omstreeks 1600 kom die sogenaamde homofoniese rewolusie wat in verband staan met die opkoms van die opera. Claudio Monteverdi (oorlede 1643) was die ~~uitstaande~~ treffendste figuur in die rewolusie.

Tussen die jare 1640 en 1670 was daar 'n eienaardige gebrek aan komponiste. Die enigste uitstaande figure was Schütz (1585-1672) in Duitsland, Giacomo Carissimi (1604-1674) in Italië en Lulli (1633-1687) in Frankryk. Die laaste helfte van die 17e eeu sou egter 'n nuwe oplewing in musiekkomposisie meebring en 'n groot aantal groot meesters oplewer, o.a. Purcell, Bach, Händel, Scarlatti (vader en seun), Couperin, Rameau en Corelli.

Die Nederlandse musiekster was teen 1652 al onder.

/Gilles

(4) Idem bl.347.
(3) Geyl: Gesch. van de Ned. Stam Deel II, bl.303.

Gilles Binchois (oorlede 1460) en Guillaume Dufay (oorlede 1474) was die grondleggers van 'n musiekskool wat deur meesters soos Johannes Ockeghem, Jacob Obrecht, Josquin des Pres, Clemens non Papa, Nicolaas Gombert, Jacob Arcadelt, die Willaerts en Orlando di Lasso tot sulke hoogtepunte gevoer is, dat die Nederlande in die 16e eeu die musiekwêreld net so volkome oorheers het as wat hulle later in die 17e eeu die handelswêreld sou ~~domineer~~ beheer.

Met uitsondering van Obrecht was al hierdie komponiste uit Suid-Nederland afkomstig en dus eintlik Vlaminge. Hulle het hulle ook meestal in die buiteland gevestig.

> "Men ontmoet hen te Weenen, te München, te Parijs, te Madrid, te Parma, te Venetië, bovenal te Rome. De thuysblyvenden hebben hun middenpunt te Antwerpen. Zij zijn kapelmeesters, leiders van koorknapen, directeuren van muziekscholen. In Nederland bestonden zulke inrichtingen toen niet; of niet in genoegzamen getale om de groote menigte der zich aanbiedenden van een voegzame maatschappelijke stelling te kunnen voorzien.
>
> Op het muzikaal leven der lagere standen te hunnent is door deze virtuozen en hunne meesters geen merkbare invloed uitgeoefend. Voor een deel lag dit aan hun verblijfhouden in het buitenland, en aan hunne betrekking als dienaren van hoven. Voor een ander deel aan het eenzijdig theoretische in hunne ontwikkeling. Zij lieten het volkslied over aan zichzelf". (5)

Hierdie groot Vlaamse musiekskool het dus weinig invloed op Noord-Nederland gehad. Dit is nog duideliker as ons onthou dat die Calvinisme in hierdie tyd alle geestelike lewe in Holland oorheers het, terwyl hierdie komponiste ~~hul~~ hulle hoogste prestasies in die komponeer van Rooms Katolieke Kerkmusiek behaal het. Hulle musiek het ook weinig invloed gehad op die breë volksklas waaruit die bevolking van ons land gespruit is en ons kan dus geen aanspraak maak daarop dat ons verre erfgename is van die roemryke Suid-Nederlandse musiekskat nie.

Noord-Nederland het 'n meer beskeie, veel minder glansryke aandeel aan die musikale bedrywighede van hierdie tydvak

/gehad.

(5) Huet, B.: Het Land van Rembrand Deel II, bl.347.

gehad. In Holland het die Calvinisme geheers. "Van met die heerschappij kwam de oorlogsverklaring aan alle muzikale vormen zonder onderscheid, op het psalmgezang na"(6). 'n Felle oordeel, wat egter deur die geskiedenis beaam word, want op een figuur na het Holland geen komponis van belang voortgebring nie.

Daardie figuur is Jan Pieterszoon Sweelinck (1562-1621) wat die grondlegger van die orrelspel en orrelkomposisie was en op die gebied die weg voorberei het vir J.S.Bach. Hy het ook 'n belangrike bydrae gelewer tot die ewolusie van die koorkomposisie en was in 'n sekere sin die vader van die gewyde Protestantse musiek in Noord-Europa. Hy staan dus 'n belangrike figuur in die musiekgeskiedenis.

Sweelinck staan egter alleen. Die Calviniste het so streng opgetree dat hulle selfs hulle wenkbroue gefrons het toe die ortodokse Constantijn Huygens in sy „Orgelgebruyk" in 1660 sekere verbeteringe in die orrelspel in die kerke voorgestel het(7). Huygens kla ook dat hy feitlik alleen staan in sy bewondering vir die hoëre kuns en dat mense nie meer instaat is om te onderskei tussen goed en sleg nie. Dit is waarskynlik 'n oordrywing, want in sy „Geschichte der Musik," Deel IV, bl.342 skryf Ambros(8) :

> "In den Niederländen, welche wenigstens ihren grossen musikalischen Weltruf jetst verloren, wurde die Musik, statt wie in Italien zur vornehmen Academie, zum gemütlichen Familien-concert. Die Bilder der vortrefflichen Genremaler David Teniers, Netscher, und anderen, erzählen davon in sehr anziehender Weise".

Die kostelike gewaad waarin die persone op die skilderye gewoonlik geklee is, dui aan dat die "familie-konserte" tot die meer gegoede klasse beperk was.

Die breë volksklas is ook getref deur hierdie toestande.

> "Door het zingen in de gereformeerde en andere protestantsche kerken, zoo men het zingen noemen wil, was by de groote menigte het muzikaal gevoel verstompt. Aan de

/bruilofs-

(6) Huet, B: Het Land van Rembrand, Deel II, bl.347.
(7) Idem: bl.350.
(8) Aangehaal by Huet: Idem bl.353.

bruiloftsmaaltijden, in de gezelschappen der kleine burgers, weerklonken liederen genoeg; maar het waren, vóór zoover de melodieën betrof, middeleeuwsche herinneringen. Slechts eene gemakkelijk te tellen minderheid van beschaafde personen uit den hoogeren stand, vrouwen en mannen, beminden de muziek om de muziek"(9). Die volkslied was dus ook aan die kwyn.

In sy werk "Der Untergang des Niederländischen Volksliedes" het H.F.Wirth meer uitvoerig op die saak ingegaan. Hy skryf die agteruitgang van volksmusiek in Holland toe hoofsaaklik aan die feit dat die land meer geskik was vir veeteelt as akkerbou, wat die afsondering van die bevolking in die hand gewerk het. In Hoofstuk I het ons reeds daarop gewys hoe noodlottig dit vir musiek kan wees as mense nie bymekaar kan kom nie. Dat Wirth se rede dus van groot belang is, spreek vanself. Die Gereformeerde Kerk se streng verbod op sulke "wêreldshede" as wat gewoonlik in volksliedere besing word, asook op die dans, het die volkslied 'n verdere swaar slag toegedien. Die verstedeliking van die Hollandse kultuur en die daarmee gepaard gaande kontak met internasionale kultuurstrominge het ook stremmend gewerk op die beoefening van volksmusiek. Alles in ag genome was die Hollandse volkslied teen die tweede helfte van die sewentiende eeu al vinnig op die afdraende pad.

Daar was egter een soort musiek wat wel in Holland floreer het en dit was die Psalms. Een van die probleme van die Hervormers was om aan die beginsel, dat die gemeente ook aktief aan die eredienste moes deelneem, uitvoering te gee deur geskikte liedere vir gemeentelike sang te vind. In 1537 het Calvyn in die Raad van Genéve voorgestel dat Psalms by die openbare dienste gesing moet word. Hy wou alleen die Psalms in sy kerk toelaat.

Ter uitvoering van hierdie voorstel, verskyn toe in 1539 die Souterliedekens in Holland, wat eintlik net

/volksliedjies

(9) Huet: Het Land van R. Deel II, bl.359.

volksliedjies was waarvan die woorde deur Willem van Nievelt met berymde psalmvertalings vervang is[10]. Hierdie boekie was so gewild dat dit teen 1566 al 26 uitgawes beleef het. Die ongewyde karakter van die wysies het hulle gou in ongunstige laat raak by die kerkoutoriteite en reeds in 1570 is daar beswaar teen gemaak. Daar moes dus 'n ander plan gemaak word.

'n Uitweg is gevind deur gebruik te maak van die Geneefse Psalter, wat onder toesig van Calvyn opgestel is en wat in 1562 vir die eerste keer volledig verskyn het.

> "Die musiek van die psalms het 'n eienaardige oorsprong gehad .... Hulle was meestal Franse volksliedjies en dansmelodieë van die Franse hof; van 'n baie groot getal wysies ken ons nou die volksliedbasis van die oorspronklike ongewyde melodieë. Die eerste verwerking is deur Louis Bourgeois (± 1510-1572), die laastes, vermoedelik dikwels oorspronklike komposisies, is deur 'n onbekende Maître Pierre, van wie ons niks verder met sekerheid weet nie as dat hy in 1561 in Genève bedrywig was"[11].

Hierdie wysies is ritmies, met kort en lang note gesing.

Die Nederlandse Kerk het besluit om die Geneefse Psalter net so oor te neem en dit het dus net gewag op vertaling om in gebruik geneem te word. Die eerste Nederlandse beryming is deur 'n Vlaamse edelman, Jan Utenhove, gemaak. Dit is egter spoedig verdring deur die beryming van Petrus Dathenus, wat in 1566 uitgegee is en wat tot 1773 die mees algemeen gebruikte beryming in die Nederduits Gereformeerde Kerk was en dus ook na Suid-Afrika gekom het.[12]

Musiektoestande in Nederland omstreeks 1652 kan dus as volg saamgevat word: daar was geen komponiste van belang nie en belangstelling in hoër kunsmusiek was beperk tot enkelinge uit die hoë klasse, wat dit by wyse van familiekonserte beoefen het. Die heersende Calvinisme het alle soorte musiek teegestaan en net psalmsang bevorder.

/Volksmusiek

(10) Kempers: Muziekgeschiedenis, Bl. 110.
(11) Die Huisgenoot 25/6/43: C.G.S.de Villiers: Die Geneefse Psalmboek 400 jaar oud.
(12) Vir informasie oor die Psalmboek het ek dankbare gebruik gemaak van 'n lesing deur Ds.P.J.Viljoen tydens 'n Volkspele-kursus te Heidelberg Tvl.in 1941 gehou.

Die volkemusiek was besig om te kwyn as gevolg van verskeie faktore; net psalmsang, hoofsaaklik op Franse wysies, het floreer. Die Hollanders was dus oor die algemeen nie baie bedrywig op musiekgebied nie.

(b) DIE NEDERLANDSE OOS-INDIESE KOMPANJIE:

Die blanke nedersetting aan die Kaap is gestig deur die Nederlandse Oos-Indiese Kompanjie en sou vir sowat 150 jaar onder Kompanjie-bestuur bly. Waar die Kompanjie se woord dus wet was vir so 'n lang tyd en waar die vooruitgang van die nedersetting hoofsaaklik sou afhang van sy beleid en strewe, is dit noodsaaklik om te weet wat daardie beleid en strewe was om ontwikkelinge in Suid-Afrika te begryp.

Die Verenigde Nederlandsche Oost-Indische Compagnie het in 1602 tot stand gekom. Dit was 'n samestelling van die verskillende afsonderlike Kompanjieë in Nederland, wat later Kamers van die Verenigde Kompanjie sou word. Aan die Kompanjie [illegible]ute gesag oor die Oos-Indiese gewoste toegeken deur State-Generaal van Nederland. Hulle kon nedersettings stig, forte bou, traktate aangaan; hulle het hulle eie vloot en soldate aangehou en het self alle aanstellings gedoen. Die doel van die Kompanjie was om die handelsmonopolie in die Ooste te verkry, waarin hulle dan ook geslaag het. Handel was dus die oogmerk en alles wat hulle onderneem het, was gerig op daardie een doel: die instandhou en uitbreiding van die handel en die behoud daarvan vir Nederland.

Die Kompanjie was dus 'n uitgebreide organisasie, 'n soort staat binne die staat wat 'n groot aantal dienare nodig gehad het om sy gesag te handhaaf. Die lang en ongesonde seereise, die ongewone klimaat en die baie oorloë met inboorlinge en mededingers het soveel lewens ge-eis, dat 3, 4, 5,000 man per

/jaar

jaar na Indië ingeskeep moes word. Holland self sou nooit so baie manne kon oplewer nie en dus is daar baie gebruik gemaak van vreemdelinge.

> "Uit alle hoeken van het protestantsche Duitschland kwamen op avontuur en winst belusten; Engelschen en vooral Schotten, Franschen, Zwitsers en Scandinaviërs waren eronder te vinden"(1).

So ʼn groot aantal vreemdelinge kon mettertyd die Kompanjie se gesag ondermyn, maar die Bewindhebbers was daar bedag op en het die nodige teenmaatreëls getref.

> "In de ambtenarenhierarchie van laag tot hoog, bij welke de leiding der zaken van handel, diplomatie en oorlog berustte, drongen de buitenlanders weinig door, en als ze het deden, moesten ze Nederlandsch leeren schrijven"(2).

Die Kompanjie het dus in die Nederlandse taal ʼn goeie middel gesien om sy bonte mengelmoes van dienaars te bind en het aangedring op die gebruik daarvan in alle kringe.

Nog ʼn bindmiddel was die godsdiens. Die Kompanjie het van al sy dienaars deelneming aan die Hervormde godsdiensoefening ge-eis. Portugese Katolieke was dus uitgesluit en selfs Lutherane het maar ʼn opdraende stryd gehad, soos gebeurtenisse aan die Kaap getuig. Godsdiensoefening op die skepe was streng nagekom en ook in die verskillende nedersettings was daarop aangedring. Pogings is aangewend om die inboorlinge van die verskillende gewestes te bekeer en ʼn stelsel van elementêre onderwys vir blankes en inboorlinge deur kerklike beamptes is ook gehandhaaf. Al hierdie maatreëls was egter steeds nie soseer om die godsdiens self nie, maar om die handelsmonopolie te versterk. Daarvan getuig die feit dat die Kompanjie alle godsdiensoefening in Japan verbied het, omdat dit nadelig vir die handel was(3).

Die Kompanjie was ook gekant teen kolonisasie. Elke nedersetting was gestig ter wille van die handel en het net ʼn garnisoen en die nodige amptenare gekry om die handelspos in

/stand

(1) Geyl: Ned. Stam II bl.629.
(2) Geyl: Ned. Stam II bl.630.
(3) Idem bl.64[illegible].

stand te hou. By sommige van die groter poste is sogenaamde vryburgers toegelaat wat in 'n mate kolonists was, maar hulle vryheid was so beperk, dat hulle nie veel beter nie en miskien selfs slegter daaraan toe was as die Kompanjies-dienare. Koloniste was dus nie juis aangemoedig nie en waar kolonies ontstaan het, was dit ten spyte van die beleid van die Kompanjie.

Die op winste toegespitste Kompanjie het ook verder gesorg dat sy amptenare nie te hoog betaal word nie. Besoldiging was so laag dat niemand ooit daarop alleen sou ryk word nie. Die gevolg was dat smokkelhandel vanaf die tweede helfte van die sewentiende eeu skrikwekkende afmetings begin aanneem het.

> "Van de schipper en de naast hem gestelde supercargo af voerde iedereen aan boord voor eigen rekening mee, en de goeverneurs, directeurs en kooplieden, (dit woord duidt natuurlijk ook een rang in de Compagnies-hierarchie aan), ja zelfs de fiscalen aan de wal streken voor hun oogluiking een deel der winst op. Er werden fortuinen gemaakt op die manier...."(4).

Die sedelike peil van die amptenare was dus nie te hoog nie en was ook nie deur die Kompanjie se beleid tot verbetering aangemoedig nie.

Die hele gees van die Nederlandse samelewing in die Ooste was materialisties en grof. Geldmaak was die hoofdoel, geld om hoog te lewe, om met ander te wedywer wat betref weelde, getal slawe en ander besittings. Baie families het tot 'n honderd slawe besit; elke kind het 'n persoonlike bediende gehad wat moes gehoor gee aan iedere gebod. Dit het luiheid, gemaksug en geestelike verstikking in die hand gewerk. Geen wonder, dus, dat die Kompanjie beskou was as "een goede toevlucht voor alle wittebroodskinderen, bankrottiers, verloope studente, kassiers, makelaars, pachters, deurwaarders, verklikkers en diergelijke lichtmisse"(5). Ook 'n skeepskaptein(6) sê in 1680 dat, alles in ag geneem, geen persoon baie gretig

/kan

(4) Geyl: Ned.Stam II Bl.632.
(5) Idem Bl.629.
(6) Fryke, C: A Relation of two several voyages bl.13.

kan wees om na Oos-Indië te gaan nie, tensy hy daartoe genoodsaak word deur armoede of ander beklemmende omstandighede.

Die wyse waarop die Kompanjie rekrute geswerf het, dui ook in dieselfde rigting. In die groot hawestede van Holland, veral in Amsterdam, was daar sekere losieshuishouers wat hulleself daarop toegelê het om nuwe werkkragte vir die Kompanjie te werf. Hulle was die "zoelverkopers" waarvan so baie skrywers uit en oor die tyd vertel(7). Die wyse waarop die zeelverkopers te werk gegaan het, was so oneerlik en so nou verwant aan afpersing, dat hulle algemeen bekend was as "zielverkopers". Hulle slagoffers was gewoonlik vreemdelinge, wat met mooi woorde en geveinsde vriendelikheid om die bos gelei het en so in die Kompanjie se diens beland ~~is~~ het.

Buitendien was die beste ~~klas~~ soort Hollanders nie tot emigrasie geneë nie. Die land was welvarend en daar was genoeg werk. Dit was gewoonlik die minder bestendiges, die fortuinsoekers of die wat deur armoede of politieke en ander omstandighede daartoe gedwing is, wat hulle toevlug tot Kompanjiesdiens geneem het.

Tog het die Kompanjie 'n geleentheid aan die gewone man gebied om ook hoog te klim. Die Bewindhebbers het ~~later~~ na ~~nie 'n sisteem van gemaak om~~ stelselmatig belangrike poste net vir die adel en heersende klasse voor ~~te~~ behou nie. Eenvoudige seuns van burgers het deur bekwaamheid en karakter tot die hoogste posisies geklim. Daarvan getuig niemand minder as Jan Pieterszoon Coen nie en, in ons eie geskiedenis, Ryk Tulbagh. Dat manne van durf en ondernemingsgees dus ook tot die Kompanjie getrokke was, ly geen twyfel nie.

Dit is kortliks die beleid en strewe van die Oos-Indiese Kompanjie wat vir byna honderd-en-vyftig ~~150~~ jaar in Suid-Afrika sou regeer en dit is die mense wat, onbewus, die hoë roeping om

/die

(7) o.a. Fryke, Holsbergen, Mentzel, Sparrman, Theal, Dominicus.

die blanke beskawing in Suid-Afrika te vestig, sou vervul.

# HOOFSTUK III.

## MUSIEK OP DIE SKEPE.

Tafelbaai was die plek waar alle skepe van die Kompanjie moes aandoen. Daar was dus gedurige kontak met skeepsvolk en vir 150 jaar het die Kaap op die manier voortdurend voeling gehou met die kultuur en gedagtelewe van die Hollandse matrose.

Reisbeskrywings uit die periode vertel uitvoerig van die lewe aan boord en derhalwe kan ons min of meer vasstel watter rol musiek op die skepe gespeel het. Vanweë die feit dat die beskrywinge baie ooreenstem, hoewel hulle soms sowat as 'n honderd jaar uitmekaar geskryf is, word bewys dat toestande gedurende die hele periode 1650-1800 baie min verandering ondergaan het.

Van Kolbe verneem ons(1) dat, wanneer die tyd nader vir die skepe om na die Ooste te vertrek, daar vir drie agtereenvolgende dae met trommels deur die strate van Amsterdam gemarsjeer word om alle inskepelinge te waarsku om hulle binne 24 uur aan boord te begewe. Ons sal nog sien dat tromelslae die gebruiklike oproepteken vir allerlei doeleindes was.

Die instruksies van Here XVII aan Koopmanne en skeeps-kapteins, gedateer 3 Maart, 1696, sluit die volgende twee punte in: (a) Niemand mag afwesig wees van die godsdiens-oefeninge nie, of dit verwaarloos deur dronkenskap; (b) Kapteins moet die boeke wat deur die Kompanjie aan hulle verskaf is, aan die manne uitdeel; elkeen moet 'n Testament en 'n Psalmboek kry, of sulke ander boeke as wat beskikbaar mag wees(2). Hierdie instruksies is noukeurig nagekom en elke skip is voorsien van 'n siekestrooster, wat ook voorleser en voorsinger was en oor die algemeen as kerklike beampte opgetree het. Dikwels was daar ook 'n predikant aan boord.

/Die

(2) Leibbrandt: Precis - Letters Rec. 1695-1708 bl.106.
(1) Kolben: Vollständige Beschreibung bl.669.

Die instruksie van 1696 is egter maar net 'n hernuwing van 'n vaste gebruik van baie jare. Fryke[3] vermeld ook godsdiensoefening soggens en saans en voeg daaraan toe dat die wat afwesig is, bywyse van straf hulle wyn- en brandewynrantsoen verbeur.

Die breedsprakige Kolbe verstrek die uitvoerigste beskrywing van die bidstonde[4]:

> "Endlich dienet auch die obgedachte Glocke (skeepsklok) die Beth-Stunden damit anzukündigen -- wie denn solches täglich zweymal, nemlich das Morgens und Abends vor dem Essen auf specialen Befehl der Illustren Compagnie geschehen muss, als welche zu dem Ende so viel in Noten gesetzte Reformirte Nieder-Teutsche Psalmbücher an den Capitain mitgiebet dass er jedweden seines Volckes eines umsonst geben und austheilen kan und muss. ------ In dieser Beth-Stunde müssen alle, die Kranckheits oder ander nöthigen Verrichtungen wegen können, unumgänglich erscheinen, sie mögen auch zuthun haben was sie wollen. ----- Der Anfang wird die Woche über mit Betoung des Morgen-Seegens und Lesung eines Capitels aus der Bibel gemacht, der Schluss aber geschiehet mit Absingen eines Psalms, wobey sich alle Anwesenden sich sehr devot und aufmercksam müssen bezeugen."

Op Sondae was die dienste heelwat langer en het hulle meer sang en 'n preek ingesluit[5]. Verskeie ander skrywers beaam hierdie beskrywings van Kolbe[6].

Gewyde musiek, d.w.s. die psalms, was dus tweekeer per dag op alle Hollandse skepe gesing deur almal aan boord. Vir die doel is psalmboeke met note aan alle skeepsopvarendes uitgedeel. Afwesigheid van die bidstonde is gestraf. Dus het die Gereformeerde Psalms van Holland 'n belangrike plek gehad ook in die musiek op skepe.

Uit verskeie bronne[7] verneem ons dat elke skip van ten minste twee musikante voorsien was nl. 'n trompetter en 'n tamboerslaer. Die trompetter was 'n man van aansien en het onder die offisiere getel met 'n salaris van 20 gulde per maand.[8] Die tamboerslaer het dieselfde status as 'n

/soldaat

(3) Fryke: A Relation of two several Voyages, bl.8.
(4) Kolbe: Vollständige Beschreibung bl.22-23.
(5) Ibid.
(6) Mentzel (V.R.S.2) bl.34; Fryke bl.234; Bolsbergen: Tydens de O.I.C. Hoofstukke I & II.
(7) Kolbe, Mentzel, Kaapse Argiefstukke ens.
(8) Mentzel: Life at the Cape bl.160.

soldaat gehad met ʼn salaris van 9 gulden per maand.

Die werksaamhede van die twee musikante word uitvoerig deur Kolbe beskryf(9). Die pligte van die tamboerslaer is eerstens om deel te neem ~~aan die omruil~~ van die wagte smôrens en saans en om kennis te gee van allerlei ander geleenthede wat op die skip mag plaasvind. Verder moet hy kennis gee van die nadering van vreemde skepe en die nodige seremoniële tamboerspel lewer wanneer vreemde besoekers op die skip verkeer.

Die amptelike pligte van die trompetspeler is om die dag aan te kondig met die melodie "Aus meines Hertzens Grunde" en die nag met "Nun ruhen die Wälder". Hy moet ook die etenstye met trompetspel aankondig en tree saam met die tamboerslaer op wanneer vreemde skepe nader of besoekers aan boord kom.

Hiermee het ons ʼn oorsig gegee van al die musiek wat van owerheidsweë op die skepe vereis is. Dit sluit in gewyde sang by die daaglikse godsdiensoefeninge en seremoniële musiek op tamboer en trompet by verskillende aangeleenthede. Die musikante wat vir die uitvoering hiervan verantwoordelik was, was die siekentrooster-voorsinger, ʼn trompetter en ʼn tamboerslaer, al drie besoldigde amptenare van die Kompanjie. Van die musiek wat uitgevoer is, weet ons net die volgende juiste besonderhede: die psalms wat gesing is, was dié van die Gereformeerde Kerk, d.w.s. die wysies van die Geneefse Psalmboek met waarskynlik die Nederlandse psalmberyming van Datheen (sien vorige hoofstuk), en twee van die melodieë wat op die trompet gespeel is, is "Aus meines Hertzens Grunde" en "Nun ruhen die Wälder".

Naas hierdie offisiële musiek was daar egter heelwat onoffisiële, en dus meer spontane musikale /bedrywigheid

(9) Kolbe: Vollständige Beschreibung bl.12-13.

bedrywigheid op die skepe. In verband met verskillende werksaamhede, skryf Mentzel(10):

"When men are engaged on any hard tasks, and especially on any in which it is necessary to move rhythmically together, a little chant is sung. To the new arrivals this chant sounds very strange, but it is most useful especially if all the men have to pull together. Thus for example, when the top sail is being hoisted, one of the boatswains sings:

Au-o! set op.
Au-u! het op,
Au-u! hogher op etc.

Each hard task has its own special song".

Molsbergen(11) vermeld ook hierdie arbeidsliedjies en voeg daaraan toe: "men was toe erg zingerig en dichtlustig". Hy noem elders(12) ook 'n ander lied van dieselfde aard:

"De chirurgijns, Meesters genoemd, hadden de handen vol als de scheepsjongens de zieken, die nog gaan konden, opriepen al zingende:

'Kreupelen en blinden,
Komt, laat je verbinden
Achter de mast zul je den meester vinden'.

Met als ~~slot~~slot:-

'Als de meester komt om z'n geld te halen,
Moet je hem met breekijzers en stokslagen betalen'".

Dan was daar die ~~seremonie met die~~ omruil van die wagte. Dit word deur 'n hele aantal skrywers beskrywe(13) en kan as volg saamgevat word: Die skeepsbemanning was in twee ~~dele verdeel~~, wat die name van Prins-kwartier en Graaf Maurits-kwartier onderskeidelik gedra het. Hierdie twee kwartiere moes snags om die beurt ~~vir~~ vier uur elk wagstaan. Die omruil van ~~die~~ wagte het met heelwat seremonie gepaard gegaan, waarby 'n lied gesing is, -- ~~dit is~~ agt strofes lank en begin:

"Hier zeylen wy met God verhoven,
God wil ons onse Sonden vergeven,
Al onse Sonden en misdaed.
God wil ons goede Schip bewaeren,
Met alle die lieden daerin vaeren.
Voor Zee, voor Sand, voor Vyer, en Brand,
Voor de Helsche boose Vyand,
Voor alle quaed ons God bewaere".

Teen die einde kom die volgende voor:

/"En

(10) Mentzel: Life at the Cape bl.32.
(11) Molsbergen: Tydens de O.I.Compagnie bl.7.
(12) Idem bl.11.
(13) Mentzel: Life ens. bl.34; Fryke bl.231; Trotter: Old Cape C.bl.253; Leibbrandt: Rambles bl.196; Molsbergen: Tydens de O.I.C. bl.8.

"En laat je glazen (= zandloopers) niet stille staan,
Wij willen zoo gaarne naar kooi toe gaan".

Die lied is deur die kwartiermeester en 'n paar matrose gesing om die volgende wag te wek.

By alle soorte take was daar dus gesing, 'n gebruik wat seker veel daartoe bygedra het om volkeliedere ~~van hierdie soort~~ te laat woeker en lewe. Die sanglus wat hierdeur gewek is sou wel ook ~~bevrediging~~ in ander rigtings gesoek het.

Naas die werkliedjies vind ons dat musiek ook 'n ereplek gekry het in die ontspanning aan boord. Daar was allerlei geleenthede wat die skeepsvolk feestelik gevier het, soos byvoorbeeld wanneer hulle die Spaanse See veilig deurvaar het, die Neptunus-feeste met die kruising van die ewenaar, die veilige omseiling van die Kaap en so meer. By hierdie geleenthede het dit vrolik toegegaan, wyn en bier het gevloei, musiek het opgeklink, daar was gedans en allerlei spele is gespeel, sommige waarvan net erg ru en grof was(14).

Maar die feeste was nie die enigste geleenthede vir ontspanning nie. Mentzel sê(15) dat die bemanning van 6 tot 8 n.m. in gereedheid moes wees om enige skielike weersverandering, wat teen sononder maklik voorkom, die hoof te bied. As dit mooiweer bly, mag hulle ontspan en baie van hulle maak gebruik van die kans om musiek te maak.

Ter aanvulling hiervan haal ons uit Kolbe aan(16):

> "Hat aber der Capitain bey schönen Wetter und guten Wind selbsten vor sich eine Lust zu machen, ausser welcher Zeit, wie sich leicht einzubilden, wenig an die Lustbarkeit gedacht wird, so bedienet er sich seines Trompetters und lässet sich eine Runde aufblasen; und weil selten ein ganzes Schiffs-Volck wird anzutreffen seyn, unter welchem keine Liebhaber der edlen Music solten gefunden werden, so brauchet man auch diese zur Lustbarkeit mit; ja

/sie

(14) Sien Kolbe: Vollständige Beschreibung bl.12.
(15) Mentzel: Life at the Cape bl.34.
(16) Kolbe: Idem bl.12/13.

> "sie selbsten setzen sich oftmals zusammen, und machen sich ein lustiges Stückchen, hier mit Violinen, dorten mit Hautboisen, jenseits mit Flöten, und an einen andern Ort mit einer Vocal-Music auf; so dass es bey schönen und angenehmen Wetter auf einem Schiffe viel lustiger zugehet als bey dem fröhlichsten Gastmahl am Lande; massen man dabey eben so wohl tanzet und springet, isset und trincket, als bey einer Bauern-Hochzeit: ja es werden dann und wann, nachdem bequieme Leute zu finden, auf denen Schiffen gar Comoedien gespielet".

Ook die trommalslaer is bygehaal vir die vrolikheid en was vir sy moeite beloon met 'n slukkie brandewyn of 'n sopie Spaanse wyn.

Dat dié musiek dikwels die stempel van die matrose-lewe en matrose-mentaliteit gedra het is ook verstaanbaar. In 1717 kla Ds.Rennet byvoorbeeld by die Kaapse Politieke Raad dat die kaptein van die "Westerdykshorn" onkuise liedere maak en die bemanning dit laat sing. Hy voel veral gebelg omdat sy dogter in die liedjies beswadder word(17). Dat dergelyke liedjies dikwels voorgekom het en baie gewild was, ly geen twyfel nie.

Musiek het dus ook nie ontbreek by die ontspanning aan boord nie. As ons Kolbe kan glo, was daar dikwels instrumentaliste onder die skeepsvolk te vinde wat, ~~gesamentlik geneem,~~ 'n hele verskeidenheid instrumente kon speel. Die strekking van die aanmerkings van aangehaalde skrywers, dui aan dat die ontspanningsmusiek van die matrose hoofsaaklik uit dansmusiek en volksliedjies, dikwels van verdagte inhoud, bestaan het. Musiek van 'n hoër gehalte, wat om die musiek onthalwe uitgevoer word, was seker baie selde onder hulle te vinde.

Onder die skeepsvolk van die Oos-Indiese Kompanjie het musiek dus floreer. Twee keer per dag was hulle verplig om van die Hollandse psalms te sing onder leiding van die sieketrooster-voorsinger. Op elke skip was daar twee voltydse /musikante,

(17) Leibbrandt: Precis - Requesten Deel 1 bl.359.

musikante, 'n trompetter en 'n tamboerslaer, wat allerlei seremoniële musiek gelewer het en ook meegehelp het met die vrolikheid gedurende ontspanningsure. Werksliedere het welig getier onder die matrose, hulle het 'n lied vir elke taak gehad.

Instrumentaliste wat viool, fluit, hobo, trompet en tamboer kon speel, was onder hulle te vinde en musiek het 'n belangrike rol gespeel by hulle ontspanning. Gesamentlike sang, waarby volksliedjies, seeliedjies, liedjies van verdagte inhoud en koggelliedjies seker die hoofdis gevorm het, was populêr. Dans en dansmusiek was ook baie gewild.

Hierdie soorte musiek sou dus gedurig in Kaapstad van die matrose en ander skeepsvolk gehoor word, veral as ons in aanmerking neem dat hulle op land gewoonlik baie plesierig was en genoeg tyd gehad het vir ontspanning. Verder wil ons net weer beklemtoon dat die toestande soos hierbo geskets, steek hou vir die hele periode 1652-1800.

## HOOFSTUK IV.

## DIE PERIODE 1652-1700.

### A. ALGEMENE OORSIG:[1]

Op Saterdag 6 April, 1652, het die skepe „Dromedaris," „Reijger" en „Goede Hoope" Tafelbaai binnegevaar en die volgende aand het Kommandeur Jan van Riebeek aan wal gestap. Hy was onder opdrag om 'n verversingstasie te stig waar skepe, wat tussen Holland en Batavia vaar, kon aandoen. Vir die doel is hy voorsien van sowat 116 volgelinge, waaronder smids, messelaars, skrynwerkers, kleremakers, tuiniers, vissers en soldate te vinde was. Hy moes 'n fort bou, groentetuine aanlê en vee handel van die Inboorlinge.

Van Riebeek was 'n man van energie, 'n ywerige en troue dienaar van die Kompanjie. Hy het sy bes gedaan om sy opdragte so naarstig en gou as moontlik uit te voer. Hy moes egter dadelik uitvind dat ons beoogland hom nie maklik laat bedwing nie. Moeilikhede met die inboorlinge en wilde diere was van die staanspoor ondervind, terwyl die nuwe woeste land met sy vreemde, skerpwisselende klimaat ook nie maklik geteem kon word nie.

Daar is dadelik aan die werk gespring om 'n fort te bou en 'n onderdak te skep. Die Hottentotte is vriendelik behandel en aangelok tot veeruil en met die eerste reëns is ~~[illegible]~~ 'n groentetuin aangelê. Maar was egter baie moeilikhede en ontberings uit te staan, insluitende hongersnood, voordat 'n mate van gerustigheid bereik is.

Groot ontevredenheid het onder die manskappe geheers en verskeie van hulle het tevergeefs probeer om te dros. In 1655 skryf Gijsbert Heeck:

> "Ick sien die hier voor slecht soldaet en matroos aen landt comen te leggen, en hebben't niet vant beste; want sy moeten daglijcx swaren arbeijt doen, sommige met steen te maken en te breken, andere

/met

(1) Hierdie oorsig is gebaseer op Theal en die se werke oor die Geskiedenis van Suid-Afrika.

"met calck branden, van groote perlemoer schelpen die hier genoegh langs strandt leggen, en andere weer met hout hacken, sagen, bereijen, uit bosch halen, en diergelijcke arbeijt"(2).

Dit gee vir ons ŉ blik op die heersende ontevredenheid en ook op die soort werk wat daar verrig moes word.

Nietemin het die nedersetting so fluks gevorder dat die eerste vryburgers in 1657 plase ontvang het. Daarmee is ŉ begin gemaak met ŉ vaste bevolking aan die Kaap. In 1658 is ook die eerste negerslawe ingevoer om te help met die landbou. Teen die einde van Van Riebeeck se bewind was die eerste algemene oorlog teen die Hottentots al agter die rug en was die nedersetting beveilig met ŉ doringbos-heining. Die boerdery het taamlik flink gevorder, die koloniste was goed voorsien van vee en het in getalle vermeerder.

Die twintig jaar wat gevolg op Van Riebeeck se vertrek is gekenmerk deur onrustigheid, veroorsaak deur die oorloë waarin die moederland betrokke was. Groot garnisoene van gemiddeld 300 man is aan die Kaap gehou, ŉ aantal kommandeurs en goewerneurs het mekaar vinnig opgevolg en ŉ begin is gemaak met die bou van die kasteel. Teen 1672 is die nedersetting uitgebrei na Hottentots-Holland en Tierberg en in 1679 het die eerste veeboere plase in dieselfde omgewing gehuur.

In 1663 is die eerste skool vir blanke en slawekinders gestig, onder leiding van die sieketrooster. Die bevolking van die Kaap was nie voor 1665 groot genoeg om ŉ predikant te hê nie en tot daardie datum het die sieketrooster alle godsdienstige werk waargeneem. In 1672 was daar 64 vryburgers met 39 vrouens, 65 kinders en met 53 knegte in hul diens, terwyl die Kompanjie beamptes en garnisoen 370 getel het. Uitbreiding was dus baie geleidelik gedurende die eerste 20 jaar van die nedersetting se bestaan.

Onder die bewind van Simon van der Stel het die

/nedersetting

(2) Fouché: Uit die Joernaal van Gijsbert Heeck, bl.7.

nedersetting egter in die laaste twintig jaar van die 17e eeu tot 'n welvarende kolonie gegroei. Die idealistiese goewerneur het groot planne gehad om hier aan die Suidhoek van Afrika 'n sterk Nederlandse volksplanting te vorm. Binne 'n maand na sy aankoms aan die Kaap het hy Stellenbosch gestig, 'n nedersetting wat so vinnig uitgebrei het dat daar in 1682 reeds 'n raad van heemrade en in 1683 'n skool gestig is.

Stellenbosch het weldra ook 'n kerk, 'n landdros en 'n hele paar publieke geboue gekry. Van der Stel het immigrasie baie aangemoedig en was hierin gesteun deur die Here XVII. In die tagtiger jare is 'n aantal weesmeisies uit Amsterdam ook na die Kaap gestuur en op die manier het die koloniste geleidelik vermeerder, sodat in 1687 nog 'n nuwe distrik Drakenstein oopgestel is.

Die koms van die Hugenote in die jare 1688-1690 het egter die grootste uitbreiding meegebring. Om te verhoed dat die kolonie verfrans, het die direkteure saam met die Franse ongeveer net soveel Hollanders ook uitgestuur. Die Franse was ervare landbouers, veral wynbouers, en het veel tot die bevordering van landbou in die kolonie bygedra. Nadat hulle aanvanklik hard probeer het om hulle identiteit te behou, is hulle deur verskeie maatreëls uiteindelik heeltemal verafrikaans, sonder dat hulle veel kulturele invloed nagelaat het. Hulle het egter gesorg dat daar in 1682 'n skool in Drakenstein gestig is en in 1691 is hulle ook toegelaat om hulle eie gemeente te stig.

Teen 1700 het die kolonie dus al 'n groot gebied beslaan wat in drie afsonderlike gemeentes verdeel was. Die koloniste was welvarend, daar was geen rykes en geen armes nie. Die land het soms genoeg koring opgelewer om 'n klein hoeveelheid uit te voer. Kaapstad het al die voorkoms

/van

van h dorp gehad met reëlmatige strate en netjies geboude huise.

Daar was in 1691 sowat 1000 koloniste (vrouens en kinders ingesluit) wat by die 400 slawe besit het. Oor so h uitgestrekte gebied het dit egter op h baie dun bevolking neergekom. Die gehuggies Drakenstein en Stellenbosch was so klein dat daar nie veel sprake van sosiale omgang kon wees nie. Kaapstad self het egter al heelwat sosiale lewe ~~[illegible]~~ waaraan die vryburgers ook h deel gehad het.

Naas die blankes was die gebied bewoon deur die Hottentots, wat nie baie talryk was nie, en die slawe. Teen 1700 het die slawe hoofsaaklik uit negers van Madagaskar en elders bestaan. Naas hulle was daar h groep Oosterlinge wat as politieke bannelinge in die land vertoef het. Hulle was dikwels van hoë rang, soos Sech Josef, en was vergesel van bediendes. In 16[illegible]7 het daar egter 190 slawe van die Ooste aangekom. Hulle het ongeveer 10% van die totale slawebevolking van die Kaap gevorm. Daar was dus nog baie min Oosterse slawe aan die Kaap.

Gedurende die laaste jare van die agtiende eeu het gemiddeld sowat 40 skepe per jaar die Kaap aangedoen teenoor 25 per jaar in die jare 1652-1662. Die skepe het van een tot drie weke aan die Kaap vertoef om voorrade in te skeep en siekes h kans te gee om te herstel. Dikwels is siekes agtergelaat en met manne uit die Kaapse garnisoen vervang. Op die manier het die garnisoen gedurig gewissel.

Vryburgers is toegelaat om die skeepsvolk te herberg en ook om van die derde dag na hul aankoms produkte aan skepe te verkoop. h Aantal kroeë is gestig wat druk besoek is deur skeepsvolk en koloniste. Op die manier is gedurige kontak met skeepslewe en skeepskultuur behou.

## B. GODSDIENSTIGE MUSIEK:

In Hoofstukke II en III het ons reeds daarop gelet dat godsdienstige musiek die enigste musiek was wat werklik baie beoefen was in Nederland en dat die sing van Psalms deel was van die daaglikse godsdiensoefening op die skepe. Die Psalms moes dus aan almal bekend gewees het en 'n besondere plek in elke persoon se musikale besit ingeneem het.

Dit was die Kompanjie se beleid om die Gereformeerde Godsdiens te bevorder in al sy besittings (sien Hoofstuk II). Aan die Kaap was dit ook die geval. Saam met Van Riebeek het ook 'n sieketrooster W.B. Wylant gegaan, wat verantwoordelik was vir die Godsdiensbediening(3).

Die eerste preek aan die Kaap de Goede Hoop is op Sondag die 12e Mei, 1652 gelewer deur Ds.Joannes Backerus, predikant op die skip "Olifhant", by welke geleentheid die Heillige Nagmaal ook vir die eerste keer bedien is(4). Dienste deur predikante waargeneem, waarby die Sakramente ook bedien kon word, het maar selde voorgekom.

Net soos op die skepe is daar ook aan wal daagliks godsdiens gehou. In die Kerkorde vir Oos-Indië het die Kompanjie in 1643 aan die sieketroosters of cranckenbesoeckers opgedra dat hulle "in het huys van den generaelen ontfangh -- des avonts, ter bestemder tijt en plaetse, het gebeth te doen ende een vaers uyt de Psalmen Davits te singen; ten anderen buyten inde kerck, wanneer aldaer gepredickt sal worden, voor te lesen ende te singen; --"(5). Verder moet hulle ook opgedra "in't sieckenhuys 's morgens ende des avonts een capittel uyt Godts Woort te lesen ende een vaers te singen"(6).

Dieselfde prosedure as op die skepe is dus ook aan land gevolg. Bywoning van die daaglikse en Sondagse

/godsdiensoefeninge

(3) Spoelstra: Bouwstoffen Deel I, Bl.3
(4) Idem Bl.5.
(5) Idem Deel II, bl. 594.
(6) Leibbrandt: Precis - Letters & doc.rec. 1649-62, Deel II, bl.365 & 369.

godsdiensoefeninge was vir die Kompanjiesvolk verpligtend en reeds op 9 en 14 Oktober, 1652 het van Riebeek plakkate uitgevaardig waarin afwesigheid van die godsdiens strafbaar gemaak is[7].

In sieketrooster Wylant se eerste brief aan die Klassis Amsterdam, gedateer 20 April, 1655, lui dit dan ook: "Die maniere vant houden van den godsdienst is dat wij alle avonden, wanneer het volck gegeeten heeft, het avondgebedt doen mit een veers twe ofte dree toe singen......"[8]. Dergelyke godsdiensoefeninge sou vir 'n baie lang tyd voortduur.

Reeds van sy stigtingsuur het die Gereformeerde psalms met hul Franse musiekoorsprong dus daagliks uit die mond van blanke Suid-Afrika opgeklink.

Tot 1665 is die Sondagdienste ook deur die sieketrooster of deur predikante van deurvarende skepe waargeneem. In daardie jaar is 'n vaste predikant vir die Kaap aangestel, en op Sondag 4 Julie, 1666 is die eerste hout kerk op die plein van die nuwe kasteel ingewy. Die kerk is in 1678 weer gesloop en 'n nuwe kerkgebou van klip is eers in 1703 voltooi[9]. Met die koms van 'n vaste predikant het die sieketrooster nog die amp van voorsinger en voorleser bly beklee.

Daar is nêrens enige aanduiding dat die psalms by die eredienste met begeleiding gesing is nie. Dit is ook onwaarskynlik dat enige begeleiding gebruik was, aangesien selfs orrelbegeleiding in die moederland deur die Calviniste van die tyd nie te gunstig bejeën is nie. Ons het ook reeds vroeër (Hoofstuk II) daarop gewys dat slegs die psalms in die Gereformeerde kerk geduld was. Onbegeleide gemeentelike sang, gelei deur die sieketrooster, was dus die enigste musiek wat tot 1700 by die eredienste aan die

/Kaap

(7) Leibbrandt: Precis - Letters & Doc.rec.1649-62, Deel II, Bl.365, 369.
(8) Spoelstra: Bouwstoffen, Deel I Bl.3.
(9) Theal: History and Ethn. of Africa before 1795 bl.418.

Kaap in gebruik was. Dit geld ook vir die gemeentes van Stellenbosch en Drakenstein wat later gestig is.

Die koms van die Hugenote in 1688 het waarskynlik die kerksang ten goede gekom. Geloofsgenote, maar nie taalgenote van die koloniste nie, kon hulle ten minste saam sing, aangesien hulle dieselfde wysies gesing het. Vermoedelik was hulle ook baie ywerige psalmsangers want die psalms was vir hulle ŉ bron van inspirasie in hulle geloofstryd en Psalm 68 het byvoorbeeld vir hulle as strydlied gedien. Die Hugenote sou dus bygedra het om aan die psalmsang ŉ belangriker plek in die musiek van die tyd te gee.

Ook in die onderwys het psalmsang ŉ ereplek gekry. In die omskrywing van onderwysers se pligte in die Kerkorde vir Oos-Indië van 1643, word neergelê: "Het ampt van de schoolmeesters is vooreerst de jonge jeucht de vreese des Heeren in te scherpen, haar t'onderwijsen in de fundamenten van de Christelijke religie, haar te leeren bidden, singen, met haer te kerck te gaen......" en ook "voor het uytgaen van de schoole van een van de kinderen het geboth te laeten doen, mitsgaders een psalm te singen....".(10).

Hieruit sien ons dat psalmsang een van die vakke op skool was, en ook dat die skole onder bestuur van die kerk geplaas is. Die skoolmeesters was gewoonlik die sieketroosters, wat ook voorsingers in die kerk was(11). Die eerste skool vir blankes is in 1663 in Kaapstad gestig, in 1683 het Stellenbosch ŉ skool gekry, en Drakenstein in 1689. Dit was ook die enigste skole vir blankes tot 1700(12) en in al drie skole was godsdiensonderrig die hoofsaak, met spesiale klem op psalmsang.

Die skole was nie die enigste manier om aan die

/jeug

(10) Spoelstra: Bouwstoffen Deel II bl.395.
(11) Sien ook du Toit: Onderwys aan die Kaap.
(12) Idem bl.58.

jeug onderrig te besorg nie. 'n Groot aantal koloniste het so ver van die skole gewoon, dat hulle kinders dit nie kon bywoon nie. In sulke gevalle is daar dikwels gebruik gemaak van privaat onderwysers. In sy verhandeling oor Onderwys aan die Kaap onder die Kompanjie het Dr. du Toit 'n hele hoofstuk aan die vroegste "boereskoolmeesters" gewy (bl.6[illegible]-90), waarna ons graag hier verwys.

Vanaf 1664 was daar blanke knegte in die volksplanting aanwesig. Hulle was soldate wat verlof gekry het om hulleself aan die koloniste te verhuur. Hoewel die regering vireers net gesorg het dat alleen belyers van die Gereformeerde geloof sulke verlof kry, het dit tot 1692 geduur voordat hulle aangedring het op skriftelike kontrakte tussen werkgewer en werknemer. Voor hierdie datum het ooreenkomste mondeling geskied en is geen juiste informasie dus beskikbaar nie.

Uit die kontrakte van na 1692 is egter vas te stel dat godsdiensonderrig by die boereskoolmeesters ook die hoofsaak was. Dus sou die psalms ook op hierdie manier aan die jeug geleer gewees het.

Benewens die skole vir blankes, was daar ook skole vir slawe. Reeds met die koms van die eerste slawe in 1658 is dadelik 'n begin gemaak om hulle in godsdiens te onderrig. Later is slawe ook tot sommige blanke skole toegelaat. Op die manier was die psalms ook die eerste Europese musiek wat aan die slawe geleer is. In die dagverhaal vir 1663 lees ons dat die nuwe sieketrooster, Ernestus Back, behalwe sy gewone pligte ook groot ywer aan die dag lê om Hollandse en swart kinders te katkiseer en te leer skryf(13).

Huisgodsdiens onder die burgerlike bevolking, wat later so belangrik sou word, word in die geskrifte van hierdie tyd selde vermeld. Die gebrek aan vermelding hoef egter nie aan te dui dat dit nie bestaan het nie.

/Hoewel

(13) Leibbrandt: Precis - Journal 1662-70, bl.83.

Hoewel dit in die eerste jare van die bestaan van die burgergemeenskap nie baie nougeset nagekom is nie, wil dit voorkom asof dit tog voor die einde van die eeu al 'n vaste instelling was.

In die eerste jare was die lewe aan die Kaap maar taamlik ru en godsdiens het nie veel aandag van die mense uit eie beweging geniet nie. In 1656 het van Riebeek almal gewaarsku om nie soos swyne te eet sonder om vooraf te dank nie en die geregsdienaar gelas om die mense wat hulle so gedra aan te keer(14). Die afwesigheid van 'n predikant en kerkraad, met daarmee gepaard gaande huisbesoeke, het sulke lakseid onbelemmerd laat botvier.

Die toestand sou egter geleidelik verbeter en die owerheid het hom ook vir die saak beywer. Toe Simon van der Stel in 1685 sy reis na die Koperberge afgelê het, het hy daarvoor gesorg dat daar elke môre en aand 'n psalm gesing is, 'n hoofstuk uit die Bybel gelees en gebed gedaan is. Met uitsondering van die veewagters moes almal by die geleenthede teenwoordig wees(15). Die nakom van huisgodsdiens was ook iets waartoe die Hugenote waarskynlik veel bygedra het.

OPSOMMING: Godsdienstige musiek het van die staanspoor af in Suid-Afrika, omstandighede in ag geneem, het so 'n belangrike plek in die alledaagse lewe en die eredienste ingeneem as in enige ander Gereformeerde land. Die Psalms, die enigste geoorloofde liedere, was sonder begeleiding by die erediensten, die daaglikse godsdiensoefening en mettertyd by die huisgodsdiens gesing. Op skool was die aanleer van Psalms 'n belangrike vak, ook in die slaweskole. Die Psalms was dus ook die eerste Europese musiek wat aan die slawe en some die Hottentots geleer is.

/Die

(14) Theal: History of S.A. before 1795. Deel II.
(15) Theal: Chronicles of Cape Commanders bl.241.

Die Gereformeerde psalms was die mees algemeen bekende en gereeld beoefende musieksoort. As faktor by die vorming van die Afrikaanse musiekgedagte, het hulle dus 'n belangrike rol gespeel.

## C. SEKULÊRE MUSIEK: (1) AMPTELIKE MUSIEK BY DIE KASTEEL.

Die eerste godsdienstige musiek aan die Kaap was maar net 'n voortsetting van wat op die skepe in gebruik was. Op ander gebiede was dit ook die geval, byvoorbeeld die eerste regering was ook maar dié van die drie skepe waarmee die setlaars na Suid-Afrika gereis het.

Ons sou dus verwag dat die musiek en musikante ook van die skepe af na die land oorgeplaas is. Ongelukkig is daar geen gegewens om aan te dui watter musikante op die drie skepe Drommedaris, Reijger en Goede Hoop was nie. In Hoofstuk III het ons gesien dat daar altyd 'n tamboerslaer en dikwels 'n trompetter op skepe te vind was. Daar sou dus drie tamboerslaers en moontlik een of twee trompetters aan die Kaap aan wal gestap het.

Indien dit wel die geval was, het die meeste van hulle seker weer met hulle skepe vertrek. Tot ongeveer 1657 was daar net 'n enkele tamboerslaer aan die Kaap, wat Van Riebeek blykbaar as onmisbaar beskou het want, op die Bataafse Raad se bevel om die besetting van die Kaap te verminder, antwoord hy in Januarie 1655, dat hy 163 man nodig het, insluitende 1 tamboer[16]. In April van dieselfde jaar blyk ook uit 'n brief aan die Here XVII dat hy tenminste een tamboer as onmisbaar beskou[17]. Hy vermeld nie in een van die gevalle 'n trompetter nie.

Dit kon egter nie lank na hierdie datum gewees het dat die Kaapse garnisoen wel 'n trompetter gekry het nie.

/Rijckloff

(16) Leibbrandt: Letters despatched 1652-62, Deel 2, bl.17.
(17) Idem bl.69.

Rijckloff van Goens Snr. skryf op 16 April, 1657 in sy rapport aan die Bewindhebbers[18]: "Ick hebbe hier bevonden dat aan veel luijden particuliere tuijnen waeren vergunt, jae tot trompetter, smit.........Ick hebbe oock onsen Bottelier op Orangien gedeporteert, omdat hy aan de trompetter voor wat wortelen enz. 40 lb. broot vermangelt ende van de Compie gestolen hadde....." Hieruit blyk dat 'n trompetter reeds aan die Kaapse garnisoen verbonde was. Dit sou voortaan ook so bly, want in sy nagelate instruksies spesifiseer van Goens dat die garnisoen nie 'n honderd man moet oorskry nie en 1 tamboer en 1 trompetter moet insluit[19].

Daar was dus tot 1657 net een professionele musikant aan die Kaap, die tamboerslaer. In daardie jaar kom daar nog een by in die persoon van 'n trompetter.

In 1659 het daar moontlik nog 'n tamboerslaer bygekom. Daar was groot moeilikheid met die Hottentotte en alle burgers moes voortdurend gewapend gaan. "Soo is verstaen, opdat onder hun mede goede ordre ende regel g'observeert worde, deselve onder verscheyde officieren tot een compie schutters te formeren ...........met een sergeant 2 corporaels ende een tambour, die naer (uijtgesondert den tamboer) alle jaeren na de verkiesinge van de borgerraden oooq sal veranderen...."[20] Sou hierdie tamboer~~slaer~~ as sulks ook 'n voltydse amptenaar gewees het? Hoogswaarskynlik nie, want die burgermag het nie so dikwels opgetree dat dit nodig sou gewees het nie. Daar is twee moontlikhede: 'n tweede tamboer~~slaer~~ kon teen die tyd aan die garnisoen verbonde gewees het, wat dan, as deel van sy werk, saam met die burgermag moes optree; of dit kon 'n persoon met 'n ander nering gewees het, wat ook kon tamboer ~~speel~~.

Die twee moontlikhede skyn ewe sterk te wees. Op 15 Maart, 1661 "'s avonts is den tamboer van't fort, genaempt /Louys

(18) Leibbrandt: Letters and Documents received 1649-62. Deel 2, bl.291.
(19) Idem bl.234.
(20) van Riebeeck: Dagverhaal Deel III, bl.5[illegible].

Louys Isaaqs van Amersfoort, van een schielijke sieckte overleeden[21]" en op 16 April, 1662, "is overleden den tamboer, genaemt Huybert Roothoff, van Sluys in Vlaenderen[22]". Miskien was Roothoff die opvolger van Isaaqs, maar moontlik was hulle ook gelyktydig aan die Kaap, Isaaqs as "tamboer van't fort" terwyl Roothoff ander pligte vervul het, insluitende diens saam met die burgermag. Gegewens is te gebrekkig om hierdie saak met sekerheid vas te stel.

Die ander moontlikheid dat die tamboerslaer van die burgermag, - in moderne terminologie, 'n amateur was, is interessant vanweë die feit dat daar reeds tevore van die dienste van sulke amateurs gebruik gemaak is.

Ons het reeds daarop gewys dat alle moontlike pogings aangewend is om die Hottentotte tot veeruil aan te moedig. By een geleentheid vra van Riebeek die tolkin Eva of dit nie goed sou wees om 'n paar afgevaardigdes na haar swaer Oedasoa, een van die Hottentotkapteins, met 'n paar presente te stuur nie. Haar antwoord was beslis "ja" en "oocq een persoon of twee, die op de viool ende instrumenten (mede te dragen) coste spelen, als houdende daer seer veel aff, ende wes meer tot aenlocq ende vermaecq dienen mochte[23]".

So gesê, so gedaan, en toe die afgesante van hulle sending terugkeer, rapporteer hul bevelvoerder, die vaandrig Jan van Herwaarden: "Daarop na vereyschen van saken was g'antwoort, ende bij denselve den gantschen nacht over de vandrigh gerecreert, die desgelijcx met fioolspel hem oocq dede doen, ende verscheyde poetsen maecken door seecker soldaet, tot hun en al sijn volcx groot vermaecq, sonder veel als tegen den dagh wat te slapen[24]".

Die musiek het soveel tot die sukses van die onderneming bygedra, dat daar voortaan meer gebruik van

/gemaak

(21) van Riebeek: Dagverhaal Deel III, bl.567
(22) Idem: bl.749.
(23) van Riebeek: Dagverhaal Deel II bl.548.
(24) Idem: bl.556.

gemaak is. Op 30 September, 1660, kom h ander Hottentot kaptein Sousa "selffs met sijn scone vrouw ......binnen't fort gereden......wordende derhalven met kaes, vers broot ende suycker in een tinne schotel getracteert......item oock eens op de claversingal gespeelt, alle 't welcke hem wonderlijck aangenaem scheen....(25)". Twee weke later daag hy weer by die fort op en die keer was hy op "claversingel" en vioolmusiek getrakteer(26). Dieselfde onderskeiding het Oedasoa ook te beurt geval, toe hy op 4 November, 1660, h besoek aan die fort gebring het.(27) "Music hath charms!"

Hier duik dus nog twee instrumente op onder die bewoners van die Kaap, wat nog noulike soveel as die bemanning van h groot skip getel het. Met een viool word genoem en h "claversingel", waarskynlik h klawesimbaal. Maar wat sou Eva, h barbaar wie se kennis van die blanke berus het op wat sy aan die Kaap gesien het, bedoel het met "vioo ende instrumenten (mede te dragen)"? Watter ander instrumente verwys sy na? Dit laat ons vermoed dat daar nog meer instrumente onder die nedersetters te vinde was.

Naas die professionele tamboerslaer en trompetter moes daar dus verskeie amateur-musikante aan die Kaap gewees het. Dit versterk die moontlikheid dat die burgermag se tamboerslaer h amateur kon gewees het. Daar bly dan nog die verdere moontlikheid oor dat hy h tamboerslaer was wat vryburger geword het.

Dat daar in 1658 reeds vioolspelers aan die Kaap was, is nie verbasend nie. Ons het reeds gesien (Hoofstuk III) dat hulle op baie skepe aan te tref was. Die viool was in hierdie tyd (toe Stradivarius maar 14 jaar oud was) al baie gewild, veral vir die speel van dansmusiek.

Die "claversingel" ~~is~~ egter ~~h ander saak~~.

/Dit

(25) van Riebeek: Dagverhaal Deel III bl.415.
(26) Idem bl.416.
(27) Idem bl.434.

Dit was ŉ duur instrument, nie maklik vervoerbaar nie, met ŉ meganisme wat maklik onklaar raak en nie besonder geskik vir volksmusiek nie. Trouens, dit was ŉ instrument wat gewoonlik by ontwikkelde mense tuis gehoort het. Die feit dat so ŉ instrument in 1658 aan die Kaap gevind en bespeel is, is inderdaad verbasingwekkend.

Uit die mededelings omtrent die onthaal van die Hottentot-kapteins wil dit voorkom dat die claversingel in die kommandeur se eetkamer gestaan het en dat dit gebruiklik was om gedurende die ete daarop te laat speel. Dit stem ooreen met die destydse gebruike in Europa, waar hoëlui ook musiek tydens hulle ete laat maak het. Ons sal nog weer hierdie gebruik by die goewerneurs van die Kaap aantref.

Die vraag ontstaan nou of die „claversingel" aan Kommandeur van Riebeek behoort het en wie dit sou bespeel het? Juiste informasie ontbreek. Van Riebeek en sy vrou was altwee ontwikkelde mense met hoë ambisies (volgens Bolsbergen), en dit is heeltemal redelik om aan te neem dat hy so ŉ instrument sou aangehou het. Die instrument word ook nie weer na sy vertrek vermeld nie, wat die vermoede versterk. Wie die speler was, is nie vas te stel nie, maar as dit iemand uit die garnisoen was, is dit andermaal ŉ bewys van musikale bekwaamheid onder die groep.

Binne die eerste tien jaar van sy bestaan, tref ons dus al vier instrumente, ŉ tamboer, trompet, viool en „claversingel" in die Kaapkolonie aan, met vae aanduidings dat daar nog meer kon gewees het. Van die instrumente was seker net die viool onder die burgerlike bevolking gewild, aangesien die tamboer en trompet net vir militêre en seremoniële musiek geskik was. Die claversingel is reeds bespreek.

Die trompetter en tamboerslaer was professionele musikante, en dit is nodig dat ons nagaan wat hulle pligte was. Aangesien die musikante van die skepe na die land oorgeplaas is, is dit te verwagte dat hulle die musiek waarvoor hulle verantwoordelik was, ook saam met hulle sou

/gebring

gebring het, vir sover as wat dit aanpasbaar was by die omstandighede op land.

Informasie oor hul bedrywighede is maar skaars. Uit die Dag-Joernaal van die jare 1662-70 kry ons sulke meldings soos: "Before the reveille was beaten this morning....." "Public notice was given by beat of drum...." "Drums beaten and all crews ordered to embark...." ens.(28) Dit stem taamlik ooreen met wat in Hoofstuk III uiteengesit is oor die pligte van tamboerslaers aan boord.

Oor die musikale bedrywighede van die trompetter, is inligting veel skaarser. Toe Zacharias Wagenaer op inspeksie die nedersetting deurreis het, het hy die trompetter met hom saamgeneem(29). Hy vermeld egter nie waarvoor nie. Op 13 Julie, 1674 het die skip De Bouwerve Tafelbaai binnegevaar en onder kanongebulder, tamboergeklater en trompetgeskal die vrede tussen Engeland en Nederland aangekondig(30).

Die informasie is voorwaar maar skraal. Rede daarvoor is dat die mededelers, veral in amptelike stukke, net buitengewone dinge of sake van algemene belang vir die Kompanjie vermeld, en slegs af en toe die alledaagse terloops aanraak.

Die skrale inligting dui egter ilostjies aan dat die tamboerslaer en trompetter hulle skeeps+werksaamhede op land voortgesit het, sover as wat nodig was. As ons daarby in ag neem dat die pligte van die verskillende Kompanjiedienare duidelik omlyn was en gegeld het vir alle omstandighede, kan ons aanneem dat dit wel die geval was.

Die tamboerslaer sou dus uit die staanspoor deelgeneem het aan die seremonie met die omruil van die

/wagte

(28) Leibbrandt: Precis - Journal 1662-70, bls.163, 25[illegible], 2[illegible]5, [illegible]98, 301.

(29) Idem bl.90.

(30) Leibbrandt: Precis - Journal 1671-4 & 1676 bl.[illegible].

wagte by die fort, kennis gegee het van etenstye, werkstaaktye, die tyd vir inskeping van skeepsvolk, die uitvaardiging van plakkate, deelgeneem het aan die weeklikse parade op Sondae en so meer. Die trompetter se pligte was waarskynlik dieselfde, soos ook op die skepe. Verder sou hulle albei deelgeneem het aan die ontvangs en onthaal van hoë besoekers, soos die offisiere van die retoervloot, kommissarisse en ander. Op Fees- en vakansiedae, soos die vakansie na die vertrek van die retoervloot, Nuwejaar, die hoeksteenlegging van die Kasteel in 1666 ensovoorts, sou hulle ook moulike ledig gelaat gewees het. (Vergelyk dergelyke geleenthede op skepe). Ten slotte was die trompetter waarskynlik aan die Kommandeur se persoonlike staf, moes hom orals vergesel en seremoniële fanfares lewer om die waardigheid van die Kommandeur se amp te beklemtoon.

Af en toe kom ons die name teen van hierdie vroegste professionele musikante aan die Kaap. Ons het reeds die name van twee tamboerslaers genoem, Louys Isaacs wat in 1661 oorlede is en Huybert Roothoff, 'n Vlaming, wat in 1662 oorlede is. Op 6 Augustus, 1664 is trompetter Dirck Lampe na Robbeneiland verban weens sy roekelose lewe en weerbarstige gedrag, terwyl die tamboerslaer Arent Roelofse op 6 Desember, 1672 ter dood veroordeel is weens inbraak, diefstal en drostery. Slegs deur die dood of hul misdade het hulle name dus vir ons bewaar gebly.

Hoewel die aanstelling van Isbrand Goske tot goewerneur van die Kaap in 1672 'n tydelike verhoging van die status van die kolonie beteken het, is dit nie vas te stel of dit enige verandering in die musikale bedrywighede aan die Kaap meegebring het nie. Dit is egter heeltemal moontlik. Die moederland was in oorlog gewikkel,

/groot

groot garnisoene is aan die Kaap gehou en dit mag 'n vermeerdering in musikante beteken het. In 1676 het die Kaapse wapenvoorraad 115 tamboervelle, 2 nuwe tamboere met/hul toebehoorsels, 10 onbruikbare tamboerdromme, 4 geskikte tamboerdromme, 3 gebreide kalfsvelle, 100 tamboertoue en 5 tamboerstokke ingesluit(31) - genoeg voorrade vir 'n hele paar tamboerspelers. Geen definitiewe informasie is egter beskikbaar nie.

Na sowat 20 jaar van uiters karige inligting vind ons in die tyd van Simon van der Stel weer meer definitiewe melding van musiek en musikante. Valentyn skryf dat van der Stel hom in 1685 vertel het hoedat hy saam met 'n hele geselskap, wat dames ingesluit het, Tafelberg beklim en weer veilig teruggekeer het, omdat "nu en dan geschoten, dan eens een groot vuur gemaakt, ook somtyds eens wakker op trompetten geblazen, en opgetrommelt, en daar door al het wildt gedierte, dat daar ontrent wezen mogt, verjaagd wierd(32)".

Die swierige kommandeur was lief om/sy musikante hom te laat vergesel op sy reise. Hulle het hom ook vergesel na die Koperberge in Namakwaland en word dikwels vermeld in die dagboek wat van die reis gehou is. Op hulle reis het hulle aan een plek die naam Trompetters Doorndrift gegee(33). Op 'n goeie dag, kort na die beroemde petalje met die renoster, "quam wederom een Olifant, waar op de Ed.Heer Commandeur ordonneerde op de trompet te blaazen, en op den trommel te slaan, om hem te rug te doen wyken; waar van hy ook, zoo 't scheen, een weinig vervaart was"(34).

Twee dae later, op die 13e September, 1685, bereik hulle die sogenaamde Uilenberg. "Deze berg heeft een

/Echo,

(31) Leibbrandt: Precis - Journal 1671-4 & 1676, bls.271 & 280.
(32) Valentyn: Keurlike Beschrywing ens. bl.8.
(33) Idem bl.58.
(34) Idem bl.60.

Echo, dat men vertrouwt diergelijke noit sal gehoort worden, alzoo de zelve op't blaazen der trompet een menigte van weergalmen gaf"(35).

Hierdie mededelings word gekroon deur Père Tachard wat vertel dat, in 'n gesprek met die kommandeur, dit geblyk het dat "M. Vanderstell avoit amené avec luy deux Trompettes, quelques Hautbois, et cinq ou six Violins"(36). Dit is die eerste keer dat so 'n groot kombinasie van musikante, 'n ware orkes, vermeld word. Tachard is ook die enigste persoon wat dit vermeld, hoewel daar geen rede bestaan om sy vertroubaarheid in hierdie saak te betwyfel nie.

Ons het hier te doen met 'n kombinasie van 2 trompette, etlike hobo's en 5 of 6 viole. Daar moes ten minste 1 tamboerslaer by gewees het, aangesien ons hom in verband met die olifant se stormloop teegekom het. Dit is hoogs onwaarskynlik dat hierdie orkes voltyds aan die Kaapse besetting verbonde was. Die Kompanjie sou nie so 'n groot onkoste vir so 'n klein plekkie as wat die Kolonie indertyd was, gedra het nie. Met so min gegewens is dit ook moeilik om vas te stel wat die posisie was.

Hobo's word hier vir die eerste keer aan die Kaap aangetref. Ons sal nog vyftig jaar later 'n vaste blaasorkes, insluitende hobo's, aan die Kaapse garnisoen verbonde vind. Die moontlikheid bestaan dus dat hierdie hobospelers, of sommige van hulle, aan die garnisoen verbonde was. Dit is egter twyfelagtig. Die Kaap was pas ses jaar tevore tot 'n kommandeurskap herstel, in 1685 was die kolonie nog baie klein en die moontlikheid dat die Kompanjie so 'n groot orkes aan die Kaap sou toegelaat het, kan buite rekening gelaat word.

/Wat

(35) Valentyn: Keurlike Beschrywing ens. bl.60.
(36) Tachard: Voyage de Siam bl.106.

Wat veel moontliker lyk en ook waarskynlik is, is dat Simon van der Stel gebaat het by Van Riebeek se ervaring van 25 jaar vroeër, dat die Hottentotte baie lief is vir musiek. Bewus daarvan dat hy op sy reis nuwe Hottentotstamme sou ontmoet, wie se vriendskaplikheid die veehandel ten goede sou kom, het hy die grootste moontlike groep amateur-musikante bymekaargemaak en by die garnisoen se musikante gevoeg om 'n groter indruk te maak. Dit is die mees waarskynlike verklaring vir die aanwesigheid van die "orkes" op sy reis.

Van dié musikante was albei die trompetters seker aan die garnisoen verbonde. Die trompet was destyds 'n instrument met beperkte moontlikhede. Kleppe was toe nog onbekend en die instrument kon beswaarlik buite die toonsoort van sy grondtoon speel. Die beperkte aantal note wat beskikbaar was, was eintlik net geskik vir militêre musiek van die fanfare-tipe. Dit was dus nie 'n gewilde instrument onder gewone mense, wat meestal dans- en volksmusiek beoefen het nie. Daarom is dit twyfelagtig of die trompetter 'n amateur sou gewees het, tensy hy 'n gewese professionele musikant was wat vryburger geword het.

Met die hobo was dit anders gesteld. Dit was 'n instrument met veel groter melodiese moontlikhede en was al vir eeue lank gewild by die uitvoer van volksmusiek. Dit sou dus nie verbasend wees om 'n paar hobospelers onder die burgers van die Kaap aan te tref nie. Dieselfde geld vir die viole. Ons diagnoseer die saak dus as volg: by die tamboerslaer en een of twee trompetters van die garnisoen, het van der Stel 'n hele paar hobospelers en violiste, geneem uit die burgerlike bevolking of die soldate,

/gevoeg

gevoeg om sodoende die orkes wat Tachard beskryf, saam te stel. In elk geval weet ons met sekerheid, dat dié musikante aan die Kaap te vinde was.

Die vraag doem op: as van der Stel so 'n groep musikante kon bymekaar maak vir sy reis na Namakwaland, sou hy nie meer gebruik van hulle gemaak het nie? Sou hy die Heer van Mydrecht en ander hoë offisiere en besoekers sonder iets dergeliks onthaal het, of die jaarlikse kermis op Stellenbosch, wat hy in 1686 ingestel het, sonder die beskikbare musikante gevier het? Juiste informasie ontbreek feitlik heeltemal, maar dat van der Stel daartoe instaat en geneë gewees het, is noulike te betwyfel.

Hierdie musikante was in 1685 aan die Kaap, dus voor die koms van die Franse en die daarmee gepaard gaande aanwas van die populasie en voor die verhoging, andermaal, van die Kaap tot 'n goewerneurskap. Musikale bedrywigheid sou dus in die volgende 15 jaar nog uitgebrei het, veral as ons Simon van der Stel se liefde vir swierigheid in gedagte hou.

<u>OPSOMMING</u>: Gedurende die eerste vyftig jaar van die Kaapkolonie se bestaan, is heelwat musiek, musikante en vordering op musiekgebied te bespeur, altans wat die fort en later die kasteel betref.

Uit die staanspoor was daar een professionele musikant aan die Kaap, 'n tamboerslaer. Omstreeks 1657 het 'n tweede, 'n trompetter, verskyn en twee jaar later 'n moontlike tweede tamboerslaer. Teen 1685 was daar waarskynlik al 'n tweede trompetter ook.

Hierdie musikante se pligte het ingesluit :

/oproepseine

oproepseine gee, militêre musiek lewer by parades, seremoniëële en ontspanningsmusiek lewer by ontvangste en onthale, musiek verskaf by fees-geleenthede, deelneem aan die seremonie met die omruil van die wagte en so meer. Hulle is ook gebruik om Hottentot-kapteins op musiek te trakteer, ten einde die veehandel te verbeter. By die kasteel self het hulle seker 'n gereelde daaglikse musiekritueel gehad om uit te voer in verband met verskillende werksaamhede.

Naas hierdie professionele musikante was daar ook ander wat meegehelp het. Hulle was waarskynlik amateurs. Reeds in van Riebeek se tyd hoor ons van viole en ander (ongespesifiseerde) instrumente wat bygehaal word vir die vermaak van Hottentot-kapteins. Ook 'n "claversingel" (waarskynlik 'n klawesimbaal) was in die ou fort te vinde en het vermoedelik aan van Riebeek behoort. Dié instrument het seker 'n taamlike groot rol in die musiek van die fort gespeel en is tewens bewys van taamlike goeie musieksmaak.

In die tyd van Simon van der Stel word al twee trompette, etlike hobo's en vyf of ses viole vermeld. Meeste van hierdie instrumente het waarskynlik aan amateurs behoort, wat die garnisoen-musikante bygestaan het met spesiale geleenthede. Vermoedelik was daar ook al heelwat meer musiek in die tyd gemaak.

Die soort musiek wat hierdie musikante verskaf het was meestal militêre musiek, fanfares en ander seremoniëële musiek, populêre dansies en liedjies. Hulle het nie net vir die garnisoen en Kompanjiesbeamptes opgetree nie, maar ook voor die burgerlike bevolking by verskeie geleenthede.

/(ii) Musiek...

**(ii) MUSIEK ONDER DIE BURGERLIKE BEVOLKING:**

Op 8 April, 1652 het Kommandeur van Riebeek sy manskappe aan die werk laat spring en h begin gemaak met die taak om die Kaap as verversingstasie in te rig. Sowat honderd man is aan land gestuur om h hout onderdak op te slaan, h plek vir die fort skoon te maak en hout in die naburige bosse te kap. Die res van die skeepsbemannings was belas met die taak om voorrade af te laai. Die daaropvolgende dae was erg woelig en spanwerk het veral baie getel. Swaar vragte voorrade moes hanteer word, houtstompe moes van die bosse af aangesleep word en die grond vir die walle van die fort moes uit die harde somerdroë aarde losgepik word.

Op die skepe het die manne geleer dat sang sulke spanwerk baie vergemaklik. Hulle het ook vir elke swaar taak h spesiale lied gehad (sien Hoofstuk III). Ons kan dus met veiligheid aanneem dat etlike van hierdie werksliedjies in Tafelbaai opgeklink het by die hoeksteenlegging van blanke Suid-Afrika. Saans, na die dagtaak en die aandgodsdiens, was daar ook nie meer rag te staan vir moontlike weersverandering, soos op die skepe nie, en was daar dus meer kans vir ontspanning. Hier en daar het groepies miskien bymekaar gesit en volksliedjies met verlangende harte gesing, enkele persone het moontlik die atmosfeer probeer verlig met vrolike danswysies op die viool, terwyl die paar vroue onder die geselskap hul kinders met ou wiegeliedjies aan slaap gesurie het. Weliswaar was daar nou meer wag te staan, maar die omruil van die wagte sou nie meer op die maat van "Hier seylen wij met God verheven" geskied het nie, aangesien dié lied onder omstandighede sy betekenis verloor het.

/Hierdie

Hierdie skets vertolk egter die toestand op sy gunstigste. Die harde werk en die ontberinge het groot ontevredenheid laat ontstaan en veral nadat die nedersetting, met die vertrek van die Reijger en Drommedaris, aan ~~sigself~~ hom self oorgelaat is, het die lus om musiek te maak seker vinnig verdwyn. In die beginjare was daar 'n algehele gebrek aan die eenvoudigste geriewe, gevare van die kant van inboorlinge en wilde diere het dag en nag gedreig en gesellige samesyn het dus selde voorgekom.

Die nedersetters het, ~~soos reeds aangetoon,~~ bestaan uit soldate, matrose, skrynwerkers, messelaars, smide, kleremakers, tuiniers ens.; ~~die~~ gewone volksmense dus, onder wie die volkslied tuishoort. Hulle moes met hulle 'n gedeelte van die kwynende volkslied-reskat van Holland saamgebring het. Maar selfs hierdie mees geharde musieksoort sou in die eerste jare aan die Kaap ~~maar~~ beswaarlik bestaan het. Die vreemde land, vreemde omstandighede en vreemde werkkringe waarin baie van die mense hulle bevind het, het menige lied die natuurlike wyse [laat vergaan] ~~doed laat sterf.~~

Die gedurige wisseling van die garnisoen en die kontak met skeepsvolk, het egter gehelp om baie van die liedjies opnuut te laat herlewe. Waar die lewensomstandighede die sanglus gedemp het, het die kontak met skeepsvolk dit weer gevoed. Op die manier het veral matrose-liedjies bly voortlewe.

Reeds in 1655 laat weet die Here XVII aan van Riebeek dat hulle dit "goet gevonden hebben Ul. 't authoriseeren om een off meer van de voors: vrije luijden te mogen consenteren en toestaen herberge te houden en neeringe te doen daer ijeder aan lant blyvende als dan

/sijn

sijn nootdruft en huijsvestinge voor sijn gelt mach soecken en coopen"(37). Dit het ook nie lank geneem voordat daar 'n hele aantal sulke herberge en wynhuise aan die Kaap was nie. Hulle was die vergaderplekke van skeepsvolk en rodersetters, sentrums van kleinhandel, wettig en onwettig, en plekke vir vermaak en ontspanning.

Hier het die Kapenaar weer kontak gemaak met die buitewêreld en hier het hy o.a. ook sy musikale besit verryk. Hier het die ou liedjies weer herlewe en het nuwes bygekom, hier was daar geselllige samesyn en vrolikheid. Veral die matrose het hulleself dikwels te buite gegaan, sodat daar in 1657 verskeie plakkate betreffende die herberge uitgevaardig is. Herbergiers is gewaarsku om nie klere teen halfprys van gewone soldate en matrose af te rokkel ten einde drankskuld te vereffen nie. Hulle word ook verbied om drank te verkoop nadat die nagwag geplaas is, of voor die dienste op Sondae en vakansiedae[38]. Teneinde stilte in die hospitaal te bewaar is lawaai, sang, dobbel en drinkery ook verbied.[39]

'n Enkele geval van 'n musikant wat by so 'n herberg tuisgegaan het, kan hier genoem word. Op 11 Julie, 1673 "towards evening a quarrel arose at the house of a certain innkeeper between the trumpeter Cornelius Jansen Potman, and the chief boatswain, Pieter Laulusz, of the Europa, with the result that the former stabbed the latter in the right breast, killing him"(40). Weereens is dit 'n geval van misdaad wat aan ons oorgelewer word, hoewel dit dien tot bewys dat musikante ook die herberge besoek het.

Die aanwesigheid van skepe in Tafelbaai het dus heelwat vrolikheid meegebring en het die Kapenaars 'n

/geleentheid

(37) Leibbrandt: Precis - Letters & doc. rec.1649-62, Deel I bl.226.
(38) Leibbrandt: Precis - Letters & doc.rec. 1649-62, Deel II, bls.403, 41?, 415, 416 & 515.
(39) Bosman: Drama en Toneel bl.17.
(40) Leibbrandt: Precis - Journal 1671-4, bl.142.

geleentheid gebied om weer musiek te hoor en te beoefen. Die herberge het om die rede ʼn groot rol gespeel in die voortbestaan van die Hollandse volksmusiek in Suid-Afrika.

Daar was ook ander geleenthede vir vrolikheid. Op Sondag 25 September, 1652, het Van Riebeek die jaarlikse vakansie na die vertrek van die retoervloot ingestel. Dit was ʼn dag van vrolikheid en feesviering. Die periode van Keredag tot Nuwejaar was ook vakansie en ʼn geleentheid vir ontspanning en vermaak[41].

Tot dusver het ons slegs indirekte getuienis van musiek onder die gewone mense aan die Kaap aangehaal. Dit is ook feitlik die enigste getuienis wat te vinde is. Tot 1657 was al die blankes ook Kompanjiedienare. Hoewel die eerste vryburgers in daardie jaar vrybriewe ontvang het, het hulle uiters moeilike aanvangs-omstandighede en veral die gedurige moeilikhede met die Hottentotte, wat tot ongeveer 1660 geduur het, seker die beoefening van musiek baie moeilik gemaak. Tog weet ons dat hulle in die begin saam in klein kolonies gewoon het en dat hulle na die koms van die slawe gou ʼn neiging tot gemaksug getoon het[42]. Selfs nadat hulle saam met hulle vrouens en kinders afsonderlik gaan woon het, was hulle nog naby mekaar en kon hulle oor en weer kuier. Die kon af en toe sang of danserv uitgelok het en waar moeders hul kinders aan slaap sus, daar sal altyd wiegeliedjies bestaan.

Ons het reeds gesien dat Van Riebeek in die jare 1658-60 gebruik gemaak het van die dienste van ʼn amateur-violis, wat óf onder die garnisoen, óf onder die vryburgers te vinde was. Ook die tolkin Eva se verwysing na ander instrumente is genoem en die moontlikheid

/dat

(41) Leibbrandt: Precis - Journal 1662-70, bl.32.
(42) Theal: History and Ethn. of S.A. Deel II.

dat die tamboerslaer van die burgermag, wat in 1659 gestig is, 'n vryburger kon gewees het, is bespreek. Karig soos hierdie inligting is, is dit tog 'n aanduiding van musikale bedrywighede onder die gewone mense van die Kaap.

Vir die eerste 25 jaar van sy bestaan, het die Kolonie min of meer 'n enkele gemeenskap gevorm. Die besette gebied was nog nie baie groot nie en daar was 'n gedurige verkeer tussen die garnisoen en die vryburgers, sodat die musiek van die Kasteel ook die burgers bereik het. Kaapstad self het stadigaan die vorm van 'n dorpie aangeneem, waar byna elke huis 'n herberg was. Op die manier het feitlik die hele samelewing die invloed van die seelui gevoel. Kommissarisse het hulle ook telkemaal genoodsaak gevoel om die aantal herberge te verminder, wat 'n aanduiding is van hoe uitgebrei die verkeer met die skeepsvolk was.

Die burgers het dus gedurig die Kasteelmusiek ook gehoor. Burgers en garnisoen het gedeel in die fees na die vertrek van die retoervloot, die Nuwejaarsfees, die jaarlikse milisie-oefeninge en in sulke geleenthede soos die hoeksteenlegging van die Kasteel in 1666, toe daar selfs 'n stuk poësie voorgedra is.[43] Musiek sou noulike by sulke funksies ontbreek het. Ons noem dit weer hier om aan te toon dat die burgerlike bevolking ook by die moontlike musikale bedrywighede betrokke was.

Dat daar wel belangstelling in musiek was, word bewys deur die feit dat Pieter van Meerhoff in sy verslag oor een van sy reise na die binneland in 1661 'n beskrywing gee van die bekende rietfluit-dans van die Hottentots[44]. Dat daar ook moontlik musiek van 'n hoë gehalte beoefen kon

/gewees

(43) Theal: History and Ethn. of S.A. Deel II, bl.143.
(44) van Riebeek: Dagverhaal Deel III, bl.555.

gewees het, blyk uit 'n verklaring van Prof.Kirby: "I have a copy of Descartes 'Art of Song', printed in Amsterdam in 1661, obviously a survival from the musical library of one of the early colonists[45]".

Gedurende die laaste twintig jaar van die 17e eeu het daar geleidelik 'n verandering in die struktuur van die Kaapse samelewing gekom. Waar ons voorheen net 'n enkele gemeenskap gevind het, ontwikkel daar nou 'n aparte een. Die distrikte van Stellenbosch en Drakenstein was, met die paaie en vervoermiddels van daardie tyd, so ver van die Kaap, dat hulle 'n ander rigting begin inslaan het. Selfs in Kaapstad het daar begin skeiding kom tussen die vlottende garnisoen en die vaste bevolking, waartoe veel bygedra is deur die Kompanjie se beleid om sy eie belange te bevorder ten koste van die van die burgers.

Kaapstad het al tot 'n dorpie met netjiese huise gegroei. In 1685 praat die Chevalier de Chaumont van[46] "about a hundred habitations. These houses, within and without, are as clean as those of Holland......Three or four leagues away there are several country houses......" In 1698 meen Leugat dat daar omtrent 300 huise is[47]. Daar was dus al gereelde maatskaplike lewe in Kaapstad. In haar beskrywing van die ou huise, sê Mevr.Trotter[48]: "In Lutheran days (blykbaar voor die koms van die Hugenote) the halls were used for dancing and general festivities".

Ons kan aanneem dat musikale bedrywighede onder die burgerlike bevolking teen die tyd aansienlik toegeneem het. Wat die bedrywighede was, is moeilik om vas te stel weens gebrek aan gegewens. Met die oog op wat sowat 50 jaar later die gebruik was, is dit moontlik dat hier

/al

(45) Kirby: Saint Cecilia goes South bl.26.
(46) Strangman: Early French Callers bl.159.
(47) Idem: bl.222.
(48) Trotter: Old Cape Colony bl.190.

al 'n begin gemaak is met die huislike dans-partytjies ter ere van besoekers en loseerders, ter viering van huwelike, verjaarsdae en ander dergelyke geleenthede.

In ons bespreking van Simon van der Stel se orkes, het ons daarop gewys dat dit onwaarskynlik is dat meer as die twee trompetters en die tamboer~~-slaer~~ professionele musikante verbonde aan die garnisoen was. Die hobospelers en violiste was waarskynlik amateurs. Die garnisoen was in 1685 nie veel groter as in 1658 nie. In 1658, toe die bevolking van die Kaap feitlik net uit die garnisoen bestaan het, het Jan van Riebeek slegs oor 'n enkele violis as amateur-musikant beskik, maar in 1685 gebruik Simon van der Stel al etlike hobo's en vyf of ses violiste. Dit is dus logies om af te lei dat die vermeerdering van amateur-musikante hoofsaaklik by die burgerlike bevolking te vind was ~~berus het~~.

In die geval het ons dus 'n duidelike aanduiding van die uitbreiding van musikale aktiwiteite onder die burgerlike bevolking. In 1658 word een violis genoem en in 1685 etlike hobospelers en vyf of ses violiste. As ons daarby in ag neem dat dit na alle waarskynlikheid net 'n paar van die totale aantal musikante was en dat die burgerlike bevolking in 1687 maar sowat 600 getel het, dui dit op aansienlike musikale bedrywigheid.

Naas die musiek van die Kasteel, wat vir die burgers ook as agtergrond gedien het, was daar dus ook heelwat musiek onder die gewone mense in Kaapstad.

In die buite-distrikte was dit anders gesteld. Die gehuggies ~~van~~ Stellenbosch en Drakenstein was nog te klein om enige maatskaplike [illegible] ~~sosiale lewe~~ te bied en die mense het

/sover

so ver uitmekaar gewoon dat hulle kinders nie die skole kon bywoon nie. Hier tref ons dus dadelik die afsondering wat so vernietigend vir musiek kan wees. (Sien Hoofstuk I). Dat hulle wel af en toe bymekaar gekom het om bietjie te dans en vrolik te wees, is heel waarskynlik. En hier was ook moeders wat hulle wiegies aan slaap geneurie het. Psalmsang by die huisgodsdiens was egter waarskynlik hulle hoof musikale dis- uiting

Daar was een funksie waarop die bewoners van Stellenbosch en Drakenstein ook hulle deel van die groter musikale bedrywighede van die Kaap, waarskynlik met die "orkes" daarby, kon geniet. Dit was die jaarlikse kermis van 1 tot 14 Oktober wat van der Stel in 1686 ingestel het. Dit was 'n feestyd vir die hele kolonie; die jaarlikse wapenskou en skyfskiet het dan plaasgevind. Uit alle oorde het die mense daarheen gestroom, selfs van die skepe in die baai. Dit was 'n tyd van vrolikheid, van ontspanning en vermaak en dat dit sonder musiek sou verbygegaan het, is ondenkbaar.

Maar naas hierdie een funksie per jaar, het die twee buite-gemeentes meer hul sie gang gegaan, rustiger en minder beïnvloed van buite as Kaapstad. As daar 'n eie Afrikaanse rigting in die musiek moes ontstaan (waaroor later meer), dan sou dit hier in sy kiem aanwesig gewees het. Daarom is dit ~~des te meer~~ des te te betreur dat so min gegewens informasie beskikbaar is.

D. OPSOMMING.

Nadat die eerste 15 jaar van die blanke besetting se bestaan in Suid-Afrika 'n stryd om blote lewe was, het die Kaapse nedersetting teen 1700 gegroei tot 'n bloeiende kolonie met byna 2,000 koloniste, 3 kerklike gemeentes en

/'n

'n paar skole waar baie elementêre onderwys verskaf is. Die mense het al 'n betreklik veilige en gevestigde lewe gelei, hoewel die bevolking baie dun was.

Godsdienstige musiek was uit die staanspoor deur almal gereeld beoefen. Daaglikse godsdiensoefeninge is vir die garnisoen en die siekes gehou, terwyl die gewone eredienste op Sondae gehou is. By al hierdie geleenthede is slegs die psalms onbegeleid onder leiding van 'n sieketrooster gesing. In die skole en by die katkisasie het die aanleer van psalms ook besondere aandag geniet. Daar is min aanduidings dat huisgodsdiens nagekom is. Heelwaarskynlik het enkele inboorlinge en slawe ook al met die gewyde musiek van die blanke begin kennis maak.

Die Kaapse garnisoen het van die begin af sy eie tamboerslaer gehad en van ongeveer 1657 'n trompetter ook. Hierdie twee musikante het hoofsaaklik seremoniële musiek gelewer. Ook 'n viool en "claversingel" word binne die eerste tien jaar al aangetref, met aanduidings van heelparty geleenthede waarby musiek gemaak is. Teen 1685 word al 'n orkes van twee trompette, etlike hobo's en vyf of ses viole vermeld, wat egter grootliks uit amateurs bestaan het. Teen 1700 was daar al 'n aansienlike aantal instrumentaliste aan die Kaap wat hoofsaaklik seremoniële musiek, dansmusiek en musiek van 'n volkse tipe gespeel het.

Die burgerlike bevolking het hoofsaaklik godsdienstige en volksmusiek beoefen, hoewel moeilike lewensomstandighede in die begin alle musikale aktiwiteite gestrem het. Voortdurende kontak met matrose en ander deurvarendes het egter die kennis van die volksmusiek van die moederland wakker gehou. Later, met 'n meer gevestigde lewe, het die

/beoefening

beoefening van musiek deur die burgerlike bevolking weer begin herlewe en uitbrei. Volksfeeste, soos die Stellenbosche kermis, het ook veel daartoe bygedra.

Gedurende die eerste vyftig jaar van blanke beskawing in Suid-Afrika het musiek dus 'n ~~harde~~ opdraende bestaanstryd gevoer teen onguntige lewensomstandighede. Teen die end van die 17e eeu was toestande egter al so gunstig, dat musiek al byna sy normale plek by 'n dergelyk-saamgestelde gemeenskap ook aan die Kaap ingeneem het.

## HOOFSTUK V.

### 'n BLIK OP WêRELDMUSIEK.

Die sewentiende eeu was 'n oorgangsperiode in die musiek. Dit was veral 'n periode van eksperimentering met nuwe tegniese middels, waarby die verbetering van musiekinstrumente 'n groot rol gespeel het. In hierdie eeu het die majeur- en mineur-toonsoorte finaal die ander toonsoorte verdring, hoofsaaklik omrede die groter sensitiwiteit vir harmonie en toonsoortgevoel.

Die groot ontwikkeling van die 17e eeu het gelê in die rigting van die opera en instrumentale musiek. Die aria en resitatief (spreeksang) met orkesbegeleiding en die ouverture was die belangrikste resultate van die ontwikkeling van die opera. Die suite, vroeë concerto, vroeë sonate, instrumentale fantasie, variasies en instrumentale fuga het voortgevloei uit die nuwe belangstelling in instrumentale musiek. Hierdie rigtings is in die eerste helfte van die 18e eeu voortgesit en tot 'n hoogtepunt gevoer.

/Die

Die eerste instrument wat ontwikkel is, was die orrel. Veral in Noord-Duitsland en Nederland het orrelbou en orrelspel vinnig vooruitgegaan. Deur die toevoeging van voetpedale en die verbetering van die meganisme het die orrel 'n instrument met groot moontlikhede geword. 'n Paar gesalgte van komponiste, wat begin ~~het~~ met Sweelinck en Friscobaldi en ~~daar~~ ver Pachelbel, Buxtehude, Scheidt en Schein in die eerste helfte van die 18e eeu ~~gekulmineer het~~ die hoogtepunt bereik in J.S.Bach en Händel, het orrelspel en orrelmusiek tot 'n groot hoogtepunt gevoer. Orrels was teen die tyd in alle Protestantse kerke in gebruik (Bach was 'n kerkorrelis) en het die gemeentelike sang begelei.

Die vioolfamilie het ook in hierdie tyd definitief na vore getree. Deur die volharding en kuns van die Amati- en Guarnerius-families het die viool in die hande van Antonio Stradivarius (1644-1737) en Giuseppe Guarnerius volmaaktheid bereik.

Daar het nog net die strykstok oorgebly om te verbeter. Hierdie volmaakte instrument het weldra die eerste vioolvirtuose meegebring. Arcangelo Corelli (geb. 1653) het deur middel van sy spel, komposisies en leerlinge die fondament gelê vir die hele latere vioolkuns.

Ander instrumente van belang uit hierdie periode was die simbaal-familie (klawesimbaal, klawekoord, spinet), die blokfluit-familie, die hobo-familie, fluit, trompet en horing. Die klawesimbaal en sy variante was as huishoudelike instrumente taamlik populêr en het ook as solo-instrument en basis van die orkes 'n belangrike rol gespeel.

Teen die einde van die 17e eeu het daar al baie orkeste bestaan, meestal verbonde aan die verskillende hofhoudings

/van

van Europa. Die orkeste was nog nie baie groot nie en het gemiddeld uit die volgende instrumente bestaan: viole, altviole, tjelloe, hobo's, fagotte, horings en klawesimbaal. Die klawesimbaal het vooraanog die basis van die orkes gevorm. Die kapelmeester het die orkes gelei van sy posisie as klawesimbaalspeler; dirigente was nog onbekend.

Benewens hierdie konsertorkeste was daar ook blaasorkes wat omstreeks 1700 uit trompette, hobos en tamboerspelers bestaan het. Vir die jag is gewoonlik spesiale korpse van jaghoringspelers aangehou.

Hierdie instrumente van die blaasorkes was nog maar baie ru en onontwikkel. Trompette en horings het geen kleppe gehad nie en kon dus net 'n beperkte aantal note voortbring. Hulle was hoofsaaklik as buiteluginstrumente beskou. Die hobo's en fagotte het so 'n ruwe, deurdringende toon gehad, dat hulle goed by die trompette gepas het vir militêre musiek. Vir verfynde musiek was hulle nie geskik nie.

Die blokfluite met hulle fyn, swak toon was eintlik net vir kamermusiek geskik. Die fluit was nog so lomp, dat dit nie veel gebruik is nie. Deur die kuns van Quantz en die belangstelling van Frederik die Grote, het hierdie instrument egter ook mettertyd 'n belangriker posisie ingeneem. Klarinette is voor 1750 baie selde gebruik(1).

Die druk, uitgee en verspreiding van musiek was teen 1700 nog baie beperk. Dit het selde gebeur dat komponiste se musiek buite hulle eie provinsie of selfs dorp gespeel is. Dit was 'n tyd waarin musikante beide skeppers en uitvoerders was. Kapelmeesters moes self die musiek vir hulle kapelle komponeer. Derhalwe was meeste van hulle werke ook

/geleenthsidswerke

(1) Vir verdere besonderhede, veral oor orkeste van die tyd, raadpleeg Adam Carse: The Orchestra in the XVIII Century. Cambridge, 1940.

geleentheidswerke wat in opdrag van hulle werkgewers vir die beskikbare kombinasie geskryf is. Daar was ook geen onderskeid tussen ernstige en ligte musiek gemaak nie; die grootste komponiste het simfonieë en operas sowel as dansmusiek gekomponeer en die orkeste moes gereed wees om op bals sowel as konserte te speel. Dit was dus ook 'n tyd waarin slegs moderne musiek gespeel en gehoor is.

Onder sulke omstandighede is dit begryplik dat die improvisasiekuns floreer het en dat elke musikant ook tot 'n sekere mate 'n komponis was - d.w.s. 'n skepper van sy eie melodieë en nie 'n komponis van 'n geordende en berekende toonkuns nie.

Kunsmusiek kon gehoor word in die kerk (maar nie in die Calvinistiese kerke nie), in die teater - hoofsaaklik opera met af en toe ballet - en aan die howe, waar dit min of meer die vorm van kamermusiek aangeneem het. Publieke konserte het nog nie bestaan nie en selfs operahuise was nie te talryk nie.

Met so min geleentheid om kunsmusiek te hoor of in die hande te kry, was die gewone man op homself toegewys vir musiek. Hy moes sy eie musiek skep en uitvoer. Volksmusiek, lied en dans, was dus nog al sekulêre musiek wat die breë massas gehoor en beoefen het. Hulle was egter jaloers bewus van die nuwe kunsmusiek wat blykbaar net vir die bevoorregte klasse bedoel was, en het nie geskroom om veral met die grootdoenerige opera die draak te steek in sulke werke soos die "Beggar's Opera" nie.

Die periode 1700-1750 is ryk aan komponiste van belang. Twee groot figure oorheers egter die hele musieklandskap . Die een is die kolos Bach (1685-1750) wat gedurende sy stil,

/huislike

huislike en innig godsdienstige lewe 'n onvergelyklike aantal kunswerke geskep het, wat altyd sal bly staan as een van die mees monumentale bydraes tot die musiek van alle tye. Die ander figuur is Händel (1685-1759), die briljante man van die wêreld en besigheidsman, wat met sy groot persoonlikheid en energie die musiekwêreld van sy tyd gedomineer het.

Minder belangrike komponiste, maar tog ook groot figure, was Couperin (1668-1733), die Fransman, wat veral weens sy fyn klawesimbaal-musiek voortlewe, en Rameau (1683-1764), komponis van operas en ballette, hoofsaaklik bekend vir sy teoretiese navorsing, saamgevat in sy "Traite de Harmonie".

In Italië was Alessandro Scarlatti (1658-1725) die mees invloedryke komponis van sy tyd. Met sy groot aantal operas het hy aan hierdie kunsvorm bestendigheid gegee en ook die harmonie bevorder. Sy seun Domenico (1685-1757) was een van die grondleggers van die moderne klavierstyl en het musiek vir die klawesimbaal gekomponeer wat aan elke geslag opnuut skoonheid en frisheid openbaar. Naas Corelli was Vivaldi (1678-1740) en Tartini (1692-1770) ook groot vioolkunstenaars en komponiste van vioolmusiek.

Die agtiende eeu het dus begin in 'n tydperk van groot musikale opbloei. 'n Aantal groot komponiste het die toonkuns tot ongekende hoogtes gevoer, terwyl veral instrumente en instrumentale musiek nou 'n volwaardige plek langs die menslike stem ingeneem het. Daarenteen het volksmusiek nog die hoof musiekvorm by die breë volkslae gebly. Die opkoms van instrumentale musiek het meegehelp om die musiek los te ruk van sy onderdanigheid aan die kerk en ons sien in hierdie tyd die eerste groot produkte van 'n sekulêre toonkuns.

# HOOFSTUK VI.

## DIE PERIODE 1700-1750.

### A. ALGEMENE OORSIG.[1]

Met die wenteling van die eeu was daar aan die Suidpunt van Afrika 'n welvarende, naasteby self-voorsienende blanke kolonie gevestig. Die kolonie was verdeel in drie kerklike distrikte; die Kaap, Stellenbosch en Drakenstein, met 'n kerk en 'n skool in elkeen van die sentra. Gevaar van die kant van Hottentotte en wilde diere het feitlik verdwyn en behalwe vir streoptogte deur bendes Boesmans, was die lewe veilig.

Die koloniste was oor die algemeen welvarend, maar nie ryk nie. Die oorgrote meerderheid was boere en due ekonomies selfstandige mense. Hulle het eenvoudig gelewe, het betreklike klein huise en min meubels gehad, maar het feitlik alle gewone handewerk aan slawe oorgelaat, waarvan hulle vry groot getalle besit het. "It was a simple condition of life, not favourable to great expansion of mind, and not free from care, but not necessarily attended with unhappiness"[2].

Hoewel die blanke bevolking teen 1700 byna 2,000 sterk was, was hulle versprei oor 'n groot gebied, sodat dit op 'n baie dun bevolking neergekom het. Slegte paaie en vervoermiddels het teegewerk om die lewe van die boere afgesonder te maak, hoewel hulle, deur die werk aan slawe oor te laat, heelwat tyd vir rondry en kuier gehad het. Kaapstad was al 'n taamlike dorpie, Stellenbosch slegs 'n klein gehuggie en Drakenstein het feitlik net uit 'n paar huise bestaan.

/Dit

(1) Gebaseer op Theal en die se werke oor die Geskiedenis van Suid-Afrika.
(2) Theal: History and Ethn. Deel II, bl.390.

Dit was die toestand waarin Willem Adriaan van der Stel die Kolonie gevind het toe hy in 1699 as Goewerneur en Buitengewone Raadslid van Indië die bewind van sy vader oorgeneem het. Aanvanklik bemind, het hy egter spoedig deur sy selfsugtige minsjagtery, uitbuiting, afpersing en wanbestuur 'n gehate man geword. So groot was hulle verdrukking dat die koloniste hulle onderlinge twiste vergeet het om gesamentlik teen die goewerneur en sy kliek die stryd aan te knoop. Die land en samelewing was in rep en roer tot die herroeping van die goewerneur in 1707. Die onrustigheid het voortgeduur, weens die oorlog tussen Engeland en Frankryk, tot die Vrede van Utrecht in 1713.

Intussen het 'n gestadige stroom van immigrante nog steeds in Suid-Afrika aangekom, aangemoedig deur die Here XVII. Na 1707 is alle immigrasie egter deur die Bewindhebbers stopgesit en het die populasie van die Kaap slegs vermeerder deur natuurlike aanwas en vrygestelde Kompanjiesdienare.

Na 1713 het die Kolonie onder die agtereenvolgende goewerneurs Pasques de Chavonnes, Jan de la Fontaine, Gysbert Noodt en Hendrik Swellengrebel 'n periode van rustige uitbreiding belewe, af en toe onderbreek deur sulke gebeurtenisse soos die pokkies-epidemie in 1713, die vrekte onder die vee in 1714, die ontevredenheid met Gysbert Noodt en die Barbier-opstand in 1738-39. Die stigtingstyd was definitief verby, die loot van die Europese beskawing het diep wortel geskiet en het sy takke begin sprei.

In 1700 is die land Waveren beset. Veeboerdery het al hoe gewilder geword en is aangemoedig deur 'n swaklike stelsel van grondhuur. Die pokkies-epidemie van 1713 het soveel slagoffers van die Hottentotte ge-eis dat 'n groot gebied feitlik heeltemal ontvolk is. Daar was dus geen hindernis in die weg van die veeboer nie en so het hy al dieper die

/binneland

binneland ingetrek. Die veeboere het van plek tot plek vereit agter weiding aan en stadigaan gewoon geraak aan 'n lewe sonder huis, opvoeding en verfyning.

In 1743 het Baron van Imhoff, pas-aangestelde Goewerneur-Generaal van Indië, die Kaap besoek. Na 'n rondreis deur die Kolonie, was hy so getref deur die afgesonderheid van die verafgeleë koloniste, dat hy dadelik bevel gegee het dat twee nuwe kerke op geskikte plekke gestig moes word. Ter uitvoering van die opdrag is die Roodezandse Kerk in 1743 en die Zwartlandse Kerk in 1745 gestig. By altwee plekke is sieketroosters gestasioneer, wat ook dadelik 'n begin met onderwys gemaak het.

In 1745 het 'n verdere belangrike uitbreiding plaasgevind, toe Swellendam as 'n nuwe landdrosdistrik afgebaken is. 'n Jaar later is die dorpie Swellendam ook aangelê. Drie jaar vroeër is Simonsbaai vir die eerste keer as ankerplek vir skepe gedurende die stormagtige wintermaande gebruik en in 1743 is 'n dorpie met pakhuise, 'n hospitaal en barakke daar gebou.

Alhoewel die goewerneurs van hierdie periode oor die algemeen die hoogagting van die koloniste weggedra het, het die kloof wat tussen Kompanjie en burgers gedurende die bewind van W.A.van der Stel ontstaan het, steeds dieper geword. Verskeie faktore het daartoe bygedra.

Die belangrikste van die faktore was die handel. Die Kompanjie was stadigaan op die afdraende pad, sy finansiële posisie was ongesond en sy mag het begin afneem. Orals is besparingsmaatreëls toegepas en die handelsmonopolie verstERK. Daar was hard gespook om die Kaap selfgenoegsaam te maak, met soveel sukses, dat teen

/1700

1700 reeds surplus ~~opbrengste gewees~~ is. Die beleid van die Kompanjie het egter nie voorsiening gemaak vir 'n mark vir sulke surplusse nie, met die gevolg dat die ekonomiese posisie van die Kaapse boere nie te stewig was nie, wat kommer en ontevredenheid veroorsaak het. Deur allerlei belastings en fooie wat hulle moes betaal, het hulle begin voel dat die Kompanjie hulle uitbuit vir eie voordeel, wat inderdaad die geval was.

Die samelewing aan die Kaap, het intussen geleidelik verandering ondergaan en meer verskeidenheid begin toon. Vier groepe kan onderskei word: die amptenare, die dorpsbewoners, die landbouers en die trekkende veeboere.

Die amptenare het gedurig gewissel. Hulle het die seggenskap gehad, maar het vanselfsprekend nie veel belangstelling en liefde vir die land geopenbaar nie. Hulle was deur die bank so laag besoldig, dat sekere voordele ten koste van die burgers aan hulle toegestaan is om hulle inkomstes te vermeerder. Dit het gelei tot wanpraktyke en 'n mate van agterdog en vyandskap tussen hulle en die burgers.

Die dorpsbewoners (en net Kaapstad kon eintlik as 'n dorp geld) het gedurig kontak gemaak met die amptenare en met vreemdelinge. Meeste van hulle het herberg verskaf aan skeepsvolk en was dus deur die jaar met hulle in aanraking. Hulle het 'n betreklik gerieflike en gemaklike lewe gelei, baie oor en weer gekuier en was veral lief om saans bymekaar op die stoepe te sit en gesels. Hulle was besonder gesteld op rang en formaliteit, maar, mits die vereistes daarvan nagekom is, het daar geen verdere beperkinge bestaan nie. Rykes en armes, hooggeplaastes en nederiges het vryelik met mekaar omgegaan. Hulle kinders het die skole besoek,

/en

en seuns is gewoonlik vir die handel opgelei.

Die landbouers het 'n gevestigde lewe gelei. Hulle was gewoonlik ~~welaf~~ welgesteld, het mooi huise en baie slawe besit en was uit die aard van die saak meer afgesonder en geheg aan die bodem as die dorpenaars. Hulle was die groep wat die meeste in botsing met die Kompanjie gekom het en hulle het dus 'n sterk onafhanklikheidsgevoel openbaar. Hulle het 'n gereelde lewe gelei, maar het sterk neigings getoon om hul eie lewenswyse, sedes en gewoontes te ontwikkel. Hulle was die grootste groep onder die koloniste, was ~~selfvoorsienend~~ selfversorgend en het nie [illegible] kontak met vreemdelinge gehad nie.

Die veeboere het 'n baie eenvoudige bestaan gevoer. Hulle het van plek tot plek getrek met 'n minimum ~~van~~ aan lewensgeriewe. Hul lewenswyse het hulle feitlik geen geleentheid gebied vir geleerdheid en geestesverfyning nie, maar dit het by hulle durf, selfstandigheid en vernuf gekweek. Afgesny van enige invloede van buite, het hulle hul eie rigting ingeslaan en was die eerste om tot 'n onafhanklike volk te groei.

Ons het reeds tevore (Hoofstuk II) daarop gewys dat daar in hierdie tyd al meer Duitsers na Suid-Afrika gekom het. Hulle was meestal landbouers en het met weinig uitsonderings Hollandse vrouens gehad, sodat hulle spoedig ge-assimileer is.

Die populasie het in hierdie periode vinnig vermeerder, ten spyte van die gebrek aan immigrante. Families was groot, 12 tot 15 kinders was nie buitengewoon nie, en groot getalle Kompanjiesdienare het jaarlikse hul ontslag gevra om vryburgers te word. In 1743 was daar al omstreeks 4,000 koloniste en 1,500 Kompanjiesdienare, sodat die

/totale

totale blanke bevolking op by die 6,000 te staan gekom het.

In 1717 het Here XVII die Kaapse Politieke Raad voor 'n belangrike beslissing gestel. Hulle moes besluit of die tekort aan arbeid aan die Kaap aangevul moes word met blanke arbeiders of slawe. Die Politieke Raad se keuse het op slawe geval, waarop groot getalle slawe, veral uit die Ooste ingevoer is. Slawerny was al reeds taamlik omvangryk, maar dit sou hiermee grootliks toeneem. Oosterse slawe is meestal vir huishoudelike werk gebruik en negerslawe vir buitewerk.

Onderwys het in hierdie tydperk ook vooruitgegaan. Naas die kerkskool by iedere kerk, was daar ook privaatskole, hoofsaaklik in Kaapstad, en selfs 'n mislukte poging om 'n soort hoërskool op te rig. In 1714 het Goewerneur de Chavonnes 'n onderwyswet uitgevaardig, waardeur die onderwys op 'n hegter basis geplaas is. Die aard en standaard daarvan het egter geen verbetering ondergaan nie. In die afgeleë plekke het huis-onderwysers nog diens gedoen.

Die periode 1700-1750 word dus oor die algemeen gekenmerk deur rustige uitbreiding. Die lewe was meer gevestig, het 'n eie karakter begin aanneem en die samelewing het stadigaan ryp geword vir kulturele aktiwiteite.

**B. GODSDIENSTIGE MUSIEK:**

In 1700 was daar net een kerkgebou aan die Kaap, die van Stellenbosch wat in 1687 ingewy is.[3] In Hoofstuk IV het ons reeds gesien dat die eerste houtkerkie in die Kasteel in 1678 gesloop is. In dieselfde jaar is

/die

(3) Theal: History ens. Deel II, bl.319.

die fondament vir 'n nuwe kerk gelê, maar verder as dit het die bouwerk nie gekom nie. In 1700 is die saak weer aangepak, maar aangesien die ou fondament te klein geag is, is 'n nuwe een gelê. Die nuwe kerk is teen die einde van 1703 voltooi en die eerste diens daarin het kort daarna in 1704 plaasgevind. Tot daardie tyd is dienste in 'n saal in die kasteel gehou(4).

Die kerk in Stellenbosch is met die groot brand van 1710 vernietig(5). 'n Nuwe kerkgebou is mee begin in 1717 en in dieselfde jaar is die hoeksteen van die eerste kerk in Drakenstein gelê. Die Drakensteinse kerk is in 1720 voltooi(6).

Tot die jaar 1737 sou musiek in die kerke geen verandering ondergaan nie. Onbegeleide gemeentelike sing van die Gereformeerde Psalms onder leiding van die sieketrooster-voorsinger, ~~van die Gereformeerde Psalms,~~ is al waaruit dit bestaan het.

Op 28 Augustus 1707 is die rustige gang van die kerklike lewe in Kaapstad eensklaps versteur deur die optrede van Ds. le Boucq. Op daardie Sondagmôre het hy 'n preek gelewer na aanleiding van Spreuke 29, wat voorafgegaan is deur die sing van die laaste twee verse van Psalm 149. Na die preek het hy 'n ouderling en 'n diaken, wat vroeër handlangers van W.A. van der Stel was, subiet uit hulle kerklike ampte ontslaan(7).

Sulke opspraakwekkende gebeurtenisse het egter baie selde voorgekom. Gewoonlik het die kerkdienste stil en styf-formeel verloop, hoewel die gemeente nie altyd tevrede was met die werk van die sieketrooster nie. In sy Dagboek kla Adam Tas op 3 Julie 1705 dat hy die voorbereidingsdiens vir Nagmaal bygewoon het. "Die Voorsinger heeft deze

/reijs

(4) Theal: History ens. Deel II, bl. 418.
(5) Idem, bl. 471.
(6) Idem bl. 498.
(7) Theal: History ens. Deel II, bl. 458.

reijs droevig langzaam en laag gezongen, te weten het 51 snaargezang".[8] Elders sê hy dat hy die Sondag nie kerktoe gegaan het nie, omdat hy self 'n preek net so goed as die sieketrooster kan lees, "weshalven mijn tijd met lezen en een psalm te zingen desen dag hebbe doorgebracht".[9]

Die sieketrooster was nog steeds die enigste kerklike amptenaar wat deels as musikant, in die hoedanigheid van voorsinger, opgetree het. Daarbenewens moes hy nog die ander pligte wat in Hoofstuk IV beskryf is, ook waarneem. Kolbe beskryf hierdie ander deel van sy werk as volg:

~~(10)~~ "Denn da Sie ohne dem Prediger auch zween Vorsinger unterhält, die man auch Vorleser oder Krancken-Tröster nennet: so hat Sie den einem die Guarnison, dem andern aber die Krancke in diesem Sich-Hause wahrzunehmen, und alle Abende eine Bet-Stunde zu halten anbefohlen; --- alle Sonntage --- den Krancken eine Predigt vorlesen, auch vor und nach derselben mit ihnen singen und beten muss".[10]

Hieruit lei ons af dat die daaglikse bidstonde vir die garnisoen en in die hospitaal nog steeds nagekom is. Daagliks het die soldate en die siekes dus nog die Gereformeerde Psalms gesing, onder leiding van die sieketrooster.

In die drie kerkskole, een in elke gemeente, het die sieketroosters ook nog opgetree as onderwysers. Ons het reeds gesien dat die aanleer van Psalms een van die vakke by die onderwys was. Oral waar die Psalms in die openbaar gesing is, in die kerk, by die bidstonde vir siekes en soldate, en in die skole, was dit onder leiding van die sieketrooster as voorsinger. In sy hoedanigheid as

/voorsinger

(8) Fouche: Dagregister van Adam Tas bl.26
(9) Idem bl.20.
(10) Kolbe: Vollständige Beschreibung ens. bl.638.

voorsinger was die sieketrooster dus 'n voorganger van die kerkorrelis en het hy aansienlike invloed uitgeoefen op die wyse waarop die Psalms gesing is.

Die name van hierdie pionier kerkmusikante is vir ons gelukkig bewaar gebly. Ons kan hier 'n paar van die wat die langste diens gedoen het noem. Aan die Kaap was daar Adolf Hofman, (dienstyd 1719-1749)[11], en Jan van Trams (1735-1753)[12]; in Stellenbosch, Jacobus de Rens (1715-1719)[13], Anthonij Faure (1719-1736±)[14] en Abraham Faure (1736-±1757)[15]. In Drakenstein was agtereenvolgens Jacob de Groot (1700-1707)[16] en Hermanus Bosman (1707-1748)[17].

Die eerste teken van 'n moontlike verandering in die toestand, vind ons in 'n memorandum wat die Kaapse Kerkraad aan die Politieke Raad in 1720 gerig het. Hierin rapporteer hulle dat lede van die gemeente bereid was om vrywillig 'n bedrag te skenk om 'n orrel mee aan te skaf. 'n Plek is spesiaal in die kerk vir 'n orrel ingerig en die instrument sou vir hulle geensins tot las wees nie, maar tewens tot groot voordeel. Hulle versoek dus die Raad om die Direkteure te vra om 'n orrel met 16 registers en 2 klawiature na die Kaap te stuur[18]. McIntyre, wat hierdie dokument noukeurig ondersoek het, voeg daaraan toe[19]: "Examination of the document reveals that the request for 'sixteen stops and two keyboards' has been substituted by a later hand for a first more modest request for an organ 'of twelve stops'".

/Daar

(11) du Toit: Onderwys aan die Kaap bl.135. (12) Ibid.
(13) Idem bl.147.
(14) Ibid.
(15) Idem bl.147. (16) Idem bl.61.
(17) Idem bl.155. (18) Leibbrandt: Precis - Requesten Deel II, bl.628.
(19) McIntyre: Early Cape organs ens. bl.2.

Daar het blykbaar niks van hierdie versoek geword nie, want vir die volgende 17 jaar is daar geen melding van 'n kerkorrel aan die Kaap nie. Die versoek is egter 'n bewys van 'n behoefte by die Kaapse gemeente om die musiek van die eredienste te verbeter. Dit dui ook duidelik aan dat die pionierstyd finaal verby was, dat die Kapenaars 'n meer gevestigde lewe begin lei het en in fyner geestes-ontwikkeling begin belangstel het. Die versoek om 'n orrel in die kerk, was ook 'n strewe om die gebruik in die moederland, waar orrele al orals in die kerke in gebruik was, na te volg.

Die duidelike spesifikasie van die grootte van die orrel dien ook as bewys dat daar 'n persoon of persone aan die Kaap was wat kennis van orrels gedra het.

Die omstandighede waaronder die Groote Kerk sy eerste orrel gekry het, word uitvoerig beskrywe deur Mentzel[20]. "The organ that the Church has possessed since 1737 is the identical instrument upon which the daughter of the Governor de la Fontaine used to play. This young lady was a great lover of music, and no mean performer herself. In 1735 there arrived at the Cape a seriousminded and solemn-looking man, who was an organ-builder by trade. He was attached to the Governor's household as a free-worker, and boarded with the Governor's major-domo. He was instructed to make a chamberorgan of about ten or twelve stops, and he carried out his work so efficiently that he was appointed 'Baas' over the carpenters, joiners and turners. Before the Governor's return to Holland in 1737 the elders and deacons of the Kerkeraad bade

/him

(20) Mentzel: Description of the Cape V.R.S.4, bl.125.

his present this organ to the Church, but the Governor turned a deaf ear to this request and asked to be paid f500. They still hoped to get it much cheaper, because they knew the Governor would not take it with him to Holland, but the Stellenbosch Congregation stepped in and offered to pay the price in case the Cape Consistory failed to purchase. Hence the Governor got his f500, and a similar amount had to be laid out to provide a suitable organ-loft. As luck would have it, an organist had just come out as a soldier in the Company's service. He was engaged at a salary of 20 Rdr. per month, but he had to provide a slave to act as organblower".

Mentzel noem ongelukkig nie die name van die orrelbouer en orrelis nie. McIntyre het egter die Monsterrolle Rollen van die periode nageslaan en gevind dat die orrelbouer 'n sekere Jan Jacob Poosen (of Posse) van Eysleben was en die orrelis Paul Kraker van Copburg[21]. Hy meen ook dat Mentzel 'n fout begaan waar hy sê dat die orrelis 20 Rdr. per maand ontvang het en dat die bedrag 20 gulden moet wees[22]. Die feit dat latere orreliste ook soveel betaal is[23] bevestig bewys hierdie opvatting.

Mentzel se mededeling bevat verskele punte van belang wat in hul regte verband behandel sal word. Hier is dit net nodig om daarop te let dat die Stellenbosche gemeente ook al begerig was om 'n orrel aan te skaf. Vir lange jare sou die Groote Kerk egter die enigste kerk aan die Kaap met 'n orrel wees.

Geen duidelike gegewens informasie oor die pligte van die orrelis is beskikbaar nie. Mentzel beskryf die kerkdienste as volg: (24) "Immediately after the first peal of the bells

/a

(21) McIntyre: Early Cape Organs bl.3.
(22) Idem bl.2.
(23) Idem bl.4.
(24) Mentzel: Description of the Cape V.R.S.4, bl.123-5.

a reader steps up to the dais ---- and reads a chapter of the Bible. After the second bell he chants a psalm, selected by the predikant. Then the Morning Prayer follows --- Thereafter another psalm follows, or perhaps a verse only --- A couple of verses from the psalms are sung once more while the text of the sermon is given out -- After the sermon and the prayer, there is more singing, and then the blessing is pronounced. The Communion service is concluded with prayer, song and the benediction". Geen melding van die orrel nie. Moontlik het Mentzel die tydperk voor die verkryging van die orrel in gedagte gehad toe hy hierdie beskrywing opgestel het. Dit lyk egter bietjie vreemd, aangesien hy die beskrywing van die diens direk opvolg met die vertelling van die herkoms van die orrel.

Dit is egter vry seker dat die Kaap die gebruik in die moederland nougeset sou nagevolg het. In kerklike sake het die Kaap direk onder die Klassis Amsterdam geval, waardeur die behoud van die Nederlandse kerklike beleid in Suid-Afrika verseker is. Ons kan dus aanneem dat die orrel in hierdie tyd slegs vir begeleiding van gemeentelike sang sou gebruik gewees het, aangesien geen ander orrelspel, ~~anders as vir dié doel, nie~~ deur die Gereformeerde Kerk gedoog is nie. (Sien Hoofstuk II).

Die orrelis is betaal deur die Kerk self uit die kerkfondse, ~~klike fondse~~, soos ook die koster[25].

Met die aankoop van goewerneur Jan de la Fontaine se huisorrel in 1737, het musiek in die Kaapse kerk 'n belangrike ontwikkeling beleef. Vir 85 jaar was onbegeleide /gemeentelike

(25) Mentzel: Description of the Cape V.R.S.4, bl.157.

gemeentelike sang onder leiding van 'n sieketrooster-voorsinger die enigste musiek in die kerk gewees. Voortaan sou daar orrelbegeleiding bygevoeg word en sou die sieketrooster se rol as voorsinger begin afneem in omvang en belangrikheid. Die orreltjie was weliswaar maar klein, met slegs 10 of 12 registers, maar dit sou bygedra het om die besef van die waarde van musiek by die gemeente te verhoog. Dit is 'n duidelike teken van vooruitgang op die gebied van musiekwaardering.

Die eerste orrelis, Paul Kraker, is in 1739 vervang deur Ignatius Stechau, ~~afkomstig~~ uit Meyendorf. Hy het die pos vir tien jaar, tot in 1749, waargeneem. In daardie jaar is die eerste gebore Kapenaar, Nicolaas Godfried Heyns, aangestel teen 'n salaris van 20 gulden per maand(26).

In die Kaap het die eredienste dus in 1737 al 'n vorm aangeneem wat hulle, met enkele wysiginge, vandag nog het. Al uitbreiding wat nog moes plaasvind was die aanskaf van 'n kerkkoor en die uitbreiding van die musiekskat. Mentzel sê van die sieketroosters(27) "one of these is the canter or leader of the choir", maar dit is onwaarskynlik dat daar wel 'n koor was. Ons het hier te doen óf met 'n verkeerde vertaling van Mentzel se oorspronklike Duits, óf met 'n verkeerde benaming deur Mentzel. Kore sou nog vir 'n lang tyd nie aangetref word nie. Theal sê ook definitief: "Choirs were unknown(28)".

In die ander gemeentes, Stellenbosch, Drakenstein, en later Roodezand en Swartland, het kerklike musiek nog die ou trant van gemeentelike sang onder leiding van die voorsinger gevolg. By een gemeente, Stellenbosch, het ons

/reeds

(26) McIntyre: Early Cape Organ bl.3-4.
(27) Mentzel: Description of the Cape V.R.S.4, bl.129.
(28) Theal: History ens. before 1795, Deel III, bl.377.

reeds die begeerte opgemerk om 'n orrel te verkry. Dit wil voorkom asof die de la Fontaine-orrel die enigste orrel aan die Kaap was, altans wat geskik was vir kerklike gebruik, anders sou daar nie so 'n wedywering tussen die twee gemeentes gewees het om dit in die hande te kry nie.

Die Kerk blyk dus ook in Suid-Afrika 'n bolwerk van die musiek te gewees het. In die kerk het almal 'n kans gekry om in erns te bid, te smeek, te kla, te jubel en lof te sing deur middel van die Psalms. Musiek het uit die staanspoor 'n groot deel gehad in die eredienste en dit het ongetwyfeld veel gehelp om die liefde vir en die begrip van die kuns wakker te hou en te voed.

Naas die eredienste, het die Kerk ook ander geleenthede geskep om die Psalms te beoefen en aan te leer. In 1706 het die Kaapse Kerk 'n spesiale katkisasieklas ingestel, "moetende de Schoolmeesters alle Woensdagen haar schoolkinderen onder 't luyden van de kerkklok, selfs in de Kerk lyden; alwaar dan een gebed gedaan, gesongen, en de beginselen van de leer der waarhyd haar ingeboesemt en daar in onderwesen worden[29]". Hierdie weeklikse klas het soveel byval gevind dat al gou nie alleen 120 kinders daarvan gebruik gemaak het nie, maar dat selfs bejaardes dit kom aanhoor het[30].

Ook in die skole het psalmsang nog steeds as 'n belangrike vak gegeld. Ons het vermeld dat sieketroosters as onderwysers in kerkskole opgetree het. "Dat sang 'n saak van groot belang was by 'n voorleser-voorsinger-onderwyser, kan ons maklik begryp[31]". Dit was voor 1700 die geval, soos ons reeds getoon het, en in die agtiende eeu sou dit nog toeneem.

/In

(29) Spoelstra: Bouwstoffen Deel I bl.37.
(30) du Toit: Onderwys aan die Kaap bl.31.
(31) Idem: bl.146.

In 1714 het Goew. de Chavonnes die eerste onderwyswet vir die Kaap opgestel. Deur die wet is onderwys aan strenger kontrole onderwerp. Regulasies wat die aanstelling van onderwysers, die manier van onderwys, die vakke en die skoolboeke voorskryf, is daarin neergelê. Van besondere belang vir ons studie is die regulasie wat neerlê dat onderwysers die kinders op vasgestelde tye moet oefen "in't singen der psalmen", sodat hulle in staat sal wees om die gemeente daarmee behulpsaam te wees[32].

Die wet was van toepassing op alle onderwysers aan die Kaap. Ons kan dus aanneem dat die psalms op alle skole aan die kindere geleer is. By die ondersoek van aspirant-onderwysers het die vermoë om onderwys in sang te gee, ook dikwels as 'n spesiale aanbeveling gegeld.

In die eerste ondersoek wat deur die Raad van Skolarche in 1737 waargeneem is, is die kandidaat, David Prins, se sang ook getoets[33]. Later het vir Alexander de Cok, Jacobus Maurits en Job Jacobez, ook as besondere aanbeveling gegeld dat hulle tydens ondersoek ook in sing bekwaam gebleik het. De Cok is nl. in staat gevind "om de jeugd in den godsdienst, als mede in het schrÿven, cÿferen, leesen, singen etc. te kunnen onderwÿzen", terwyl die ander twee "goed genoegen quamen te geven", nie alleen rakende die godsdiens, "maar ook omtrent het schrÿven, cÿfferen, singen en wat verder in de persoon van een schoolmeester vereischt werd"[34].

In die skole, beide die openbare en die kerkskole, het sang dus as 'n volwaardige vak gegeld[35]. Een meester het besonder uitgeblink weens sy sangonderwys. Hy was Jacobus de Mens, wat van 1712 tot 1714 by Willem Wiederholt as

/huisonderwyser

(32) du Toit: Onderwys aan die Kaap bl.87.
(33) Idem: bl. 96.
(34) Idem: bl.99.
(35) Idem: bl.113.

huisonderwyser in loon was en van 1715 tot 1719 die betrekking as voorleser-voorsinger-onderwyser in Stellenbosch beklee het(36). "Dit blyk uit 'n ongedateerde brief waarin hy in antwoord op 'n skrywe van 16 Februarie, 1735 aan Adolf Hofman, sieketrooster aan die Kaap, as volg skrywe: "Ik segge dan nogmaals dank voor de notivicatie van de Caapse vrienden, en was wonderlik verheugt te mogen hooren, dat mijn gering onderwijs vegens de sangkonst nogh van dat gevolgh is geweest, dat er andere zijn door gestight en onderwesen. ..." (37). Dat sy sangonderwys na 15 jaar nog onthou is, is bewys van sy ywer in die rigting. Hy het ook 'n mooi getuigskrif van die Kerkraad van Stellenbosch by sy aftrede in 1719 ontvang(38).

Naas die onderwys wat in openbare en kerkskole verskaf is, was huisonderwysers ook nog gewild. Mentzel, wat self as huisonderwyser by Siegfried Allemann, kaptein van die garnisoen, diens gedoen het,(39) vertel dat so 'n onderwyser se lewe baie gelukkig was. "He can always go from one farmer to another as the children under his care grow up; reading, writing, arithmetic and the catechism are all he teaches."(40). Die huisonderwyser het dus dieselfde vakke doseer as in die skole. In een geval het 'n tamboerslaer Pieter de la Boscanje (of la Buscaigne), wat in 1710 aan die Kaap aangekom het(41), as huisonderwyser by Philip Minar diens gedoen(42).

Hier is dus genoeg bewys dat in alle vertakkinge van die onderwys aan die Kaap, kerkskole, openbare skole en huisonderwys, sangkuns, d.w.s. die leer van Psalms, besondere

/aandag

(36) du Toit: Onderwys aan die Kaap bl.73.
(37) Idem, bl.146.
(38) Leibbrandt: Precis-Requesten Deel I, bl.353.
(39) Mentzel: Life at the Cape V.R.S.2. bl.1.
(40) Idem, bl.150.
(41) Leibbrandt: Precis-Requesten Deel 1, bl.351.
(42) du Toit: Onderwys aan die Kaap bl.72.

aandag geniet het.

Die Gereformeerde Psalms, met hul Franse musiekoorsprong en Nederlandse beryming van waarskynlik Datheen, het dus met die verloop van jare 'n steeds belangriker plek in die musieklewe van die Kaap ingeneem. Hulle het 'n inherente deel van die predikante in die Kerk gevorm, was 'n noodsaaklike deel van die Katkisasie en is in alle vertakkinge van die onderwys as vak geleer. Teen 1750 was dit al vir 'n honderd jaar die geval, sodat hulle al hul stempel op die musikale denke van die toekomstige Afrikaners moes gelaat het, net soos die Bybeltaal hulle spraak beïnvloed het.

Hoewel die Gereformeerde godsdiens die enigste godsdiens was wat die Kompanjie veroorloof het, was daar 'n hele aantal Lutherane aan die Kaap. Meeste van die Duitsers was Lutherane sodat belyers van dié geloof gedurende hierdie periode vermeerder het. In 1742 het hulle 'n dringende petisie tot die regering gerig om hulle 'n eie predikant en kerk toe te staan, maar dit is afgewys. Hulle het slegs verlof gekry dat predikante van Deense skepe in privaat huise dienste mag hou(43). Hulle was dus vry om hulle godsdiens tuis te beoefen, 'n vryheid waarvan hulle seker gebruik gemaak het. Op hierdie wyse het die Lutherse kerkmusiek na Suid-Afrika gekom en het die skat van korale, wat vir Hervormde Duitsland so 'n bron van krag en inspirasie was, ook aan die Kaap uit menige huis omhoog gestyg.

In 1737 het 'n Hernhutter-sendeling, Georg Schmidt, hom in Suid-Afrika kom vestig om onder die Hottentots te arbei. Hy het egter in botsing met die Regering en die Kerk gekom en het in 1744 weer vertrek(44). Dit is moontlik

/dat

(43) Theal: History of South Africa before 1795, Deel III bl.58
(44) Idem: bl.59-60.

dat hy van musiek ook gebruik gemaak het in sy bekeringswerk en dat hy die Duitse korale aan enkele Hottentotte geleer het. Dit kon egter geen blywende uitwerking gehad het nie.

## C. HUISGODSDIENS:

In Hoofstuk IV (bl.30) het ons opgemerk dat daar feitlik geen bewys van die beoefening van huisgodsdiens voor 1700 was nie, maar dat dit nie die moontlikheid daarvan uitsluit nie. Die periode 1700-1750 lewer ewemin bewys van die beoefening van huisgodsdiens. Dit is moeilik verklaarbaar want, soos ons later sal sien, maak byna elke reisiger teen die einde van die eeu melding daarvan. Moet ons aanneem dat huisgodsdiens nog nie 'n instelling by die koloniste was nie, of skort dit by ons informante wat eenvoudig nie daarvan melding maak nie?

Adam Tas, wie se Dagboek die eerlikste en mees intieme blik op die huislike lewe van daardie tyd gee, rep daar geen woord van nie. Op Sondag, 28 Junie, 1705, skryf hy wel:(45) "Op uate [illegible] niemand van ons na de kerk geweest.... Weshalven mijk [illegible] leezen en een psalm te zingen desen dag hebbe door [illegible]", maar dit was Sondag en slegs bedoel om die plek van die gewone erediens in te neem. Nietemin bewys dit dat die koloniste wel somtyds huisgodsdiens gehou het. Meeste reisbeskrywers van die tyd het nie veel intieme kontak met die gewone mense gemaak nie, sodat hulle dit moontlik nie opgemerk het nie. Dit is ook moontlik dat vir mense soos Adam Tas huisgodsdiens so 'n alledaagsheid was, dat hulle dit as te vanselfsprekend beskou het om te vermeld. Die gebrek aan ~~informasie~~ regverdig nie 'n opvatting dat huidgodsdiens nie beoefen was nie.

/Ken

(45) Fouché: Dagregister van Adam Tas bl.20.

Een skrywer skyn daarvan oortuig te wees dat huisgodsdiens wel al 'n gevestigde instelling was. Dominicus sê: (46) „Vroeg in den morgen stond men op en nadat men koffie had gedronken, deed men samen het morgengebed, waarby dan gewoonlik ook een psalm of gezang uit het boek van Willem Sluiters werd gezongen. .....om 7 uur werd het avondmaal gebruikt. Daarna had men weer een godsdiensoefening voor het gehele gezin en om 9 uur lag ieder in bed". Dominicus vermeld nie die bronne van sy informasie nie. Sy lys geraadpleegde werke sluit ook 'n groot persentasie werke in wat oor die periode na 1750 handel, terwyl eie ondersoek van die oorblywende werke geen sulke informasie bevat nie. Dit lyk dus of hy 'n oordeelfout begaan het en 'n toestand beskryf wat in werklikheid eers later geheers het. Maar soos ons reeds gesê het, is dit moontlik dat hy gelyk het.

Van groot belang hier is die vroegste vermelding van Willem Sluiter se gesangboek in Suid-Afrika. Willem Sluiter was in lewe 'n Hollandse predikant in Eibergen en later in Houveen. Hy is gebore in 1627 en oorlede in 1673 en het gedurende die laaste 14 jaar van sy lewe 'n groot aantal stigtelike digwerke, gebaseer op die Bybel, geskrywe. Die titels dui ook die strekking van die werke aan: Buiten Eenzaam Huis; Zomer en Winterleven; Tien Boeken der Gesangen; Eybergsche Zanglust; Vreugde en Liefdezangen; Christelyke Doodsbetrachtingen; Lykrede; Psalmen en Lofzangen; Geestelyke Liedekens; 't Hooglied Salomons; Jeremia's Klaagliederen; Lofzange Maria; Triumpheerende Christus.

Geen musiek is by die liedere gedruk nie, maar bo-aan elke gedig word een of ander bekende volkslied vermeld op

/die

(46) Dominicus: Het huiselik ens. bl. 45.

die wysie waarvan die lied gesing kan word. So word die volgende melodieë byvoorbeeld aanbeveel: O nagt, jaloerse nagt; Al wie Godsaliglijk; 't Herte door uw liefd bevangen; La Pluimes; Merea, schoonste van; Reveillez vous; De geest en kan in kruys; Wilhelmus; Ick dank die lieber Herre; Zoo heb ik kok laritken; D'Onnooz'le siel, de slegte maagd; Rosemont die lag gedoken; Das mein gemut in angst und sorgen schwebet; O Kerstnacht schoonder dan de dagen; Als ik als een duive kirre; Petit bourdeaux; O Gottes stad, O Himlisch licht; Prins Robberts Mars en Aus meines Herzens Grunde (sien ook bl.18).

Sluiter se liederbundels is dus op dieselfde wyse saamgestel as die Souterliedekens (sien Hoofstuk II bl.9). Dat hulle besonder gewild was, bewys die feit dat hulle vir meer as oor 'n honderd jaar gedurig herdruk is om in die groot aanvraag te voorsien.

Die wysies wat aan die hand gedoen word om die liedere op te sing, is 'n uitstekende aanduiding van welke liedere omstreeks die einde van die 17e eeu alombekend was. Opmerklik is die feit dat die versameling 'n hele paar Franse en Duitse liedere insluit. Dit is ook duidelik dat die liedjies nie altyd van 'n baie stigtelike aard was nie, te oordeel na sulke titels soos "D'Onnoozle siel, de slegte maagd". Ons het klaarblyklik hier te doen met die soort populêre stigtelike liedere wat al van omstreeks 1400 bestaan en vandag nog voortleef, ook onder die Afrikaners, in die vorm van "Halleluja-bundels".

Hoewel ons slegs Dominicus se onsekere bewering het dat hierdie bundel al voor 1750 in Suid-Afrika in gebruik was, dui alles daarop dat dit wel die geval is. Sluiter se werke het teen 1700 al etlike herdrukke beleef en dit sou

/inderdaad

inderdaad verbasend wees as eksemplare daarvan nie teen daardie tyd al na die Kaap deurgesypel het nie. In die Voortrekker-museum in Pietermaritzburg, is daar 'n eksemplaar wat in 1716 al gedruk is. Met veiligheid kan dus beweer word dat Sluiter se gesangbundel voor 1750 al deur die koloniste gebruik is en dat Dominicus gelyk het waar hy beweer: (47) "Die Bybel en het gesangboek van Willem Sluyters waren de enige boeken die men kende".

Hier is dus die eerste bewys dat die psalms nie meer die enigste godsdienstige musiek is wat deur die Kapenaars gesing is nie. Ons sal nog later sien tot watter mate Sluiter se bundels die psalms verdring het by die burgerlike bevolking. Vir die periode onder bespreking het ons hiervan egter geen bewys nie. Dit is opmerklik dat Sluiter nêrens in verband met die kerk se eredienste genoem word nie en dus blykbaar net onder die gewone mense in gebruik was, wat tewens ook bewys lewer dat hulle wel huisgodsdiens beoefen het. Dat hierdie toestand van sake mettertyd belangrike gevolge kon hê, veral in die afgeleë wyke waar die mense selde die kerk kon besoek en min of meer hul eie gang gegaan het, is klaarblyklik.

Van huisgodsdiens en die beoefening van godsdienstige musiek deur die gewone mense gedurende die periode 1700-1750, is daar dus maar karige bewyse. Die wat wel te vinde is, dui daarop dat die liedere van Willem Sluiter, gesing op die wysies van bekende volksliedjies, hul plek langs die psalms begin inneem het.

(47) Dominicus: Het huiselik ens. Bl. 40.

## D. SEKULÊRE MUSIEK VAN DIE KASTEEL EN GARNISOEN.

In Hoofstuk IV het ons gevind dat daar teen die einde van die 17e eeu waarskynlik twee trompetters en twee tamboere as professionele musikante aan die garnisoen verbonde was. Hulle het seremoniële musiek by alle soorte geleenthede gelewer en ook kennis gegee van allerlei sake. Met spesiale geleenthede is amateur musikante uit die garnisoen of uit die burgerlike bevolking bygehaal om hulle by te staan. Ons het ook gesien dat daar baie geleenthede was waarby musiek gelewer is, sodat die musikante nie ledig gelaat is nie.

Willem Adriaan van der Stel het met die hoë status van Buitengewone Raadslid van Indië na Suid-Afrika gekom. Dit is moontlik dat dit meegebring het dat die aantal musikante vermeerder is en dat die musikale ritueel van die Kasteel uitgebrei is. 'n Enkele brokkie inligting dui in die rigting. Kolbe vertel naamlik dat toe hy hom by sy aankoms aan die Kaap in 1705 aan die Goewerneur gaan bekendstel het, laasgenoemde hom sy verblyfplek gaan toon het. "(Er) liess sich auch also fort durch einen seiner Leibeigenen seinen Stock und Degen bringen, und gieng also unter Trompeten-Schall, mit mir durch die Wache aus der Vestung"(48)

Dit is die eerste keer dat hierdie funksie van die trompetter beskryf word. Op bl.37 het ons gesien dat Zacharias Wagenaar 'n trompetter saam met hom geneem het op sy inspeksiereis deur die Kolonie en daaruit afgelei dat die trompetter moontlik lid van die goewerneur se personeel was. Hier vind ons weer iets van die aard, aangesien die trompetter(s) musiek, waarskynlik 'n

/fanfare

(48) Kolbe: Vollständige beschreibung ens. bl.43.

fanfare, lewer as die Goewerneur die Kasteel verlaat. Trompetspel het moontlik ook ander funksies van die Goewerneur ~~ook~~ vergesel en was só nou verbonde aan sy amp, dat trompette ook op die graf van Simon van der Stel aan weerskante van sy wapen aangebring is(49).

Die tamboer~~slaers~~ was ook nog aktief ~~en verantwoordelik vir meer werk~~. ~~Hulle~~ het opgetree by installering van nuwe Goewerneurs. Kolbe beskryf die seremonie by die oordrag van die regering aan d'Ablaing deur W.A.van der Stel. Onder andere kom die volgende voor(50): "unten aber stunden in einem Kreyse die Soldaten in Parade, und um dieselbe herum die Bürger; verfolgendes ward die Trommel gerühret und so bald dieselbe aufgehöret, ist überall ein gantzliches Stillschweigen....."

By die begrafnisse van hooggeplaaste persone het hulle ook opgetree. "Es giengen nemlich vor der Leiche 2 Compagnie Soldaten, ......in der mitten hatte eine jede Compagnie einen Trommel-Schläger, dessen Trommel mit schwartzen Tuch überzogen war, damit der Klang derselben dumper und todenhafft klingen möchte....."

~~In die tyd~~ Tydens die bewind van Goewerneur van Assenburgh, was dit die gebruik van die vooraanstaande burgers om hom op sy verjaarsdag en op Nuwejaarsdag te gaan besoek. Hulle het gewoonlik tussen 10 en 11 uur in die móre na die Kasteel gegaan. Die Goewerneur het hulle dan uitgenooi vir ete en hulle het nie weer vertrek voor 9 uur die aand nie. Met die jaarlikse milisie-oefeninge is die offisiere van die burgermag ook ~~by~~ deur die Kasteel onthaal(51) en so was daar menige ander funksies en geleenthede waarby die musikante waarskynlik musiek verskaf het. Veral ontvangste van skeepslui

/het

(49) Valentyn: Keurlyke beschryving bl.15.
(50) Kolbe: Vollständige Beschreibung ens. bl.793.
(51) Theal: History ens. before 1795 Deel III, bl.55.

het dikwels voorgekom.

Musiek word nie vermeld by die funksies nie. Kolbe vertel egter (52) dat burgers somtyds die Goewerneur se musikante gehuur of geleen het vir bruilofsdanse. Dit is 'n waardevolle brokkie informasie, want dit lewer bewys dat die Goewerneur oor 'n orkes beskik het wat dansmusiek kon lewer. So 'n orkes sou uit meer instrumente as trompette en tamboere moes bestaan het en dit wil dus voorkom asof die garnisoen se musiekkorps intussen uitgebrei is. Aanduidings is egter vaag.

Dit is ook logies om af te lei dat, as die burgers gebruik gemaak het van musiek by hul feestelikhede, die Goewerneur dit veel eerder sou gedoen het. Ons kan dus aanneem dat musiek wel by al die genoemde funksies voorgekom het.

Die tamboerslaer(s) en trompetter(s) se pligte het dus nog van dieselfde aard gebly en slegs verder uitgebrei. Dit is eienaardig dat trompetspel nie by die installeringsplegtigheid of by begrafnisse voorgekom het nie. Die posisie van die tamboer teenoor die trompetter is nie heeltemal duidelik nie en die juiste omvang van hulle werksaamhede tot hierdie tyd, kan nie bepaal word nie.

Naas die tamboerslaers van die garnisoen was daar nog dié van die burgermagte. Hulle posisie is ewe vaag. In Hoofstuk IV kon ons tot geen klaarheid geraak oor hulle posisie voor 1700 nie. Moontlik was hulle professionele spelers wat deeltyds diens saam met die burgermag gedoen het; of hul kon amateurs uit die burgerlike bevolking gewees het.

Uit sekere informasie wil dit voorkom of laasgenoemde moontlikheid in werklikheid die geval was. Dat tamboerslaers

(52) Kolbe: Vollständige Beschreibung ens. bl.710.

slaers onder die burgerlike bevolking te vinde was, bewys 'n aanhaling uit Theal[53]: "In the early morning of the 18th September (1706) the farmers of Waveren, Riebeek's Kasteel, and Drakenstein rode armed into the village of Stellenbosch, and at beat of drum drew up near the landdrost's office. Starrenburg went out to them, and requested the drummer to be still; but that individual, who was a Frenchman, kept on beating, only observing that he did not understand Dutch. Some persons to show their contempt for the landdrost, began to dance round the drum"[53].

Daarbenewens vermeld Kolbe dat die burger-krygsraad slegs boete-straf kon oplê en dat die geld wat op die manier ingesamel is, onder andere "auf Anschaffung neuer Trommeln" bestee is[(54)].

Pieter de la Boscanje (of la Buscaigne) bied 'n voorbeeld van 'n tamboersmaat wat vryburger geword het. Hy het in 1710 in die Kaap aangekom en in 1717 om sy ontslag gevra[(55)], nadat hy 'n tydlank as skoolmeester in diens van die landbouer Philip Minar was (Sien bl.73).

Tamboerspelers was dus wel onder die burgerlike bevolking aan te tref en reëlings is ook getref vir die aanskaffing van nuwe tamboere uit die boetes wat deur die burgerkrygsraad opgelê is. Die tamboer of tamboere van die burgermag was dus heelwaarskynlik burgerlike persone.

Die name van twee van die professionele musikante wat tussen 1700 en 1720 diens gedoen het, is aan ons bekend. Die tamboersmaat Pieter de la Boscanje is reeds genoem. In 1713 het Jan Jerominus as matroos aan die Kaap aangekom. In dieselfde jaar is hy aangestel as trompetter teen 'n

/salaris

(53) Theal: History ens. before 1795 Deel II, bl.439.
(54) Kolbe: Vollständige Beschreibung ens. bl.623.
(55) Leibbrandt: Precis-Requesten Deel I, bl.351.

salaris van 16 gulden per maand. In 1718 het hy verlof gevra om weer na Nederland terug te keer(56).

Geen nuwe instrumente word vermeld in verband met musiek by die Kasteel in die eerste kwart van die agtiende eeu nie. Dit mag te wyte wees aan die gebrek aan waarnemers met 'n oog en 'n oor vir musiek (Kolbe het hom meer by die burgerlike bevolking en die inboorlinge bepaal). Die informasie wat daar wel is, vermeld slegs trompetters en tamboerslaers met aanduidings dat daar ook ander instrumente gewees het, wat geskik was vir die lewering van dansmusiek. Die moontlikheid bestaan dus dat daar wel 'n groter musiekkorps vir die Kaapse garnisoen gegroei het uit Simon van der Stel se orkes van 1685. Wat wel duidelik is, is dat die aktiwiteite van die musikante aansienlik uitgebrei het.

Die tweede kwart van die 18e eeu aan die Kaap, het in Mentzel 'n skerpsinnige waarnemer gehad, wat veral in musiek ook belanggestel het. Sy informasie is uitvoerig en duidelik, in so 'n mate, dat mens onwillekeurig wonder of die gebrek aan inligting oor die vorige periode nie grootliks te wyte is aan die afwesigheid van simpatieke waarnemers nie. Omdat hy self 'n soldaat was en daarby goed bevriend met die Kaptein van die garnisoen, Allemann, het hy 'n intieme kennis van die garnisoenslewe opgedoen en is sy informasie dus van besondere waarde.

Mentzel sê(57): "The regular military force at the Cape is generally reckoned at 200 men. This includes all those who actually wear uniform and remain under arms; officers, non-commissioned officers, hautbois players and /trumpeters

(56) Leibbrandt: Precis - Requesten Deel II, bl.601.
(57) Mentzel: Life at the Cape ens. bl.149.

trumpeters as well as ordinary soldiers"[37]. Verskeie kere meld hy meer spesifiek 2 trompetters, 6 hobospelers en 2 tamboerslaers, sodat ons kan aanneem dat dit die samestelling van die musiekkorps was.

Vir die eerste keer vind ons hier duidelike, ontwyfelbare vermelding van 'n regte orkes in voltydse diens aan die Kaap as deel van die garnisoen. Reeds in 1685 het Simon van der Stel 'n groep musikante saam met hom op sy reis na die Koperberge geneem. Ons het egter tot die gevolgtrekking geraak dat dit slegs 'n geleentheidsorkes was, bestaande hoofsaaklik uit amateurs, en nie 'n voltydse, professionele korps soos die waarvan Mentzel skryf nie. Later, omstreeks 1705, verstrek Kolbe ook inligting wat dui op 'n moontlike orkes van die Goewerneur. Sy inligting is egter te vaag om daaruit vas te stel presies wat die toestand was. Voor Mentzel se tyd (ongeveer 1730-40) kan ons dus nie met sekerheid sê dat daar 'n orkes aan die Kaapse garnisoen verbonde was nie.

Nogtans moet ons die feit onder die oë sien dat daar skielik omstreeks 1730 so 'n groot kombinasie aan die Kaap aangetref word, hoewel daar geen skielike verandering in die status of populasie van die kolonie of in die grootte van die garnisoen plaasgevind het, wat onverwags die teenwoordigheid van so 'n orkes vereis het nie.

Met inagneming van dié feit en ook van die uitgebreide aktiwiteite van die orkes (wat hierna uiteengesit sal word), skyn daar net een verklaring te wees. Dit is dat, deur die jare heen, selfs sedert die tyd van Simon van der Stel, die garnisoen se musiekkorps geleidelik uitgebrei is, van sowat 2 trompette, 2 tamboere en moontlik 1 of 2 hobo's in 1685, tot die orkes wat Mentzel beskryf in 1730. Presies hoe die musiekkorps gegroei en uitgebrei het, is duister, weens gebrek aan duidelike inligting.

/Die

Die Kaapse musiekkorps van 1730 is min of meer die standaard militêre blaasorkes van die tyd[58]. Dit is 'n belangrike feit, wat nog duideliker word as mens byvoorbeeld daarop wys dat die Hofkapel van Weimar, indertyd een van die groot musieksentra van Europa, maar uit 3 viole, 1 cello, 1 fagot, 6 trompette en 1 tamboer bestaan het[59]. Kaapstad was dus, wat die grootte van sy musiekkorps betref, net so goed en beter daaraan toe as Europese dorpe van dieselfde grootte.

Die werksaamhede van die orkes was veelvuldig. Hulle het deelgeneem aan meeste van die daaglikse militêre seremonies by die Kasteel, waarvan die ~~omruil van die~~ omruiseling van wagte die belangrikste was. Sodra die patrollie na die waghuis teruggekeer en die wagwoord gegee het, speel die trompetters die oggendlied ~~("morning-call")~~ en verskeie ander stukke vanaf die trappe van die Goewerneur se huis. Daarna speel die hobospelers en tamboerslaers die wekroep (reveille). Teen sewe-uur hou die ~~tamboerslaers en~~ een hobospeler hulle in gereedheid om met die klokslag die aantreeoproep te speel.

Omstreeks ag-uur maak die offisier van die wag sy verskyning, begelei deur die ses hobospelers. Die manskappe van die nuwe wag word tot aandag geroep en klokslag ag-uur marsjeer hulle voort op maat van tamboer- en hobospel. By die waghuis aangekom, begin die hobo's weer speel sodra die offisiere uitmekaar gaan en hulle hou aan met speel totdat die korporaale terugkeer om te rapporteer dat die wagte afgelos is. Daarop vertrek die ou wag en die nuwe neem die waghuis in[60].

Die ou gebruik om die seremoniële ~~omruil van die~~ omruiseling van wagte met musiek op te luister, duur dus voort. Dat ons hier egter met 'n veel uitgebreider seremonie as tevore te doen het, is duidelik. Dit is waarskynlik te wyte aan die feit dat garnisoen, wag en musiekkorps algar geleidelik groter geword het. As in aanmerking geneem word dat hierdie seremonie verskeie kere

/gedurende

(58) Sien Hoofstuk V en ook Carse: The Orchestra in the 18th Century.
(59) Terry: Bach's Orchestra, bl.3-4.
(60) Mentzel: Life at the Cape, ble. 158-160.

gedurende die dag en nag plaasgevind het, is dit duidelik dat die orkes met hierdie taak alleen nie onledig gehou is nie. Ander daaglikse pligte is die volgende: Tussen twaalf en een-uur, die Goewerneur se etenstyd, word musiek op die trappe van die ~~Goewerneur se huis~~ sy woning gelewer deur die trompetters. Militêre musiek, vermoedelik funfares, word ook deur hulle gelewer wanneer die Goewerneur vertrek van die Kasteel of daarheen terugkeer(61). Saans om ses-uur, wanneer die ambagsmanne en slawe werk staak, speel die ses hobospelers omtrent 'n halfuur lank voor die barakke, eers 'n aandlied en dan verskeie ander stukke. Na die aandgodsdiens speel die trompetters 'n aandlied en ander musiek en onmiddellik na tienuur volg 'n taptoe, gespeel deur die tamboerslaers en 'n hobospeler(62).

Ons sien hier weer vermelding van die gebruik om musiek te maak tydens die Goewerneur se etenstyd, soos ons dit by Van Riebeek aangetref het (Sien Bl.36). Hier is ook weer die eerste vermelding van musiek aan die einde van die dag en weer val die geweldige uitbreiding daarvan op in teenstelling met die enkele trompetmelodie wat op skepe gebruiklik was (Sien Bl.18). Dit is jammer dat Mentzel nie duideliker is oor die musiek wat die hobospelers saans teen werkstaaktyd gespeel het nie. Wat sou die doel van hierdie halfuur se spelery gewees het? Was dit slegs 'n teken om werk te staak of gereed te maak vir ete, of was dit bedoel as 'n ontspanningsperiode, met ander woorde, die eerste musiek wat amptelik verskaf is vir geen ander doel as om na te luister nie?

Dit is dan die daaglikse seremonieël waaraan die orkes deelgeneem het, volgens Mentzel se verskillende berigte. Hy beskryf egter nog ander toevallige take van die orkes ook. Die eerste dag van elke maand was 'n vakansiedag waarop die hele wag ontspan en feesgevier het. Drank was volop en na ete het die musiekkorps gespeel; dit is gevolg deur dansery wat gewoonlik

/geduur

(61) Mentzel: Description ens. VRS.6. bl.69.
(62) Mentzel: Life at the Cape bl.160.

geduur het totdat die drankvoorraad uitgeput is. Indien genoeg persone met toneel-aanleg gevind kon word, is af en toe selfs 'n komedie opgevoer(63).

Die jaarlikse vakansie met die milisie-oefeninge is ook [struck out] met musiek deur die orkes. By die geleentheid het die burgerkrygsraad boetes van een of twee gulden geld op burgers wat hulle aan sulke oortredings soos afwesigheid van driloefeninge skuldig gemaak het. Geld op die wyse ingesamel is bestee aan die aankoop van nuwe tamboere of aan fooitjies vir die hobospelers en trompetters. Dit beaam Kolbe se opmerkings van sowat dertig jaar vroeër (Sien bl. 82).

Benewens hierdie gereelde funksies moes die orkes ook op alle offisiële onthale, bale en dergelyke geleenthede musiek verskaf, en in 'n tydperk waarin die lewe met soveel prag en praal gepaard gegaan het, was daar baie sulke geleenthede.

In Januarie 1743 het baron Gustaf Willem van Imhoff, Goewerneur-generaal van Nederlands-Indië, by die Kaap aangedoen op weg na Batavia. Hy was met veel seremonie en vertoon ontvang(64).

Die 29e November, 1747, was gevier as 'n openbare vakansiedag ter ere van die Huis van Oranje. Bals by die Goewerneur se woning op twee agtereenvolgende aande was deel van die feestelikhede, maar in daardie tyd het almal teen middernag huiswaarts gekeer(65). Mentzel vertel van die feesvierings met die inswering van Hendrik Swellengrebel as Goewerneur, dat "for the men there was tilting and shooting, while the women amused themselves with dancing in the tents"(66).

Mentzel vertel ook van 'n onthaal wat deur Goewerneur van Noodt gegee is ter viering van die verlowing van Kaptein Allemann aan mej. Meiboom: "The Governor sent a messenger around to the principal gentlemen and servants of the company, inviting them, together with their wives and grown-up sons

/and

(63) Mentzel: Description ens. VRS.5. Bl.71.
(64) Theal: History ens. Deel II, bl.113.
(65) Idem, bl.135.
(66) Mentzel: Life at the Cape, VRS.2. bl.111.

and daughters, to attend a ball that was to be held that day at the Castle. The trumpeters and six hautbois players from the garrison were summoned.........Thereafter the guests all left the supper-table and fell to dancing. They amused themselves till midnight with English country dances which were all the rage at the Cape and are beautifully danced there"(67).

Dit blyk dus dat Kaapstad homself ook in hierdie opsig sou kon gehandhaaf het teen enige Europese dorp van dieselfde grootte. Die paar gevalle wat hier genoem is, is ongetwyfeld slegs enkele voorbeelde van dergelyke funksies wat dikwels dwarsdeur die jaar plaasgevind het.

Op die feeste, onthale en bale waarop die orkes moes optree, moes hulle hulle hoofsaaklik bepaal by dansmusiek, hoewel seremoniële fanfares en dergelyke musiek seker ook gelewer is, veral by geleenthede soos die ontvangs van Van Imhoff. Mentzel beskryf ongelukkig nie die seremoniële inhuldiging van Goewerneurs nie. Dit sou interessant wees om te weet hoe die rol van die orkes by die funksie vergelyk met die gebruik wat daar vroeër van tamboere gemaak is, soos Kolbe dit beskryf (Sien Bl. 80).

Dat die orkes wel 'n deel aan die verrigtinge sou gehad het, kan ons aflei uit die feit dat, met Van Noodt se terugkeer van 'n rondreis deur die kolonie, "the soldiery had been drawn up outside the Castle to welcome the Governor......had their colours flying and their drums and fifes playing"(68). By die veel belangriker seremonie met die inswering van 'n Goewerneur, sou hulle gewis ook opgetree het.

Mentzel gee egter 'n volledige beskrywing van die begrafnis van Van Noodt, waaruit die musiekkorps se aandeel aan hierdie seremonie duidelik blyk. "First came the two trumpeters, their trumpets being muffled and enwrapped with crape; then an Ensign, with pike reversed and draped in black, leading six hautbois

/players

(67) Mentzel: Life at the Cape VRS.2, bl.71-2.
(68) Idem: bl.63.

players, to whose instruments crape had been fastened.....the drums were muffled..........After this the men marched back again with drums beating, and never has the return march 'Praise God that he is dead' been played with greater liveliness than on this occasion"(69). Met die teregstelling van misdadigers het die troepe ook na die teregstellingsplek gemarsjeer op maat van die musiekkorps se spel(70).

As hierdie besonderhede vergelyk word met die wat Kolbe in dieselfde verband verstrek (sien Bl. 80), val dit dadelik op dat, waar Kolbe slegs die trommelslaers in verband met hierdie seremonies noem, Mentzel die hele orkes vermeld. En tog was daar in Kolbe se tyd ook trompetters wat hy weldeeglik raakgesien het. Dit wil dus voorkom asof ons hier ook met 'n uitbreiding van die pligte van die musikante te doen het.

Enkele ander pligte van die musikante word hier en daar vermeld. Die tamboerslaer van die waghuis het byvoorbeeld opgetree as brand-alarm(71), terwyl die twee trompetters 'n deel gevorm het van die Goewerneur se persoonlike wag(72). Albei hierdie funksies het ons reeds van die vroegste tyd af aangetref.

Die orkes was dus, as geheel of in afdelings, besonder aktief en het daagliks 'n aansienlike hoeveelheid musiek gemaak. Daar blyk ook heelwat verskil in die status van die trompetters aan die eenkant en die hoboespelers en tamboerslaers aan die anderkant te wees. Die trompetters was op die Goewerneur se persoonlike staf en het belangriker werk gedoen. Hulle het die begin en einde van die dag sowel as die aankoms en vertrek van die Goewerneur aangekondig, musiek verskaf tydens sy etensuur en hom vergesel op al sy reise. Hulle het ook voor geloop in die begrafnisstoet.

Die hoboespelers en tamboerslaers daarenteen was meer bepaald gekoppel aan die soldate. Hulle het die marsmusiek verskaf

/as

(69) Mentzel: Life at the Cape VRS.2. bl.88.
(70) Mentzel: Description ens. VRS.6. bl.73.
(71) Botha: Social Life ens. bl.24.
(72) Mentzel: Life at the Cape ens. VRS.2. bl.63.

as die wagte omgeruil word of wanneer die soldate op parade is en ook saans slegs by die barakke gespeel. Dit is alleen by onthale, feeste, bals en dergelyke funksies wat albei seksies van die orkes gesamentlik opgetree het.

In hierdie tydvak het musikante in Europa gewoonlik hulle musikale ampte verbind met ander werk. 'n Orrelis was byvoorbeeld ook klerk van die kombuis, terwyl 'n hobospeler ook as lakei diens gedoen het(73). Waar veral die hobospelers aan die Kaap sulke ligte werk gehad het, sou mens soortgelyke hier ook verwag. Mentzel verseker ons egter dat "During the rest of the day or evening they have absolutely nothing to do and may go where they please, saving that they may be called upon to play at official receptions whenever ordered by the Governor"(74). Dit wil dus voorkom of die musikante se diensvoorwaardes in hierdie opsig nogal voordeliger was in die Kaap as in Europa.

Gelukkig beskik ons ook oor duidelike informasie insake die besoldiging van die musikante. Die trompetters het dieselfde besoldiging as 'n sersant ontvang, aan dieselfde tafel geëet en dieselfde kostoelae ontvang. Die hobospelers (en vermoedelik die tamboerslaers ook) het in die salarisgroep van die gewone soldate geval, met dieselfde kostoelae as 'n soldaat(75). Die juiste bedrae was 20 gulden plus 8 reale kostoelae per maand vir trompetters en 9 gulden plus 1½ reale kostoelae per maand vir hobospelers(76). Die verskil in status tussen die trompetters en hobospelers is dus ook weerspieël in hulle besoldiging. 'n Trompetter se salaris was 'n weinig beter selfs as dié van 'n orrelis (Sien bl.68).

Benewens hulle salarisse, het albei groepe egter talryke geleenthede gekry om geld te maak deur op huwelike, private danspartye ens. te speel(77). Ons het reeds gesien dat hulle op feeste

/gebaat

(73) Terry: Bach's Orchestra, bl.2.
(74) Mentzel: Description ens. VRS.6. bl.70.
(75) Idem: bl.69-70.
(76) Idem: VRS.4. bl.162.
(77) Idem: VRS.6. bl.69-70.

gebaat het by die boetes wat deur die burgerrade opgelê is, en in die volgende gedeelte van hierdie hoofstuk sal dit duidelik word hoeveel funksies daar was waarvoor die musikante in aanvraag was. Op die wyse moes hulle heelwat tot hul inkomste toegevoeg het, sodat veral die trompetspelers se lewensomstandighede betreklik goed was.

Een uiters belangrike aspek van die or... se bedrywigheid bly ongelukkig in duisternis gehul. Die musiek wat hulle gespeel het word beskryf as oggend- en aandliedere, fanfares of militêre musiek, maar dit is veels te vaag om vas te stel wat dit presies sou wees. In twee gevalle word meer spesifiek genoem die mars "Loof God dat hy dood is" (indien dit wel ernstig bedoel is) en 'n groep Engelse volksdanse of kontradanse. Verder niks. En tog was daar baie gespeel, saans vir 'n halfuur, bedags tydens etensuur, op onthale, feeste, bals, huwelike, partytjies.

Daar is ook net een karige verwysing na die gehalte van die spel. "These trumpeters were really only pipers and were quite untrained for their work; Herr Allemann, however, had so often sung or hummed to them certain military trumpet calls, that they could give some of them in the proper way"(78). Ons kan hieruit slegs aflei dat die spel nie van 'n hoë gehalte was nie en dat die musikante van gehoor en nie van musiek gespeel het nie.

Maar waar sou hulle nou eintlik al die musiek wat hulle moes speel vandaan gekry het? Sou hulle ook in ensemble-items van gehoor gespeel het? Watter tipe musiek sou dit gewees het; volksliedere en -danse, populêre liedere wat almal geken het of wat hulle van deurreisende matrose geleer het? Of sou hulle tog somtyds van musiek af gespeel het of minstens die stukke ingestudeer het? En het hulle nie miskien soms hulle eie musiek geskep nie?

/Hoewel

(78) Mentzel: Life at the Cape, VRS.2. bl.64.

Hoewel ons kennis arm van die hoër musiekaktiwiteite van hierdie periode, kan ons beswaarlik 'n duidelike denkbeeld vorm van hoe 'n orkes soos hierdie 200 jaar gelede gespeel het. As ons die toestande wat in die vorige hoofstuk geskets is in gedagte hou, die gebrek aan gedrukte musiek, die feit dat elke musieksentrum sy eie musiek moes skep, dat volkskuns nog feitlik die enigste musiek van die breë massas was en dat die improvisasiekuns nog floreer het, dan dring daar 'n paar ligstrale deur. Dat Willem Sluiter die vrymoedigheid gehad het om so 'n groot aantal liedere slegs by name te noem, wetende dat die mense die wysies sal ken, dien as bewys hoe algemeen-bekend dergelyke musiek was (Sien bl. 76). Van professionele musikante is so iets des te meer te verwagte.

Die musiek wat die musiekkorps dus gelewer het, het waarskynlik bestaan uit bekende fanfares en militêre musiek (deel daarvan van Duitse oorsprong, geleer van die Duitse kaptein Allemann), marse (waaronder "Loof God dat hy dood is"), populêre dansmusiek, soos Engelse en ander volksdanse, volksliedere soos die "Wilhelmus" en so meer. Van musiek van 'n hoër gehalte, regte kunsmusiek, is daar nog geen sprake nie. Die gebruike waartoe die orkes aangewend is, dui dit ook aan. Die pligte van die orkes, veelvuldig soos hulle was, het van hulle net gewone formele militêre musiek en anders dans- en ligte ontspanningsmusiek vereis.

Hoewel Kaapstad dus in 1730 reeds 'n voltydse blaasorkes van standaard-grootte gehad het, was die aktiwiteite van die orkes grotendeels tot die garnisoen en die Kasteel beperk. Hulle het egter dikwels genoeg in die openbaar opgetree om ook die burgerlike bevolking te beïnvloed en het beslis daartoe bygedra om aan die musiekkuns, al was dit van 'n elementêre aard, status te gee. Hooffeit is dat daar 'n orkes was. Die gebruik wat daarvan gemaak is, is 'n aanduiding van die algemene beskawingspeil van die Kaapse samelewing indertyd.

/Dit

Dit is opvallend dat Mentzel nooit melding maak van strykinstrumente nie, hoewel ons reeds omstreeks 1657 en 1685 viole in gebruik by die Kasteel gevind het. Dit versterk andermaal die opvatting dat die violiste in daardie gevalle amateurs was. Noudat die orkes 'n selfstandige eenheid is, is die dienste van die amateurs nie langer nodig nie.

## E. SEKULÊRE MUSIEK ONDER DIE BURGERLIKE BEVOLKING:

Die musikale aktiwiteite van die burgerlike bevolking is so nou verbonde aan en word tot so 'n groot mate bepaal deur die sosiale lewe van die gemeenskap, dat dit nodig is om by die ondersoek daarvan hier, die skets van algemene toestande in die eerste deel van hierdie Hoofstuk noukeurig in gedagte te hou.

Kaapstad, wat van ongeveer 250 huise in 1710(79) gegroei het tot sowat 500 huise omstreeks 1740(80), was die sosiale sentrum van die Kolonie. Dit was die enigste groterige dorp, die setel van die regering, die handelsentrum en die kontakpunt met die buitewêreld. Op sosiale gebied was Kaapstad besonder aktief, soos verder nog sal blyk. Hier vind ons die amptenare en die dorpsbewoners wat ons in Deel A van hierdie Hoofstuk onderskei het, terwyl veral die landbouersgroep ook gedurig met hulle kontak gemaak het. wes

Stellenbosch het ook mettertyd tot 'n dorpie aangegroei, maar dit het noulike as 'n sosiale sentrum gegeld. Saam met Drakenstein, Swartland, Roodezand en Swellendam, kan ons Stellenbosch ook as platteland beskou.

In die voorgaande deel het dit duidelik geblyk dat, hoewel die musiekkorps van die garnisoen hoofsaaklik by die Kasteel en voor die garnisoen opgetree het, dit tog so dikwels voor die burgerlike bevolking gespeel het, dat dit ook hier invloed gehad het. Burgers, al was dit net van die vooraanstaandes, was teenwoordig by meeste van die offisiële onthale en bale, terwyl

/almal

(79)(80) Valentyn; J.Maxwell (by Botha: Collectania), Rogers en Kolbe.
(79) Valentyn; J.Maxwell (by Botha: Collectania), Rogers en Kolbe.
(80) Mentzel: Life at the Cape VRS.2 bl.147.

almal die geleentheid gekry het om die orkes te hoor by die volksfeeste, jaarlikse Milisie-oefeninge en so meer. Buitendien het die Kasteel die pas aangegee in die sosiale lewe en wat daar plaasgevind het, het deurgewerk tot die burgerlike bevolking en vir laasgenoemde as voorbeeld gegeld. Die uitgebreide musikale aktiwiteite aan die Kasteel, met die musiekkorps aan die spits, het dus ook 'n groot invloed op die burgerlike bevolking uitgeoefen.

Die navolging van Kasteelgebruike is in verskeie sosiale aangeleenthede van die burgerlike bevolking te bespeure. 'n Huwelik was by uitnemendheid die feesgeleentheid. Gelukkig beskik ons oor twee uitvoerige beskrywings van huwelikefeeste uit die tyd, van Kolbe (omstreeks 1707) en van Mentzel (omstreeks 1735), sodat dit moontlik is om vas te stel wat die rol van musiek by die funksies was gedurende die hele periode onder bespreking.

Kolbe skryf as volg(81): Die feestelikhede het 'n aanvang geneem na die eerste afkondiging van die huweliksgeboole, waarop oud en jonk na die tuiste van die bruid gestroom het om gelukwense te bring, vrolik te wees, te eet en te drink en te dans. Veral die jongmense het die geleentheid uitgebuit "mit Essen und Yrincken, Tantzen und Springen, nebst allerhand anderer Lustbarkeit zu bringen und sich denn endlich gegen Mitternacht nach Hause und zu Bette begeben". Hierdie vrolikheid is elke dag opnuut voortgesit tot die Sondag waarop die huwelikseremonie plaasgevind het, soos die gebruik destyds was.

Na die voltrekking van die huwolik is 'n eetmaal in die huis van die bruid gegee. "Nach derselben geht ein lieblicher Tantz vor, wobey sich entweder die Musicanten des Herrn Gouverneurs, welche schon bey der Tafel aufgewartet und musiciret haben, wenn man den Herrn Gouverneur behörig um dieselbe angesprochen hat, hören und gebrauchen lassen; oder aber man behilft /sich

(81) Kolbe: Vollständige Beschreibung ens. bl.708-711.

sich mit der Music welche die Sclaven auf allerhand Instrumenten lieblich zu machen gelernet haben, und die offtmals dem Hochzeit-Geber selbsten eigenthümlich zukommen, oder aber von andern dazu gemiethet und bezahlet werden. Dieses Tantzen währet meistentheils biss nach Mitternacht, und wird mit einem guten Gespräch oder auch mit einem guten Glass Wein unterhalt und hefftiger angeflammet".

Die dag na die huwelik vind daar weer ŉ eetmaal plaas. "Nach vollbrachter Mahlzeit und weggeräumter Tafel, fänget der Bräutigam mit seiner Braut an drey Reihen alleine zu tantzen; nachgehendes übergiebt er dieselbe einem andern, gemeinlich aber seinem Spiel-Genossen, und ziehet dagegen ihre Spiel-Genossin auf; biss endlich, wenn nicht Frantzösisch getanzet wird, viele ander folgen und sich an eben dergleichen Tantz-Begierde ersättigen". Aldus Kolbe oor die huweliksfees. Vooraf(82) verduidelik hy dat rang en dergelyke formaliteite by alle sosiale funksies stiptelik nagekom moes word, aangesien die mense besonder gesteld daarop was.

Dat die Kapenaars besonder lief was vir dans, val dadelik op. Die geleentheid wat die huwelik tot vrolikheid gebied het is ten volle uitgebuit, aangesien daar elke dag gedans is, selfs op Sondae, vandat die eerste huweliksgebod gelees is tot die dag na die huwelik, ~~ŉ tydperk van ongeveer tien dae~~. Aangesien huwelike nog taamlik dikwels voorgekom het, was daar dus baie geleentheid om te dans. Die opmerking "wenn nicht Frantzösisch getanzet wird" toon aan dat, hoewel die eer verfynde, formele danse bekend en hooggeskat was, die voorliefde tog vir ŉ meer informele, volkse soort dans was. Moontlik het die jeugdiger lede van die geselskap hulle ook met speletjies en volksdansies besiggehou, te oordeel na die woorde "Tantzen und Springen, nebst allerhand anderer Lustbarkeit".

Hier is ook ŉ duidelike geval van die optrede van musikante uit die musiekkorps op ŉ private, burgerlike funksie. Nogmaals doem die vraag op: ons weet slegs van twee trompetters en twee tamboerslaers wat verseker verbonde was aan die garnisoen. Sou

/hulle

(82) Kolbe: Vollständige Beschreibung ens. bl.708-711.

hulle die musiek vir so 'n dans kon verskaf het? Dit klink ongelooflik. Alles dui daarop dat daar 'n groter groep musikante aan die garnisoen verbonde moes gewees het.

Musiek is ook tydens die eetmaal verskaf, in navolging van die gebruik by die Kasteel. Hoewel dit beslis nie beteken dat hierdie musiek gelewer is suiwer vir die genot om daarna te luister nie, (eerder net 'n strelende agtergrond vir die ete en geselsery, soos dit vandag ook is) is dit tog 'n eerste stap in die rigting.

Kolbe maak ook hier vir die eerste keer melding van die bekwaamheid van die slawe om musiek te maak. Ongelukkig sê hy nie watter instrumente dit was wat die slawe so behendig kon hanteer nie. Die informasie sou nie alleen 'n aanduiding gegee het van die graad van bekwaamheid van die slawe nie, maar ook lig werp in die duisternis wat die presiese vorm van die musiek van die burgerlike bevolking omhul. Dit is egter belangrik om daarop te let dat die slawe dit klaarblyklik heel maklik gevind het om Europese instrumente te bemeester en Europese musiek daarop uit te voer, en dat die blankes, wat reeds feitlik alle handewerk aan hulle oorgelaat het (sien Deel A van hierdie Hoofstuk), geen beswaar gehad het om van hulle dienste in die verband ook gebruik te maak nie.

Sowat dertig jaar later beskryf Mentzel ook die huwelik(83). Hy vertel ook dat, vandat die huwelik~~sgebooie die eerste keer afgekondig is~~ tot die huweliksdag, ~~kuier die mense elke dag~~ by die bruid. "In the evenings music and dancing may be indulged in by the family circle". Op die Donderdag voor die huwelik (wat op Sondag voltrek word) moes die bruidspaar voor die Huwelike-Kommissarisse verskyn. Dit is beskou as 'n belangrike seremonie en is dieselfde aand gevolg deur 'n groot eetmaal en bal aan huis van die bruid. "The musicians play up, and the bridal pair lead the dance in a stately minuet. When this is finished, the best-man claims his privilege of dancing with the bride next. Then

/comes

(83) Mentzel: Description ens. VRS.6. bl.117-121.

comes the turn of the bridegroom and bridesmaid, and lastly the bestman and bridesmaid go through the same steps. After this, dancing becomes general, and several couples may hold the floor at the same time, if the room is large enough. Until all the ladies have danced, it is essential not to forget their rank and order of precedence". Op Sondag, na die huweliksplegtigheid, neem die danserye weer op dieselfde manier 'n aanvang en word na die aandete voortgesit tot na middernag. "The festivities are, in some cases, continued on the following day, when there is again music, dancing and feasting".

Wat die hoofbesonderhede betref, het die huweliksfees dus geen verandering ondergaan gedurende die dertig jaar nie, behalwe dat Kolbe nie melding maak van die seremonie voor die Huwelikskommissarisse en die daaropvolgende groot eetmaal en bal nie. Mentzel vermeld op sy beurt nie die musiek tydens die huweliksmaaltyd nie en ook nie wie die musikante is nie. In die voorgaande deel het ons egter reeds gekwoteer dat hy vertel dat beide die trompetters en hobospelers van die garnisoen hul inkomstes aansienlik aanvul deur op private partytjies en veral huwelike te speel. Hy vermeld egter nie die gebruik van slawe as musikante nie, wat ietwat verbasend is. Daar is geen rede om aan Kolbe se informasie te twyfel nie en geen rede om te dink dat die gebruik van slawe vir hierdie doel intussen sou verval het nie.

As Kolbe en Mentzel se waarnemings ewe betroubaar is, wil dit voorkom asof die huweliksfees tog met verloop van tyd gewin het aan verfyning en formaliteit. Die dans, soos Mentzel dit beskryf, is beslis statiger as die wat Kolbe beskryf. Mentzel verstrek ook elders 'n nuttige brokkie informasie(84). "I have seen at a wedding a merchant's daughter dance with a burgher's son and, more frequently, sons of members of the honourable Council will dance with daughters of plain townsmen". En ook "On public

/occasions

(84) Mentzel: Description ens. VR3.6, bl.105 en ook
Life at the Cape VR3.2, bl.106.

occasions, such as weddings and the like, I have often seen Under-Merchants, or even officers, dancing with shoemakers' daughters, while their own daughters danced with the sons of tradespeople". Mits rangformaliteite nagekom is, het alle stande van die samelewing dus gemeng. Dit is baie belangrike informasie, want dit toon dat alle lae van die samelewing in hierdie musiek en dansery gedeel het, sodat die hele samelewing hierdie soort musiek sou geken het en dit as 'n alledaagsheid aanvaar het.

Die huweliksfees was lank nie die enigste geleentheid tot ontspanning, vermaaklikheid en sosiale verkeer wat die Kapenaars gehad het nie. Kolbe vertel dat onderlinge kuiery baie gewild was, hoewel rang-formaliteite hier ook noukeurig nagekom moes word. Die mans het op die stoepe gesit en rook en gesels, die vrouens het hulle gewoonlik binnenshuis besiggehou, terwyl die kinders voor die huis gespeel het[85]. Musiek word nie genoem nie. Dominicus vertel verder dat "de boeren by Kaapstad ~~hadden~~ ook veelal enige slaven (hadden) die viool speelden. Er werden geregeld op de plaatsen danspartijen georganiseerd, waar menigeen zijn betere helft vond"[86]. Elders sê hy ook: "Vermakelikheden waren er ook nog niet veel........onder de huiselike vermaken waren vooral bekend het schaak-, kaart-, en damspel. s'Avonds, als men z'n vrienden ging bezoeken werdt er muziek gemaakt en vaak ook werd er gedanst. Maar men maakte er geen werk van, zoals tegenwoordig"[87]. Hy verwys hier oënskynlik na die landbouers op hulle plase en nie so seer na die dorpsbewoners nie.

Huispartye was egter meestal die gevolg van die aanwesigheid van besoekers aan huis. Talle skrywers, soos Kolbe, Valentyn, Rogers, Mentzel, Theal en Gie, vertel van die mooi huise in en om Kaapstad. Matrose en deurvarende besoekers kon by feitlik enige

/huis

(85) Kolbe: Vollständige Beschreibung ens. bl.705.
(86) Dominicus: Het huiselik ens. bl.69.
(87) Idem: bl.65-66.

huis herberg vind, selfs by die fatsoenlikste mense. Hoewel losies duur was(88), is sulke gaste goed onthaal. By die beste losieshuise het besoekers gewoonlik h toon van belangrikheid en welvarendheid teenoor hul gashere probeer aanslaan. "Whether he believes them or not, the host acts up to their importance, gives evenings and dances......."(89).

Verder lees ons ook: "Of late dancing has become very popular with the ladies of the Cape. There are hardly any regular dancing-masters, but the women learn readily the steps of foreign dances that are shown to them by visitors. They dance with an easy natural grace and are very light on their toes. Among the most frequent foreign visitors are the English, men and women, passengers on board English East Indiamen which put into Table Bay from time to time. Dances and receptions are then arranged, and on this account the English quadrille has become a very fashionable dance at the Cape"(90).

Die herberg van deurvarendes het dus nie alleen aanleiding gegee tot musiek en dansery nie, maar was ook h geleentheid om met die Europese kultuur kennis te maak, die nuutste danse en dansmusiek te leer. Die Engelse volksdanse het indertyd dwarsdeur Europa gewild geword en die Kaap het dus in die opsig nie agtergebly nie.

Naas die private losieshuise, het die gelisensieerde herberge, kroeë en wynhuise h nog vrugbaarder kontakgebied met die deurvarende besoekers geblyk, soos ons reeds in die vorige tydperk gevind het. Hier het soldate, matrose en ander bymekaargekom om hul geld op drank te verspil en uitspattighede te pleeg. Op Sondae het hulle die plekke druk besoek om te dans na die musiek van fluit, viool en ander instruments. Dit was mense wat gedurende die week hard gewerk het en hierdie dinge beskou het as h vorm van ontspanning. In 1756 is dit egter van owerheidsweë verbied(91).

/Verul

(88) Dominicus: Het huizelik ens. bl. 54.
(89) Mentzel: Description ens. Vol.6. bl.81.
(90) Idem. bl.110.
(91) Botha: Social Life ens.bl.28.

Veral matrose wat van die Ooste terugkeer, was geneig om hulle geld op die wyse te verkwis. Dit was niks ongewoons om 'n half-dronk matroos in 'n Kaapse wynstoor 12 bottels wyn op 'n slag te hoor bestel nie. Wanneer hy dan goed aangeklam is "he will insist that the musicians should honour his toast. Dancing follows......"(92). Voor middernag moes die dorp se burgerwagte die kroeë besoek. Hulle is dan dikwels deur die aanwesiges tot 'n sopie uitgenooi en mits die dansery en ander vermake ordelik verloop, het hulle nie tussenbei getree nie(93). Die deftiger wynstore was veel stiller as die gewone kroeë, maar hier is ook soms musiek verskaf en dansery toegelaat(94).

Die plesiersoekerige Kapenaars, wat soveel vry tyd tot hul beskikking gehad het, het van elke geleentheid gebruik gemaak om te dans en vrolik te wees. Dit het selfs gebeur dat, as 'n man 'n steenoond klaar gepak het, hy sy vriende uitgenooi het om daar bo-op te kom feesvier met die aansteek daarvan. Wyl die vuur dus binne-in begin knetter het, is bo-op gedrink, feesgevier en gedans(95).

Die groot voorliefde vir dans onder die Koloniste word andermaal beklemtoon deur hierdie informasie. Dit is 'n voorliefde wat deur alle lae van die samelewing gedeel is, van die Goewerneur tot die gewone soldaat en matroos, en van die burgerraadslede tot die ambagsman en selfs die slaaf, wat deur sy optrede as musikant ook 'n aandeel daarin gehad het. Oorvloedige geleenthede is aan almal verskaf om te dans, van die bals by die Kasteel, die burgerlike huwelike en huispartye tot die platvloerse, uitspattige dansery in die kroeë. Die omvang van die dansery word eers ten volle duidelik as mens in aanmerking neem dat daar tussen 1738-1750 gemiddeld 73 skepe per jaar by Kaapse hawens aangedoen het(96), (heelwat meer as een per week) en dat die skepe van drie tot vyf weke gebly het(97). Daar moes dus gedurig deurvarendes

/aanwesig

(92) Mentzel: Description ens. VRS.6. bl.82.
(93) Idem: VRS.4. bl.66.
(94) Mentzel: Description ens. VRS.6. bl.86.
(95) Idem: bl.91.
(96) Theal: History ens. Deel II, bl.131.
(97) Valentyn: Beschryving ens. bl.48.

aanwesig gewees het, wat van die geleentheid gebruik gemaak het om te ontspan en die eentonigheid van die skeepslewe af te skud.

In deftige kringe het die dansery 'n aansienlike graad van verfyning bereik. Die statige minuet was algemeen bekend, veral die dames het lig en met natuurlike grasie gedans, nuwe danse is met gretigheid geleer en die Engelse kadriel en ander landelike danse is gou bemeester. En dit sonder die hulp van dans-onderwysers. Die kennis van nuwe danse, asook die graad van verfyning in die uitvoering daarvan, is aan vreemdelinge te danke. Al hierdie danse is met musiek gedans. Sou die musiek ook dieselfde verfyning getoon het? Nuwe danse het nuwe musiek meegebring. Sou die besoekers nie ander nuwe musiek, afgesien van dansmusiek, ook met hulle saamgebring en aan die bevolking oorgedra het nie? Dit val nouliks te betwyfel.

Direkte verwysings na musiek, die musikante, gehalte van hulle spel en instrumente wat hulle gebruik het, is maar skaars. Fluit en viool word genoem, terwyl ons weet dat trompette, hobos en miskien tamboere ook gebruik is. Met hierdie instrumente sou die musiek wel uitgevoer kon geword het, maar mens mis basinstrumente soos die basviool, tjello, fagot, tromboon of eufonium. Tokkelinstrumente soos die gitaar (wat die Oosterse slawe al moes geken het) en die harp mag ook in gebruik gewees het.

Die ramkie, wat later so gewild was onder die Hottentotte was in Mentzel se tyd al bekend[98]. Mens wonder ook of Goewerneur de la Fontaine se orrelbouer, Jan Poosen, geen verdere werk in die rigting sou gedoen het nie. Sonder duidelike informasie kan mens egter net gis.

Wat betref die musikante wat hul deel moes bydra om die geweldige danslus te bevredig en ook op al die verskillende sosiale funksies moes speel, weet ons verseker dat garnisoen-musikante en slawe-musikante opgetree het. Maar sou daar dan geen

/musikante

(98) Kirby: Musical Instruments ens. bl.252-6.

musikante onder die burgerlike bevolking te vinde gewees het nie? Ons het reeds gesien dat h orrelbouer en orrelis onder die gewone soldate en ambagsmanne gevind is (bl. 67 ), dat h matroos tot trompetter bevorder is (bl. 82 ), dat h tamboerslaer vryburger geword het (bl. 82 ), dat tamboerslaers onder die burgers te vinde was (bl. 82), dat h burger as orrelis aangestel is (bl. 70), dat soldate en burgers as onderwysers goedgekeur is en dus moes kon sing. Die feit dat burgerlike musikante nêrens genoem word nie, lewer dus geen bewys dat daar nie van hulle was nie. Waar sou die slawe dan geleer het om Europese musiek op Europese instrumente te speel en waar sou hulle die instrumente vandaan gekry het? Dat die koloniste self aktief was as uitvoerende musikante, ly geen twyfel nie. Die omvang van die musiek-bedrywighede dui nietemin daarop dat daar waarskynlik meer gebruik van slawe-musikante gemaak is as wat ons [illegible] bronne aandui.

Daar is h paar aanduidin[illegible] musiek soms by huwelike, huispartye en in die deftiger herberge gespeel is by die ete of selfs afsonderlik. Hier het ons waarskynlik die eerste tekens van die uitvoer van musiek om die skoonheid daarvan en nie bloot as h bykomstigheid by ander aktiwiteite nie. Die gehalte van die musiek was seker in so h oppervlakkige, plesierlustige samelewing nie besonder hoog nie, maar dit is tog belangrik om hier die eerste tekens van h waardering vir musiek om die musiek waar te neem.

Ter ondersteuning van die opvatting is daar die feit dat Frans van der Stel, broer van Willem Adriaan en h welgestelde boer, h sekere Jan Hendrik Noord gedurende een jaar by hom in diens gehad het as "Meermeester in die Musique"(99). Presies wat sy pligte was, weet ons nie, maar (soos dit oor die algemeen met musikante van hierdie tydvak gesteld was) sy ontwikkelingspeil was nie baie hoog nie en sy skrif veral was power(100), wat tewens bewys dat hy nie as gewone skoolmeester diens gedoen het nie.

/Dit

(99) du Toit: Onderwys aan die Kaap bl.72.
(100) Idem: bl.76.

Dit is wel 'n geïsoleerde geval, en sy dienstyd was maar een jaar, maar dit bewys tog dat daar 'n behoefte aan musiekonderwys bestaan het, al was dit net in die hoogste kringe.

In Hoofstuk IV het ons gewys op die belangrikheid van die kroeë en herberge vir die voortbestaan van die Hollandse volksmusiek in Suid-Afrika. Waar die kontak tussen Koloniste en besoekers in die periode onder bespreking grootliks toeneem, word hierdie vergaderplekke en gemeenskaplike ontspanningsoorde in die verband nog belangriker, veral as in aanmerking geneem word dat die vaste bevolking van die Kolonie begin uitbrei en 'n eie karakter aanneem, terwyl die slawe ook as faktor by die behoud en beoefening van veral volksmusiek begin geld het. Ons het reeds getoon dat die reeds kwynende volksang van Holland in Suid-Afrika byna heeltemal uitgesterf het weens lewensomstandighede. Maar in ons land was 'n nuwe volk aan ontwikkel wat sy eie volkskuns moes skep. In Kaapstad self het die kontak met deurvarende matrose, soldate en ander, met hul vrolike ontspanning in die kroeë die ou liedjies weer laat herleef en nuwes bygebring. Veral die slawe, wat in baie gevalle die musiek in die aand gelewer het, het die liedjies gretiglik aangeneem. Hulle moes in elk geval (soos die blanke musikante ook) die musiek vir allerlei nuwe danse leer. Seeliedjies, drinkliedjies, sinneliedjies, koggelliedjies, danswysies, romanses en ballades het hulle hier geleer, om later op eie houtjie te beoefen en so in die stroom van ons eie volkskultuur in te sleep. Skepe van verskeie nasionaliteite het in Tafelbaai aangedoen en die bemannings van Hollandse skepe was ook van allerlei afkoms. Hoewel dit hoofsaaklik Hollandse musiek was wat so na Suid-Afrika gedra is, was daar dus 'n ruim persentasie liedere van ander lande, veral Duitse liedere, ~~ook verteenwoordig.~~ Sou daar uit hierdie mengelmoes later 'n eie soort ontstaan? Ons sal later hierop terugkom.

/Daar

Daar is enkele aanduidings van die slag van liedere wat op straat en in die kroeë te hoor was. In 1707 is 'n sekere Biron gestraf omdat hy "eenige vuijle liedekens half op't Fransch en half op't Hollands" gesing het(101). Ons het vroeër aangehaal (bl.21) dat Jacobus de Wet, kaptein van die "Westerdykshorn" op 15 Junie, 1717 deur ds. Bennet daarvan aangekla is dat hy onstigtelike liedjies maak waarin die dominee se dogter besoedel word en die liedjies dan aan sy skeepsbemanning leer. Die bekende volksliedjie "Salot is dood" het as alternatiewe woorde:

Poot om poot,
Van Noodt is dood,
Waarnatoe?
Sy swerrepoot(102).

Verskeie van die ou Hollandse volksliedere, wat lank onder die Afrikanervolk voortgeleef het en nou weer gevaar loop om te verdwyn, het waarskynlik al in hierdie tyd in ons volkskultuur ingesluip.

Die toestande wat tot hiertoe geskets is, geld hoofsaaklik net vir Kaapstad en omliggende streke. Op die platteland was dit anders, hoewel ons informasie hier maar baie karig is. Die mense van die platteland, landbouers en veeboere, het 'n meer afgesonderde lewe gelei en ook meer hul eie koers ingeslaan. Hulle het wel geweet wat in die dorp aangaan en gereeld, indien nie dikwels nie, die dorp besoek. Maar hulle lewe was eenvoudiger, hulle huise, meubels en klere was eenvoudiger, hulle het veel minder sosiale aangeleenthede gehad, mekaar minder besoek, was meer kerkvas en konserwatief.

Adam Tas verwys slegs tweekeer na sekulêre musiek. Op Dinsdag, 11 Augustus, 1705, het hy die sieketrooster Mahiu besoek en "hoorden, voor de deur zijnde, de vrouw een deuntjie quinkeleeren...."(103). Op Saterdag, 20 Februarie, 1706, het 'n anti-goewerneursgroep bymekaargekom. "Mr.Greef was vrolijk zingende verschijde deunen helderop, dog de man was vol soeten wijns.."(104)

(102) Schonken: De Oorsprong ens. bl.63.
(101) Criminele Justisie 973, 26 Sept.1707 - voetnoot by du Plessis: Die Bydrae ens bl.37.
(103) Tas: Dagregister, bl.60.
(104) Idem: bl.145.

/Hierby

Hierby kan ons slegs Dominicus se reedsgenoemde aanmerkings oor huispartye voeg.

Met hierdie skraal informasie kan ons nie veel wys word nie. Die gebrek aan informasie lyk na 'n aanduiding dat daar nie veel plaasgevind het nie, wat waarskynlik die geval was. Hierdie mense was afgesny van die vergaderplekke en vermaaklikheidsoorde, met die gevolge wat in Hoofstuk I uiteengesit is. Hulle konserwatisme en groter kerkvastheid het hulle waarskynlik verhoed om te veel te dans. Dit is veel moontliker dat ons hier al die begin sien van die vervanging van volksmusiek deur gewyde musiek, veral liedere uit Willem Sluiter se bundel, wat in die volgende periode so opvallend is. Huwelike, verjaarsdae, feesdae en vendusies het seker wel aanleiding gegee tot musiek en vrolikheid, maar by gebrek aan informasie kan ons niks met sekerheid vasstel nie.

F. OPSOMMING:

Na 'n periode van betreklik rustige uitbreiding het die Kolonie in 1750 gegroei tot drie groot landroedistrikte en vyf kerklike gemeentes met 'n totale blanke bevolking van sowat 6,000. Die besette gebied was so groot dat die bevolking baie dun was. Kaapstad was die enigste dorp, met sowat 500 huise. Die veeboere, wat diep die binneland ingedring het, was feitlik van buite-invloede afgesny en het met die minimum lewensgeriewe klaargekom. Die landbouers daarenteen was welvarend, goed behuis en gevestig.

Kerkmusiek was oor die algemeen nog dieselfde as in die stigtingstyd. Die Gereformeerde psalms is onbegeleid deur die gemeente gesing onder leiding van die siekentroosters. Daaglikse godsdiensoefening vir die garnisoen en die pasiënte in die hospitaal het ook voortgeduur op dieselfde wyse as vroeër. Onderrig in die sing van psalms is ook deur alle skole, privaat onderwysers en ook by die katkisasie verskaf.

In een gemeente het daar egter 'n ingrypende verandering gekom. Na 'n vrugtelose versoek om 'n kerkorrel in 1720, het die

/Kaapse

Kaapse Kerk in 1737 'n orrel van die aftredende goewerneur de la Fontaine gekoop. Die orrel is slegs vir begeleiding gebruik en teen 1750 was die orrelispos al deur drie persone beklee, waarvan die laaste 'n gebore Kapenaar was. Hoewel die Stellenbosche gemeente ook die begeerte getoon het om 'n orrel te bekom, was al die ander kerke teen 1750 nog sonder orrels.

Die Lutherans het in hierdie tyd verlof gekry om hulle godsdiens privaat te beoefen, sodat die Duitse kerkmusiek ook in die Kolonie gesing is. Sendeling Georg Schmidt het tydens sy enkele jare van arbeid onder die Hottentotte waarskynlik van die Europese kerkmusiek aan hulle geleer.

Daar is min direkte getuienis van huisgodsdiens in die tyd, hoewel dit na alle waarskynlikheid al 'n vaste instelling geword het. Naas die ~~meer dikwelse~~ gereëlde sing van die Psalms wat hieruit voortvloei, is dit heel moontlik dat Willem Sluiter se gesange ook al populêr begin word het.

Die sekulêre musiek van die Kasteel het in die periode grootliks toegeneem in omvang. Reeds vroeg al is daar aanduidings van 'n uitbreiding van die aantal musikante en hul pligte. Teen 1730 is daar al 'n vaste orkes van 2 trompette, 6 hobos en 2 tamboere aan die garnisoen verbonde. Die spelers was voltyds betaalde amptenare van die Kompanjie en was verantwoordelik vir aansienlike musikale bedrywighede. Hulle moes optree by die ~~oproep~~ wisseling van die wagte, die goewerneur se aankoms en vertrek van die Kasteel, tydens sy etensuur, vir 'n halfuur saans met werkstaaktyd, op vakansiedae, feestye en by milisie-oefeninge, op onthale, bals, begrafnisse en teregstellings. Vir hierdie doeleindes het hulle hoofsaaklik militêre, dans- en ander populêre ontspanningsmusiek gelewer. Kunsmusiek ontbreek nog heeltemal. Die afwesigheid van alle strykinstrumente dui ook aan dat die orkes beslis 'n militêre musiekkorps was.

Onder die burgerlike bevolking het musiekbedrywighede ook aansienlik toegeneem, veral onder die dorpenaars. Hulle het

/ook

ook in 'n sekere mate in die musiek van die Kasteel gedeel en dit nagevolg. Veral by die huweliksfeeste was daar baie musiek, dansery elke aand vir byna tien dae en musiek by die huweliksmaaltyd. Musikante van die garnisoen of slawe is gewoonlik vir die doel gebruik. Huispartye en onthale vir besoekers het besonder dikwels plaasgevind en aanleiding gegee tot musiek en dans. Ook in die kroeë en taphuise was daar voortdurend musiek en dans van 'n mindere gehalte en hier is ook kontak gemaak met die musiek van die moederland en ander lande. Die menuet en Engelse kadriel was besonder gewild. Fluit, viool, trompet, hobo en waarskynlik enkele tokkel-instrumente was in gebruik. Kunsmusiek kom egter ook hier nog nie voor nie en van musikale skepping is daar geen sprake nie. 'n Eerste musiekonderwyser maak egter 'n kortstondige verskyning.

Daar is feitlik geen bewyse van sekulêre musiek onder die landelike bevolking nie. Dit dui egter nie aan dat so-iets nie bestaan het nie, hoewel met veiligheid aangeneem kan word dat dit hoegenaamd nie so omvangryk as onder die dorpenaars was nie.

# HOOFSTUK VII.

## DIE PERIODE 1750 - 1800.

### A. ALGEMENE OORSIG[1].

In teenstelling met die rustige uitbreiding wat die eerste helfte van die 18e Eeu aan die Kaap kenmerk, tref ons veral in die laaste dertig jaar van die eeu 'n gees van onrus en diepgaande ontevredenheid aan, wat later tot openlike opstand sou lei. Hierdie onrus is slegs 'n naklank van die groter beroeringe wat die hele Westerse wêreld beleef het en wat tot 'n uitbarsting gekom het in die Amerikaanse Vryheidsoorlog, die Franse revolusie en die Napoleontiese oorlo. Die beroeringe het die bankrotskap en finale likwidasie van die Nederlandse Oos-Indiese Kompanjie verhaas en 'n radikale wending in die toekoms van die Europese volksplanting aan die Kaap meegebring.

In 1750 het die Kaap nog die lang tydperk van kalme vooruitgang, uitbreiding en vestiging geniet. Sowat 5,000 koloniste het hoofsaaklik as wyn-, koring- en veeboere 'n groot gebied bewoon, wat verdeel is in die drie distrikte Kaapstad, Stellenbosch en Swellendam. Daar was vyf kerklike gemeentes: Drakenstein, Roodezand en Zwartland, benewens die by Kaapstad en Stellenbosch. Kaapstad self was al 'n aansienlike dorp met oor die 500 huise, netjiese strate en verskele groot geboue. Die mense was oor die algemeen welvarend, maar nie ryk nie. Om Kaapstad en Stellenbosch het die boere mooi huise met skure en ander buitegeboue gehad, maar verderaf was veral die veeboere baie eenvoudig behuis en het sonder meeste van die gewone huislike gerieve klaargekom. Daar was al meer slawe as blankes.

Hendrik Swellengrebel is in 1751 as goewerneur opgevolg deur Ryk Tulbagh. Deur sy streng maar wyse bestuur, sy menslikheid, regverdigheid en hulpvaardigheid, sowel as die wyse waarop hy die koloniste beskerm het teen uitbuiting deur die Kompanjie se amptenare, was hy een van die geëerdste en mees beminde van al die goewerneurs van die N.O.I.K.

/Na

(1) Gebaseer op Theal en Die se werke oor die Geskiedenis van S.A.

Na ŉ mate van ekonomiese slapte tussen 1751 en 1758, het die Frans-Engelse oorlog van 1756-1763 ŉ groot vermeerdering in die skeepvaart om die Kaap veroorsaak, wat dadelik vir die Kolonie beter markte en groter welvaart meegebring het. Intussen is die land weer in 1755 deur ŉ pokkies-epidemie geteister, wat duisende lewes van veral slawe en Hottentotte geëis het. Die trekkende veeboere het die binneland steeds dieper binnegedring, terwyl hulle in die noorde en noord-ooste ŉ onafgebroke stryd met die Boesmans voer. In 1771 is die Gamtoosrivier tot nuwe oostelike grenslyn van die Kolonie geproklameer.

Onder die bewind van Joachim van Plettenberg, wat van 1771 tot 1785 gestrek het, is die eerste tekens van onrus en naderende omwenteling te bespeur. Na die simpatieke regering van Ryk Tulbagh, het van Plettenberg, deur sy oogluikende toelating van knoeiery en uitbuiting deur die amptenare, die koloniste teen hom en die bestuur van die Kompanjie in die harnas gejaag. Die toestand is vererger deur ŉ ekonomiese insinking en in 1779 stuur die burgers vier afgevaardigdes na die Here XVII met ŉ lang klagskrif, waarin hulle o.a. om meer verteenwoordiging in die Kolonie se bestuur vra. Die gees van onafhanklikheid en verset teen die Kompanjie wat al so lank aangegroei het, begin dus geleidelik ontplooi.

Die Oosgrens is in 1775 weer verskuif tot aan die Visrivier, waar die trekbeweging gestuit het teen die Kaffers wat in die teenoorgestelde rigting beweeg. In 1778 het die grensboere gevra om ŉ drosdy, ŉ kerk en ŉ skool vir die grensdistrik. Die eerste botsing teen die Kaffers het reeds in 1779 plaasgevind en daarmee is ŉ nuwe tydperk van onrus en gevaar op die oosgrens ingelui.

Die rustige lewensgang is nog verder versteur deur uitvloeisels van die oorlog waarin Nederland en Frankryk met Engeland betrokke was. Teneinde te verhoed dat die Kaap in Engelse hande

/val

val, is 'n Franse vloot en leër saam met Nederlandse versterkings in 1781 daarheen gestuur. Hoewel die Kompanjie, deur verliese in die oorlog opgedoen, ~~heeltemal op sy knieë gebring is,~~ het die Kolonie 'n periode van ongekende welvaart belewe, wat veral diep spore op die maatskaplike lewe nagelaat het. Die ou patriargale eenvoud van die inwoners is veral in en om Kaapstad vervang deur 'n sug na weelde en 'n na-apery van Franse modes wat aan Kaapstad die titel van "Klein Parys" besorg het. Die voorsiening van die groot garnisoen, wat selfs na die oorlog tot 1791 op 'n sterkte van 2,000 man gehou is, tesame met die geweldige toename aan skeepvaart om die Kaap, het pryse die hoogte in laat skiet. Geld was volop en is kwistig verspil op weelde-artikels soos groot huise, duur meubels, klerasie en juwele. Hierdie geldverspilling is verder aangemoedig deur die voorbeeld wat goewerneur van de Graaff in sy dienstyd van 1785 tot 1791 gestel het.

In 1785, vier jaar na die beëindiging van die eerste Kafferoorlog, is 'n nuwe distrik, Graaff-Reinet, geproklameer, met die Visrivier as oosgrens. In 1786 is 'n drosdy gebou en 'n dorpie aangelê. 'n Landros en heemrade is vir die nuwe distrik gekies en 'n siekertrooster is daarheen gestuur om die godsdiens en onderwys waar te neem. Eers in 1792 het Graaff-Reinet 'n predikant gekry, 'n paar maande na die eerste Kerkraad saamgestel is.

In 1791 het die Kompanjie 'n laaste poging aangewend om homself van bankrotskap te red. Van de Graaff is herroep, die garnisoen is met 2,000 verminder, alle bouwerk is gestaak en in 1792 kom Kommissarisse Nederburgh en Frykenius in Kaapstad aan om 'n poging aan te wend om die korrupsie onder die amptenare te keer, die uitgawes verder te besnoei en die inkomste te vermeerder. Die mislukking van hul vertoë van 1779, die verlies van die afsetgebied wat die groot garnisoen vir hulle produkte beteken het, die streng maatreëls van die kommissarisse, die

/wanbestuur

wanbestuur in Swellendam en Graaff-Reinet waardeur die grensboere magteloos teenoor die kafferindringing gelaat is, het die ontevredenheid van die burgers ten toppunt laat styg en gelei tot openlike opstand teen die regering in die twee grensdistrikte. Die land was in 'n toestand van verwarring toe oorlog opnuut in Europa uitbreek, met die gevolg dat die Engelse sonder veel moeite die Kaap in 1795 beset het, om dit in 1803 weer aan die Bataafse Republiek terug te gee. In 1806 het die Kaapkolonie permanent onder Britse heerskappy geval.

In 1756 was daar 5123 koloniste en 5787 slawe aan die Kaap. Teen 1798 het die getalle tot 21,746 koloniste en 25,000 slawe aangegroei. Die getalle van die blankes in die verskillende distrikte was as volg: Kaapse distrik 6,261, Stellenbosch 7,256, Swellendam 3,967 en Graaff-Reinet 4,262. Tagtig persent van die slawe het in Kaapstad en Stellenbosch gewoon, terwyl 14,000 van die 15,000 Hottentotte in Swellendam en Graaff-Reinet woonagtig was. Slawe het dus reeds die blankes in getalle oortref.

Kaapstad het teen die tyd sowat 15,000 inwoners gehad (afgesien van die garnisoen), waarvan 'n derde blankes was. Stellenbosch het uit sowat sewentig woonhuise en 'n duisend inwoners bestaan, terwyl Swellendam en Drakenstein (Paarl) elk omtrent dertig huise gehad het. By Zwartlandskerk, Roodezandekerk en die drosdy van Graaff-Reinet was daar noulike twaalf huise elk.

Die samelewing val nog in die vier groepe wat ons vroeër onderskei het. Die Kasteelgroep en garnisoen is egter gedurende hierdie periode relatief veel kleiner teenoor die kolonistegroep as vroeër en veral die immer-wisselende garnisoen staan meer afgesonderd van die vaste bevolking as vroeër. Die dorpenaars is nog die handelaars en herbergiers, skerpsinnige en oor die algemeen welvarende sakemanne, wat gedurig in kontak is met die Europese kultuur en matroselewe. Hulle het baie slawe, baie

/vrye

vrye tyd en is versot op sosiale omgang. Die koms van die Franse in 1781 het hulle die meeste beïnvloed en hul lewe omskep tot 'n onversadigbare plesierjag, weeldeliefhebbery en sosiale en modewedywering.

Die landbouers, wat meestal in Stellenbosch-distrik gewoon het, het hulleself gedurende hierdie eeu goed gevestig, pragtige huise gebou, baie slawe aangehou en goed geleef. Baie van die plase het soos klein dorpies gelyk met al die buitegeboue om die woonhuis. Hierdie mense het al die geriewe van die beskawing gesmaak, sonder die gejaagdheid van die dorpslewe en minder versteur deur invloede van buite. Die veeboere daarenteen, het al meer 'n eie lewenswyse gevolg. Weelde en gemak was onder hulle uiters seldsaam. In klein huisies, gewoonlik met net drie kamers, en slegs die allernodigste meubels, het hulle 'n eenvoudige, sorgelose bestaan gevoer, tevrede met net die noodsaaklikste lewensbehoeftes. Hulle het so ver van die hoofstad gewoon, dat hulle uiters eenkeer per jaar daarheen gegaan het om die weinige artikels wat hulle nie self kon produseer nie, in te koop. Hulle was gedurig blootgestel aan aanvalle van Kaffers en Boesmans en hulle enigste rykdom was hulle groot troppe vee.

Op kerklike gebied het daar in 1778 'n belangrike wending gekom, toe aan die Lutherane uiteindelik verlof toegestaan is om hulle godsdiens in die openbaar te beoefen. Hulle het teen daardie tyd reeds oor 'n kerkgebou beskik, wat deur Martin Melk aan hulle geskenk is. In 1792 is ook aan die Herrnhütters verlof toegestaan om 'n sendingstasie op te rig in Baviaanspoort. Heel teen die einde van die eeu het ander Sendinggenootskappe ook in Suid-Afrika begin arbei. In 1798 is ook 'n nuwe gemeente in Swellendam gestig.

Die Onderwys het maar op die ou trant voortgegaan. By elke kerk was daar ook 'n kerkskool, terwyl in Kaapstad ook 'n hele paar privaatskole bestaan het. Benewens die skole is daar ook gebruik gemaak van huisonderwysers, wat in baie gevalle

/soldate

soldate was wat ~~hulself~~ as knegte gehuur is ~~verhuur het~~. Omstreeks 1790 is allerlei planne beraam om die onderwys te verbeter en die koloniste was oor die algemeen baie gretig om beter onderwysgeleenthede ~~fasiliteite~~ te hê. Die planne het egter, saam met die bewind, in duie gestort. ŉ Poging is aangewend om ŉ hoërskool op te rig, maar tevergeefs. Nietemin was die onderwys in die skole veral in Kaapstad en Stellenbosch van ŉ redelik hoë gehalte, sover as dit gegaan het, naamlik lees, skryf, godsdiens, rekenkunde en hier en daar ŉ paar vreemde tale soos Frans, Engels ~~en Nederduits~~.

8. DIE MUSIEK VAN DIE KERK.

In 1750 was daar vyf kerke en gemeentes in die kolonie, waarvan slegs die Groote Kerk in Kaapstad sedert 1737 voorsien was van ŉ orrel. In die ander kerke is die gemeentelike sang gelei deur ŉ siekestrooster.

Die orrelis wat sedert 1749 in die Groote Kerk opgetree het, was ŉ gebore Kolonialer, Nicolaas Heyns. In die verband kom ons dadelik voor die vraag te staan: waar het Heyns leer speel? Die feit dat Stellenbosch en die Kaap so gewedywer het om die besit van De la Fontaine se orrel, het ons beskou as ŉ aanduiding dat daar geen ander orrels beskikbaar was nie. Daar is ook nêrens vermelding van ŉ klawesimbaal te vind nie. Wyl die moontlikheid bestaan dat Heyns ŉ leerling van die vorige orrelis, Stechau, kon gewees het, is dit beslis ook moontlik dat kleiner huisorreltjies of klawesimbale wel aan die Kaap in gebruik was.

Omdat die De la Fontaine-orrel in verval geraak het, is in 1752 ŉ kontrak met die orrelbouer Stephanus Bauer aangegaan om ŉ nuwe orrel te bou. ŉ Orrelbouer aan die Kaap in 1752, maar geen orrels nie? Dit hou nie juis steek nie en laat mens

/andermaal

andermaal vermoed dat daar orrels in privaat huise in gebruik was. Die nuwe orrel moes teen die muur van die konsistoriekamer opgerig word en was beraam om 1,100 rykedaalders (£220) te kos. Die kontrak vir die orrelkas is aan Johannes Struvig toegeken(2).

Uit 'n memorandum wat die Kerkraad in Februarie 1753 aan die Politieke Raad gerig het, blyk dit dat die aanbou van die nuwe orrel vir Heyns in 'n openbare skandaal beland het, waardeur hy van sy pos onthef is. Heyns was parmantig, rusiemakerig van geaardheid en het meermale moeilikheid veroorsaak deur mense op die orrelgalery en in die kerktoring toe te laat. Op die 6e Februarie 1753 het hy aan 'n groep mense in 'n drankwinkel vertel dat daar 'n orrel gebou word met 16 registers en een pedaal, en terselfdertyd met gebare beduie hoe hy dit sou hanteer. 'n Sekere Van der Spuy sê toe daarop dat hy gehoor het dat twee orrels sou gebou word, 'n grote en 'n kleintjie; die grote sou gebruik word as die kerk vol is en die kleintjie as die opkoms swak is. Gedurende 'n redekaweling oor die saak, het Van der Spuy gesê dat hy sy informasie gekry het van 'n lid van die Kerkraad en van ene mnr. Berthauld. Toe hy die naam Berthauld hoor, het Heyns woedend kwaad geword, sy vinger onder Van der Spuy se neus geswaai en uitgeroep dat dié klein "Neukertjie weet er de Blixem van", en dat hy met sy neus op die klein orreltjie kan speel. Heyns se swaer het hom berispe oor die taal wat hy gebruik, maar hy het voortgegaan om te laster en veral die diaken Jasper Westpalm, wat hom vroeër oor sy wangedrag betig het, uitgeskel(3).

Die saak is in volle besonderhede, insluitende drie beëdigde verklarings, aan die Politieke Raad voorgelê, met die gevolg dat dié liggaam, volgens 'n besluit van 27 Februarie 1753 vir Heyns uit sy pos ontslaan het(4). Op 'n Kerkraadsvergadering van 14 Mei 1753 word die besluit voorgelees en genotuleer en word daar ook verdere melding gemaak van die nuwe orrel wat die

/aanbou

(2) MacIntyre: Early organs ens. bl.4.
(3) Leibbrandt: Precis - Requesten bl.253.
(4) Idem bl.256.

aanhou de[5].

Vir sowat agt maande na Heyns se ontslag was die Groote Kerk sonder 'n orrelis. Die Kerkraadsnotule van 3 November 1753 lees egter: "Laastelijk gaf den Eerwaarde Heer President te kennen, dat den van het schip Leyden hier verbleevenen corporaal Jan Hendrik Bielefeld door de Regeering was aangesteld tot organist deeser kerke, teffens in overweging geevende........uyt aanmerkinge van het nieuw gebouwt werdende orgel, goedgevonden, voorm. Bielefeld per maand twintig guldens salaris te accordeeren"[6]. Bielefeld was dus die vierde orrelis van die Groote Kerk en het dieselfde besoldiging ontvang as sy voorgangers, nl. 20 gulden per maand.

Die nuwe orrel wat Bauer gebou het, was so onbevredigend dat die Kerkraad in 1754 hul kontrak met hom verwerp het. Hy is egter aangehou as stemmer en versorger van die instrument. Hoewel Stavorinus die orrel in 1771 as "'n vry goed" bestempel[7], was dit teen 1788 in so 'n swak toestand dat 'n ander orrelbouer, Leopold genaamd, aangestel is om dit op te knap. Die opknapping was terselfdertyd 'n uitbreiding en bykans 'n algehele herbouing, want dit het 3,000 ryksdaalders (£600) gekos[8].

Die orrelis Bielefeld is in 1764 ontslaan en in sy plek is George Nicolaas Stark aangestel. Nadat hy ook moeilikheid veroorsaak het deur mense in die kerktoring toe te laat en in 1771 deur die Kerkraad hieroor betig is, is hy in 1775 ontslaan. Op 3 April 1775 is weereens 'n gebore Kapenaar as orrelis aangestel. Hy was die sewentienjarige Johannes Fredrik Modeman[9].

Op dieselfde dag het die Kerkraad 'n belangrike besluit geneem. "Waarna meede door gem. Eerw. Heer Praeses wierd voorgedragen, om die in Nederland in gebruyk zijnde nieuwe Rympsalmen by dese gemeynte in te voeren. Goedgevonden.......Gouverneur.... en Raad, op't eerbiedigst te versoecken......de gemeynte daarvan op den aanstaande Sondag, synde 9e deses maands, de nodige kennis te geeven, ten eynde op Sondag den 21e der aanstaande maand May..

/met

(5) Spoelstra: Bouwstoffen Deel II, bl.281.
(6) Idem: bl.281.
(7) Stavorinus: Reize ens. Deel 2, bl.127.
(8) MacIntyre: Early organs ens. bl.5.

met een eenparig gesang onse stemmen tot den God des Hemels te kunnen opheffen. Tot dit eynde wierd ook goedgevonden, om 50 exemplaren van bovegen. Rym, die thans alhier te bekomen waaren ten dienste deser kerk in de vaste banken in te kopen". Die versoek is op die 6e April, 1775, deur die Regering goedgekeur(10).

Op Sondag 21e Mei, 1775, is die berymde Psalmboek dus vir die eerste keer deur die Kerk in Suid-Afrika in gebruik geneem. Dit sou die offisiële Psalmboek van die Hollandse Kerke in Suid-Afrika bly tot die in gebruikname van die Afrikaanse Psalmboek op 29 Oktober, 1944. Daarom is dit wenslik dat ons bietjie nagaan hoe die bundel ontstaan het.

Op bladsye 9 en 10 het ons reeds 'n oorsig gegee van die ontstaan van die eerste Nederlandse Psalmboek. Dit was 'n vertaling van die Geneefse Psalter deur Petrus Dathenus, met die wysies van die Geneefse Psalter. Hoewel die beryming besonder gewild was, was dit slegs 'n direkte vertaling van die oorspronklike Frans en het dit aansienlik van die Bybelteks afgewyk, waarbenewens dit ook nie van veel letterkundige waarde was nie. Die gevolg was dat dit in die loop van die 17e en 18e eeue hoe langer hoe meer gekritiseer is deur gelowiges. Verbeterings en nuwe berymings het lateraan ingestroom totdat die Staten-Generaal van Nederland ingegryp het op versoek van verskeie sinodes. 'n Kommissie is benoem om 'n nuwe Psalmboek saam te stel en hulle het op 12 Januarie, 1773 vergader om die werk aan te pak. Die prosedure wat hulle gevolg het, was om 'n keuse uit bestaande berymings te maak en hulle finale keuse het hoofsaaklik berymings uit die bundels van Ghysen, Johannes Voet en die Genootskap Laus Deo Salus Populo ingesluit. Die werk is op 19 Julie, 1774 voltooi en die bundel is op Nuwejaarsdag, 1775 amptelik in Nederland in gebruik geneem(11).

Daar dien op gelet te word dat dit slegs die beryming van die Psalms is wat aldus verander is en nie die musiek nie. Die

/wysies

(10) Spoelstra: Bouwstoffen Deel II, bl.311.
(11) Van Broekhuizen: Die wordingsgeskiedenis ens. bl.118.

wysies bly die van die Geneefse Psalter, wat reeds in 1562 vasgelê is. Die nuwe psalmboeke het dus geen verandering in die musiek van die gemeentelike sang meegebring nie.

Opvallend is die feit dat, hoewel die nuwe Psalmboek eers 1 Januarie 1775 in Nederland in gebruik geneem is, die Kaapse Kerk reeds op 3 April van dieselfde jaar (slegs die duur van 'n seereis van Holland na Kaapstad) aanvraag doen om die boeke ook te gebruik en verklaar dat eksemplare reeds in Kaapstad beskikbaar is. Dit toon duidelik hoe nou die voeling met die Kerk in die moederland was.

Byna gelyktydig met die invoer van die nuwe Psalmboek en die aanstelling van 'n besonder jeugdige Kolonialer as orrelis, is daar op 1 Mei 1775 'n versoek deur die Politieke Raad aan die Kerkraad gestuur "dat in deze kerkgemeente wat spoediger gesongen wierde, dan men voorheen door dies ingeslopen manier gewoon was te doen. Soo wierd daarop geresolveert, sulx in't vervolg te laaten geschieden ..."[12] 'n Stadige, slepende manier van sing was en is nog steeds 'n kenmerk van die Nederduitse Kerke, beide in Holland en in Suid-Afrika. Dat hierdie manier van sing in die 18e eeu egter veel erger was, blyk uit kritiek wat van verskele oorde daarop uitgebring is. 'n Poging om hierin 'n verbetering aan te bring, het gepaard gegaan met die gebruik van die nuwe Psalmboek, want in Nederland was daar "een verwoed verzet tegen het sneller tempo", hoewel die nuwe berymings sonder veel teenstand aanvaar is[13]. Volgens die aangehaalde notule, het die Kerkraad egter sonder meer die versoek om vinniger te sing ten uitvoer laat bring.

Ongeveer dieselfde tyd het die Kerkraad ook besluit dat die orrel die lied moes begelei wat gesing is terwyl deelnemers hulle plekke aan die Nagmaalstafel inneem. Hierdie prosedure moes egter weer in onbruik verval het, aangesien daar in Julie 1782

'n

(12) Spoelstra: Bouwstoffen Deel II bl.311.
(13) van Broekhuizen: Die wordingsgeskiedenis ens. bl.118.

ŉ dergelyke versoek voorgekom het(14).

Die herbouing van die orrel deur die orrelbouer Leopold in 1788, het ook aanleiding gegee tot ŉ verdere uitbreiding van die gebruik daarvan. Op 7 September, 1789, besluit die Kerkraad ook dat "zoodra het orgel alhier zal zijn in gereedheid gebragt, onder de godsdienstoefening, de zo stigtelike Gezang voor de Predikatie, telkens nadat het voorgebed zal zijn gedaan, door de gemeente te laten opzingen"(15).

Hier vind ons vir die eerste keer duidelike bewys van die gebruik van ŉ Gesang by die erediens, terwyl daar tot dusver uitsluitlik van Psalms gebruik gemaak is. Sedert die dae van die Souterliedekens het Gesange altyd ŉ plek in die Psalmbundels gehad. Ons het egter gesien dat Calvyn slegs Psalms in die kerk toegelaat het. Desnieteenstaande het Evangeliese Gesange tog geleidelik in die Hollandse kerke ingesluip en is daar in 1807 in Nederland die bekende amptelike Gesangboek voltooi en in gebruik geneem. Sommige van die Gesange is op Psalmwysies gesing, maar die meerderheid het nuwe wysies gehad, sodat ons hier moontlik ook met ŉ verryking van die musiekskat van die Kaapse Kerk te doen het.

Na sestien jaar diens as orrelis, is J.F.Wodeman in 1791 vervang deur H.F. Grondeler, wat die pos nou beklee tot 1818(16). Die nuut-herboude orrel was ook so bevredigend, dat Robert Semple in 1800 nog skryf: "The church is likewise furnished with a tolerable organ"(17).

In die Moederkerk in Kaapstad het die orrel dus ŉ gevestigde instelling geword en is daar die maksimum gebruik van gemaak, volgens die bepalings van die Nederduits Gereformeerde Kerk in daardie dae. Die sieketrooster het egter nog steeds opgetree as voorsinger(18), en een van die twee wat aan die moedergemeente verbonde was, moes ook nog die daaglikse en Sondagse godsdiensoefening, waarby daar ook gesing is, in die hospitaal

/waarneem.

(14) MacIntyre: Early organs ens. bl.6.
(15) Spoelstra: Bouwstoffen Deel II, bl.335.
(16) MacIntyre: Early organs ens. bl.6.
(17) Semple: Walks ens. bl.16.
(18) Borcherds: Bladen ens. bl.159.

waarneem[19]. Die daaglikse aandgodsdiens vir die garnisoen word nie gedurende die periode vermeld nie, maar daar is geen rede om te dink dat dit nie sou voortgeduur het nie. Die sieketroosters in Kaapstad het dus hierdie ou pligte nog vervul, nl. die waarneem van die godsdiensoefeninge vir die hospitaal en die garnisoen.

Die Groote Kerk in Kaapstad was teen 1750 die enigste kerk in die Kolonie wat oor h orrel beskik het. Uit hulle aanbod om die de la Fontaine-orrel te koop in 1737, ingeval die Kaapse Kerk dit nie wou neem nie, het ons gesien dat Stellenbosch ook gretig was om h orrel aan te skaf. Hoewel die datum nie presies vasgestel kan word nie, het Stellenbosch egter eers teen die einde van die oeu h orrel gekry. Daar moes h goeie rede hiervoor gewees het, want as die Kaapse Kerk in 1752 h nuwe orrel kon laat bou deur Bauer, kon Stellenbosch die voorbeeld gevolg het, aangesien hulle vyftien jaar tevore al so gretig was om een te hê.

Die rede vir die vertraging is te vind in die notule van h Kerkraadsvergadering gehou op Sondag, 7 Mei, 1780: "....De predikant berigte, dat er zig een goede gelegenheid opdeed, om een orgel in de kerk te hebben, nadien de Heer Adriaan van Schoor, lid van den Politie-Raad en Dispencier, een huisorgel had, dat tot onse kerk groot genoeg was, en zijn Ed. het gaarne wilde vereeren. Hetwelkt met zeer veel genoegen werd aangehoort, en ook aanstonds in oorweging genomen, of het doen van een collecte niet het beste middel zou zijn, om, zonder de kerk te bezwaren, in staat te zijn, de onkosten die daarop belopen zouden, goed te maken. Edog van het een en ander werd thans nog niet besloten of vastgestelt"[20]. Die begeerte om h orrel te hê bly dus sterk, maar die geld ontbreek en selfs die gulde geleentheid om die dispensier se huisorrel te bekom, moes ongenut verbygaan.

/Kerklike

(19) Nieuwe Algemene Beschryving ens. bl.63.
(20) Spoelstra: Bouwstoffen Deel 2, bl.402.

Kerklike musiek het dus op Stellenbosch nog nie uit gemeentelike sang onder leiding van die sieketrooster-voorsinger bestaan.

Dit wil voorkom asof Stellenbosch ook in 'n ander opsig ver agtergebly het, want eers op 4 Desember, 1785 besluit die Kerkraad om ses Bybels, met die nuwe psalmberyming agterin, vir die gebruik van kerkraadslede aan te koop. MacIntyre lei hieruit af dat die nuwe psalmberyming eers op hierdie datum deur Stellenbosch in gebruik geneem is en dat hulle moontlik terselfdertyd 'n orrel gekry het(21). Ons kan hierdie opvatting egter nie huldig nie. Drakenstein het ook reeds van die begin van 1776 die nuwe psalmberyming gebruik(22) en dit is ondenkbaar dat Stellenbosch hulle en die moedergemeente in so 'n belangrike saak eers tien jaar later sou gevolg het. Waarskynlik word hier verwys na die eerste Bybels met die nuwe psalmberyming agterin, in teenstelling met die Psalmboek as sulks. Die meeste Bybels van groterige formaat het lateraan beide die psalms en die gesange agterin gehad. Ons kan aanneem dat die nuwe psalmberyming nie later as vroeg in 1776 deur die Stellenbosche gemeente in gebruik geneem is nie. In 1786 was die kerk ook nog sonder 'n orrel(23).

Teen die begin van 1800 het Stellenbosch egter definitief oor 'n orrel en orrelis beskik. Dit blyk uit 'n besluit van 23 Maart, 1800 om hoë fooie op te lê waar die doops- en huweliksplegtighede in privaat huise gehou moes word. Vir so 'n huwelik sou die orrelis 5 Rd. uit die totale fooi van 25 Rd. ontvang, en vir doop 2 Rd. uit die totale fooi van 10 Rd.(24). Die eerste persoon wie se naam in die "Lyst van alle Collegien" verskyn as orrelis van Stellenbosch, is Jan Carel Ade, wat die pos van 1804 tot 1811 gevul het(25).

In sy Memoirs gee Borcherds 'n interessante skets van die eredienste in Stellenbosch in die eerste jare van die 19e eeu, waaruit die rol van musiek duidelik blyk. Die orrel het

/teenoor

(21) MacIntyre: Early organs ens. bl.15.
(22) Spoelstra: Bouwstoffen Deel 2, bl.461.
(23) Moorrees: Die Ned.Ger.Kerk in S.A. bl.303.
(24) Idem, bl.
(25) MacIntyre: Early organs ens. bl.15.

teenoor die preekstoel gestaan. Na die derde gelui gee die siekettrooster die aanvangspsalm of -gesang op, wat deur die gemeente met orrelbegeleiding gesing word, hoewel hy self voorsing en die lied insit. Die openingsgebede en skriflesing word gevolg deur verdere gemeentelike sang van psalms of gesange. Na die preek volg gewoonlik doop- en huweliksplegtighede. "Het slot van dit laatste gebed was gewoonlijk het 'onze Vader'. Nog een psalm of gezang wierd aangeheven, onder het singen daarvan verlieten de jonggehuwden arm in arm het kerkgebouw, de zegen werd uitgesproken, de gemeente verspreidde zich"(26).

Hoewel die erediens dus alreeds byna presies die vorm aangeneem het wat dit vandag nog behou, vermeld Borcherds hoegenaamd geen orrelspel behalwe as begeleiding vir sang nie. Die orrel was dus net vir hierdie doel gebruik. Daar was ook geen koor nie.

Drakenstein sou ook tot naby die einde van die eeu sonder 'n orrel klaarkom en gemeentelike sang onder leiding van die sieketrooster-voorsinger was dus nog hul enigste kerkmusiek. Volgens 'n besluit van 11 September 1775 is die nuwe psalmberyming vanaf 1 Januarie 1776 in die Drakensteinse gemeente in gebruik geneem.

Na 'n bittere en diepgaande twis wat die gemeentelewe vir meer as dertien jaar versuur het, het die gemeente in 1784 weer tot rus en samewerking gekom. 'n Orrel was hulle groot begeerte en reeds op 22 Oktober 1786 was daar 'n voldoende bedrag van die gemeentelede gekollekteer om 'n orrel met die nodige toebehoorsels aan te skaf.(27) Die kontrak vir die bou van die orrel is gegee aan Suid-Afrika se eerste professionele orrelbouer Johannes Ludewig Hoddersen uit Kaapstad. Die balkon waarop dit sou staan is deur die timmerlui Luttig en Swarts vervaardig.

/terwyl

(26) Borcherds: Bladen ens. bl.158-160.
(27) Spoelstra: Bouwstoffen Deel 2, bl.469.

terwyl "den bereemden beeldhouer Anreith" vir die ornamentasie verantwoordelik was. Op die tweede Sondag in Januarie, 1791 is die instrument deur die leraar, ds. Aling, ingewy met 'n rede oor Psalm 68: 5: "Zingt Gode, psalmzingt zijnen naam!" Helmond Luttig, seun van die koster, is aangestel as orrelis teen 'n salaris van 100 ryksdaalders per jaar met vry inwoning. Hy moes egter sorg "dat hy zich nog verder in het orgelslaan moest oefenen"[28]. Die orrel is later "door den bekwamen organist Heynes uit die Kaap geinspecteerd en volkomen in orde bevonden"[29]. Sou dit dieselfde Heyns wees wat in 1753 deur die Kaapse Kerkraad weens wangedrag ontslaan is? Dit wil so voorkom.

Die aanskaf van die orrel het die Drakensteinse gemeente egter in die moeilikheid beland by die Regering. Die Politieke Raad het hulle dit erg kwalik geneem dat hulle die orrel aangeskaf het sonder om die Regering daarvan te verwittig en gesê dat hulle die geld uit die orrelfonds liewer aan hulp aan die armes van Waveren moes bestee het. Die saak is later aan geskik met 'n besluit dat die salaris van die orrelis uit partikuliere bydraes en nie uit die kerkfondse betaal sou word nie[30]. Geen wonder dat die Kerkraad op 12 Mei, 1794 besluit het om sekere sitplekke op die galery te verhuur, ter stywing van die orrelfonds nie[31].

Op sy beurt het die Kerkraad weer moeite ondervind om die Politieke Raad daartoe te beweeg om Luttig se aanstelling te bekragtig. Op 4 Desember, 1791 kla hulle dat hulle nie hulle geldelike state kan opstel sonder inagneming van die salaris van 100 Rds. wat hulle voorlopig aan hom toegeken het nie[32].

Na Helmond Luttig, is J.M.Sickler in 1804 tot orrelis in Drakenstein aangestel[33]. Toe 'n nuwe kerkgebou aldaar in 1805 voltooi is, is die orrel daarin oorgeplaas[34].

/Die

(28) Spoelstra: Bouwstoffen Deel 2, bl.469.
(29) Ibid.
(30) Spoelstra: Bouwstoffen Deel 2 bl.470-1.
(31) Idem.
(32) Leibbrandt: Precis - Requesten Deel I bl.409.
(33) MacIntyre: Early Organs ens. bl.13.
(34) Spoelstra: Bouwstoffen Deel 2 bl.482.

Die gemeente Zwartland het sedert sy stigting in 1745 rustig vooruitgeboer. Teen 1790 het hulle ook begin pogings aanwend om ŉ orrel te kry, maar tot tyd en wyl hierdie pogings met sukses bekroon is, het die kerklike musiek in Zwartland ook bestaan slegs uit gemeentelike sang onder leiding van die sieketrooster.

Op aandrang van verskeie gemeentelede het die Kerkraad ŉ omsendbrief uitgestuur om bydraes tot ŉ orrelfonds. Teen die end van 1790 is reeds ŉ bedrag ingesamel wat as voldoende beskou is vir die aankoop van ŉ orrel. Die Regering het egter sy toestemming geweier omdat die gemeente nog diep in die skuld was en omdat daar nie voorsiening gemaak is vir die besoldiging van ŉ orrelis nie. Daarop antwoord die Kerkraad op 1 Januarie, 1791 dat die gemeente arm is en dat die beskikbare som uit vele klein bydraes bymekaar gemaak is, dat hulle slegs ŉ huisorrel wil aanskaf en dat hulle meen om daarna ŉ bedrag van 1,000 Rd. oor te hou, wat 60 Rd. per jaar aan rente sou oplewer, waaruit die orrelis kon betaal word. Die Regering het egter meer as ŉ jaar later eers sy toestemming onder sekere voorwaardes gegee(35).

Ongelukkig beskik ons nie oor gegewens of die orrel toe verkry is of nie, maar na al die moeite en beslommernis sou dit wel die geval gewees het. Dit is dus veilig om aan te neem dat Zwartlandskerk teen 1793 voorsien is van ŉ orrel, hoewel ons nie weet wie die orrelis was nie. Die gemeente sou ook die voorbeeld van die ander gevolg het deur nie later as in 1776 die nuwe berymde psalmboek in gebruik te neem nie.

Die reisiger Lichtenstein skryf teen die end van 1803: "The church (at Roodezand) was built in the year 1743: it is a very humble, simple edifice. Service is performed there every Sunday, the congregation being collected from many miles around; most people attend who are at the distance of no more than half a day's journey on horseback...."(36). Daar is geen melding

/van

(35) Spoelstra: Bouwstoffen Deel 2, bl.505-6.
(36) Lichtenstein: Travels ens. Deel I, bl.175.

van n orrel nie, ook nie in enige ander bron wat ons geraadpleeg het nie. Onbegeleide sang was dus al waaruit die kerklike musiek hier gedurende die hele periode onder bespreking bestaan het. Dit was ook die geval in Graaff-Reinet, waar h sieketrooster in 1786 gestasioneer en h gemeente in 1792 gestig is, en in die Swellendamse gemeente wat in 1798 gestig is.

Teen 1800 was vier van die Nederduits Gereformeerde kerke dus al voorsien van orrels, nl. Kaapstad, Stellenbosch, Drakenstein (Paarl) en Zwartland (Malmesbury). In die ander kerke Roodezand (Tulbagh), Graaff-Reinet en Swellendam is die gemeentelike sang nog onbegeleid uitgevoer onder leiding van die sieketrooster as voorsinger. Hoewel die eredienste al feitlik dieselfde vorm aangeneem het as wat dit tans het, is daar nog geen melding van solo-orrelspel of kerkkore nie. In die jare 1775-6 is die nuwe psalmberyming in Suid-Afrika ingevoer, maar dit het geen verandering in die musiek teweeggebring nie, behalwe dat die tempo van die sang versnel is.

In Hoofstuk II het ons daarop gewys dat dit die beleid van die Kompanjie was om net die Nederduits Gereformeerde Kerk in sy besittinge toe te laat. Gedurende die jare 1700-1750 het die Lutherane egter verlof gekry dat deurreisende Lutherse predikers in privaat huise mag preek. Met die geleidelike vermeerdering van die aantal Duitsers wat na Suid-Afrika gekom het, het die Lutherane se vertoë om godsdiensvryheid al hoe sterker geword. In 1778 rig hulle nogmaals h dringende petisie tot die ~~Regering~~ Bewindhebbers, waarin hulle vermeld dat hulle reeds oor h kerkgebou, stoele, h silwer nagmaalservies en h orrel beskik, asook oor voldoende middele om h predikant en ander kerklike dienaars te onderhou. Hierop is die verlangde verlof uiteindelik aan hulle toegestaan[37] en kon hulle hul kerkgebou op 10 Desember 1780 feestelik inwy[38].

/Die

(37) Leibbrandt: Precis - Requesten Deel 2, bl.690.
(38) Hoorrees: De Ned.Ger. Kerk ens. bl.251.

Die orrel van die Lutherse kerk is teen 'n bedrag van 750 Rds. of 2,250 gulden gewaardeer(39). MacIntyre sê dat die overheid hulle egter verbied het om die orrel te gebruik(40), hoewel ons geen bevestiging vir die bewering kon vind nie. In 1800 maak Semple ook melding van die orrel wat teenoor die preekstoel op pilare gestaan het(41). Die eerste orrelis van die Lutherse kerk van wie melding gevind kan word, is Jan Coenraad Haal wat die pos van 1804 tot 1814 beklee het(42).

Naas die Gereformeerde Psalms, feitlik die enigste musiek wat tot hiertoe in die Hollandse kerk in gebruik was, sou die ryk skat van Lutherse kerkmusiek nou ook beoefen en gekultiveer word in Suid-Afrika. Dat die Lutherse kerk, en dus ook die kerkmusiek, veral aan die begin van sy vrye bestaan heelwat invloed uitgeoefen het, om lateraan tog weer feitlik heeltemal te verdwyn, leer die kerkgeskiedenis ons.

Die inboorlinge en slawe was van die begin van die Europese volksplanting aan die Kaap doelbewus onderrig o.a. in godsdiens en sang, soos ons reeds in vorige hoofstukke getoon het. Slawe en Hottentot-bediendes moes skool, kerk en ook die huisgodsdiens bywoon. In die periode onder bespreking is die proses egter geïntensifiseer deur die werk van sendelinge wat vanaf 1792 in Suid-Afrika begin optree het en wat veral van musiek gebruik gemaak het om hulle bekeringswerk te bevorder.

Die Morawiese Sendingstasie vir Hottentotte wat in 1792 te Genadendal gestig is, het veral merkwaardige resultate op die gebied van sang opgelewer. Slegs vyf jaar na die stigting van die stasie, skryf die vrome sending-arbeidster, Mev. Matilda Smith: "The praises of the Most High being then on the tongues of 300 people; singing together, or responsively, with such melody, that I could not but feel a taste of celestial joy"(43). In 1800 besoek sy weer die sendingstasie en beskryf o.a. 'n diens

/wat

(39) Leibbrandt: Precis - Requesten Deel 2, bl.593.
(40) MacIntyre: Early organs ens. bl.7.
(41) Semple: Walks ens. bl.17.
(42) MacIntyre: Early organs ens. bl.7.
(43) Philip: Memoir of Mrs. Matilda Smith bl.52.

wat daar plaasgevind het; met die pouses tussen verskillende gebede "a verse of a hymn was sung with such sweetness, that it raised the soul to the very gates of heaven". Smôrens om tienuur is ook byeenkomste gehou; "after singing, engaged in prayer.......the worship closed with the Lord's Prayer and singing". Sy skryf ook van die Hottentotkinders "and the sweetness of their singing"(44).

Veel lof word ook uitgespreek oor die sang van die Hottentotte in verskillende verslae van Kommissaris de Mist se besoek aan Genadendal in 1803. "Er verscheenen voor den Gouverneur 4 á 500 jongens en meisjes van 14 á 15 jaaren, om voor zij Ed. eenige geestelyke liederen te zingen, 't welk zy met een aandoenelyke stem en veel devotie volbragten"(45). Daarna het een van die sendelinge 'n kort welkomswoord tot die geselskap gerig, "after which a chorus of perhaps a hundred Hottentots, men and women, ranged in two rows before the door, the women on the right hand, the men on the left, sang a hymn which was truly affecting and elevating to the heart. At first the whole number sang the simple melody in slow time, then the verses were sung three voices together, by the men and the women alternately, and the melody was sung by two voices only till the last verse, when again they all joined in chorus. I could not help remarking, that among all the men's voices there was not a counterbass, much less a bass. The natural tone of voice of the Hottentots has a roughness which makes it little adapted to singing, yet it was by the low tones of their not overstrained tenor, that the principal effect of the chorus was produced. In the full chorus the voices of the women were not to be distinguished above those of the men by their fullness as by their clearness and shrillness, but the strongest effect was produced when the men's voices predominated. The Hottentots have a strong feeling of music and are soon impressed with the harmony of our intervals"(46).

/Sy

(44) Philip: Memoir of Mrs. Matilda Smith bl.52.
(45) van Reenen: Joernaal bl.20, en Theal: Belangrijke ens. Deel 3, bl.146.
(46) Lichtenstein: Travels ens. deel I, bl.189.

By ander sendingstasies, wat later gestig is, is dieselfde gebruik van musiek gemaak. Oorkant Grootrivier het die sendelinge Kramer en Anderson onder die Griekwas en basters gearbei. Op Sondae het hulle dienste gehou, waarby "a psalm was first sung which the whole audience knew by heart and which was accompanied by the two missionaries with the violin and clarinet....... The service was closed with a general hymn". Die sendelinge het ook verklaar: "It was never their idea to make mere devotees of these savages, but to infuse instruction into their minds by mild and pleasing impressions, particularly by the aid of music"(47).

Hier is dus oorvloedige bewys dat die sendelinge doelbewus Europese kerkmusiek, van verskillende oorsprong, aan die inboorlinge (byna uitsluitlik Hottentots) geleer het. Die Hottentots het die musiek maklik en gretig geleer, daar hulle van nature musikaal is. Op die wyse het die Europese kerkmusiek vroeg al onder die inboorlinge en slawe versprei.

ONDERWYS:

Hoewel die Politieke Raad in alle sake die finale seggenskap gehad het, is die skole in die Kolonie onder beheer van die Kerk geplaas en was die onderwys in die eerste instansie bedoel as voorbereiding tot lidmaatskap van die Kerk. Die onderwyswet wat goew. de Chavonnes in 1714 opgestel het, was nog van krag en die onderwys was daarvolgens bestuur.

Behalwe die kerkskole in elkeen van die vyf gemeentes, wat gewoonlik deur die sieketrooster waargeneem is, was daar in 1753 al ses openbare laerskole in Kaapstad(48). Die vakke waarin daar onderwys gegee is, was lees, skrywe, rekenkunde, godsdiens, sang en soms ook Nederduits, Frans, Engels en Maleis(49). Vir die huidige studie wil ons ons bepaal by die sangonderwys.

/Alle

(47) Lichtenstein: Travels ens. Deel 2, bl.308.
(48) Du Toit: Onderwys ens. bl. 114.
(49) Idem: bl.113.

Alle persone wat onderwys wou gee, moes aansoek doen by die Politieke Raad of by die Skoolarche en is dan deur laasgenoemde, of deur die plaaslike Kerkraad ondersoek. By die ondersoeke is gelet op die kandidaat se vermoë om sang te gee[50]. Ten spyte van die algemene tekort aan onderwysers, is Johan George Kilian op 28 Desember, 1779 afgewys "vermits hy ten eenemaal onkundig was in de zangkunde, en zijn schrift gansch niet meesteragtig"[51]. Meeste van die kandidate het egter in die sangtoets geslaag. Die onderwysers van die kerkskole was gewoonlik die sieketroosters, wat ook as voorsingers in die kerk opgetree het, terwyl verskeie onderwysers in die openbare skole later as sieketroosters aangestel is[52].

Die sangonderwys aan die skole was ook ingeskakel by die godsdiens en het uitsluitlik uit psalmsang bestaan, soos in Hoofstuk VI getoon is. So vind ons dat die Kaapse Kerkraad op 4 September, 1775 besluit "om tot dienst van de school deser Diaconie, van ieder der alhier dienstdoende krankbesoekers Jan de Wolf en Cornelis Agterman, 12 stuks van de nieuw berijmde Psalmboekjes, tegens 6 schell. 't stuk te doen inkopen"[53]. Sodoende is die nuwe psalmberyming vroeg al by die onderwys ook ingevoer.

Die sangonderwys het waarskynlik nie veel verder gegaan as die aanleer van die psalms nie. Van 'n sangtegniek is daar geen sprake nie. Borcherds vertel dat "Dominee" Knoop van Stellenbosch "had een goed muzikaal oor en als hij ons in het zingen van de psalmen onderwees, begeleidde hij zijn gezang met de viool, zodat we leerden den toon van onze stem te moduleeren. Wij werden dan ook algemeen beschouwd als goed zangers"[54]. Hier is dus 'n poging om iets meer aan die leerlinge te leer as net die wysie, maar dit strek ook nie veel verder nie.

Sangonderwys van hierdie aard was so populêr en noodsaaklik geag, dat die koster Reinierke van Stellenbosch in 1777 oor-

/gegaan

(50) du Toit: Onderwys ens. bl.112.
(51) Spoelstra: Bouwstoffen Deel 2, bl.402.
(52) du Toit: Onderwys ens.bl.118.
(53) Spoelstra: Bouwstoffen Deel 2, bl.312.
(54) Borcherds: Bladen bl.21.

gegaan het tot die oprigting van h sangskool, nadat hy behoorlik van die Kerkraad verlof daartoe gevra het op 3 Augustus, 1777[55]. Geen besonderhede is oor die "skool" beskikbaar nie, maar die sangonderwys wat daar gegee is, sou seker nie veel verskil het van die van die gewone skole nie.

Die aanleer van die psalms was dus h noodsaaklike vak by die onderwys en h vereiste vir toelating tot lidmaatskap van die kerk. Veral die sieketroosters het in hierdie opsig h belangrike rol gevul, want nie alleen moes hulle die sang in die kerk lei nie, maar hulle moes die psalms ook aan die jeug leer. Sang was h noodsaaklike vereiste vir h sieketrooster-voorleser, en daarom is dit ook nie verbasend dat George Knoop ietwat huiwerig verskoning maak vir sy swak bors toe hy om die pos van voorleser in Stellenbosch applikasie maak in 1785 nie[56]. Die sieketrooster moes dus heelwat invloed op die kerklike sang van die tyd uitgeoefen het.

Enkele van die belangrike persone wat in die periode onder bespreking as voorsingers en skoolmeesters opgetree het, is die volgende: In Kaapstad: Anthony Berrange (1753-1758)[57]; die reeds-genoemde Jan de Wolf en Cornelis Agterman (wat in November, 1776 afgedank is weens "irregeliere gedoente en handelingen")[58], en Albert Josten vanaf 1776[59]. In Stellenbosch: Abraham Faure (1736-1761)[60], hoewel hy van 1757 tot 1761 net toesig gehou het oor die skool; Christiaan Crijnauw[61] (1761-1783); Gillis de Korte (1783-1785)[62] en George Knoop (1785-1800). In Drakenstein: Andreas Zeits (1750-1769)[63], wat egter nie skool gehou het nie; Johannes Krugel (1769-1787)[64] en Johan Diederich Hermans (1790- )[65]. In Roodezand: Pieter de Vos (1748-1757)[66] en Bruggemans (1757- )[67]. Hierdie beamptes is sonder uitsondering 16 gulden per maand betaal[68], dus 4 gulden per maand minder as die gebruiklike salaris van orreliste

/of

(55) du Toit: Onderwys ens. bl.153. (56) Idem: bl.272.
(57) Idem: bl.135. (58) Idem: bl.135. (59) Idem: bl.249.

(55) du Toit: Onderwys ens. bl.153. (56) Idem: bl.272.
(57) Idem: bl.135. (58) Idem: bl.135. (59) Idem: bl.249.
(60) Idem: bl.147-151. (61) Idem: bl.151. (62) Idem: bl.15.
(63) Idem: bl.156. (64) Idem: bl.280. (65) Idem: bl.285.
(66) Idem: bl.164. (67) Idem: bl.164. (68) Idem: ble.151, 157, 165 ens.

of trompetters. Hulle inkomstes is egter aangevul deur sekere skoolgelde wat ouers moes betaal.

Naas die skole, was daar nog aansienlike gebruik van huisonderwysers gemaak, aangesien veral die boere te ver uitmekaar gewoon het om van h sentrale skool bedien te word. In die binneland was hierdie skoolmeesters feitlik die enigste wat daar te vind was. Dat die mense van die buite-distrikte ook begerig was om hulle kinders te laat onderwys, al was dit dan net van h elementêre aard, blyk uit hul versoeke en klagskrifte van 1778, 1779 en 1785.

Die huisonderwysers was onderhewig aan dieselfde wette as ander onderwysers en moes ook eers deur die Kerkraad gekeur word. Dat meeste van hulle hulle egter nie aan die ondersoek onderwerp het nie en veral in binneland nie tot orde geroep is nie, is nie verbasend nie. Baie van hulle was soldate wat as knegte aan die boere geleen is, terwyl ander weer privaat persone was wat hulleself vir die doel verhuur het.

Die vakke wat hierdie huisonderwysers gegee het, het lees, skryf, syfer, psalmsang en h bietjie Bybelkennis ingesluit. Die meeste reisigers, soos De Jong, Barrow, Percival en ander se beskrywings van die skoolmeesters stem ooreen met die van Barrington: "This is generally some old soldier, but his employment, in this new situation, is not only to instruct the children to read, write, sing psalms, and get by heart a few prayers......."(69).

Wat daar ook van die huisonderwysers mag gesê word, hulle het, saam met al die ander onderwysers in openbare en kerkskole, gehelp om die musiek van die kerk aan die mense te leer en hulle aangemoedig om dit te beoefen. In die opsig het hulle dus aan Kerkmusiek in Suid-Afrika h groot diens bewys. Daarom skryf Kommissaris de Mist dan ook in sy "Memorie over de Caab" dat o.a. "vooral korte, stichtelyke liederen en lofzangen,

/voor

(69) Barrington: Voyage ens. bl.183.

voor welke de Landbewoonere eenen zonderlingen eerbied hebben, behoorden in groote hoeveelheid en zonder kosten aan de schoolmeesters te worden medegegeven"(70).

OPSOMMING:

Die musiek van die Kerk het in die periode 1750 tot 1800 aansienlike vooruitgang beleef. Waar slegs die Groote Kerk in 1750 van 'n orrel voorsien was, tref ons in 1800 al vyf kerke met orrels in die Kolonie aan. In die Drakensteinse kerk is die eerste orrel, gebou deur Hoddersen, in Januarie, 1791 ingewy. Zwartland het omstreeks 1793 'n huisorrel aangeskaf, terwyl Stellenbosch ook teen die einde van die eeu, hoewel beslis nie voor 1786 nie, oor 'n orrel beskik het. Die Lutherse Kerk, aan wie in 1782 vryheid van godsdiensoefening toegestaan is, het ook van die staanspoor oor 'n orrel beskik, wat hulle moontlik egter eers ietwat later toegelaat was om te gebruik.

Op 12 Mei, 1775 is die Nederduitse Gereformeerde Kerk se nuwe amptelike beryming van die psalms in Kaapstad in gebruik geneem en is waarskynlik teen 1776 by al die gemeentes ingevoer. Gepaard daarmee is 'n poging aangewend om die tempo van die gemeentelike sang te versnel, wat aandui dat daar ook al gelet word op hoe gesing word en nie slegs op wat gesing word nie. Meer sang is ook by die eredienste ingevoer, terwyl daar ook melding is van die gebruik van gesange, waar die sang tot hiertoe slegs tot psalms beperk was.

Die orreliste van die Hollandse kerke is gewoonlik teen 20 gulden per maand, of 100 ryksdaalders per jaar besoldig en moes slegs die begeleiding vir gemeentelike sang verskaf. Daar is geen aanduidings dat hulle solo-orrelspel by die eredienste gelewer het nie en kerkkore het ook nog nie bestaan nie.

Naas die orreliste, was die sieketroosters nog die enigste kerklike amptenare wat deels as musikante aangestel is en gewoonlik

/teen

(70) de Mist: Memorie over de Caab bl.46.

teen h salaris van 16 gulden per maand besoldig is. Hulle moes as voorsangers in elke kerk die gemeentelike sang lei en die liedere insit, selfs in kerke waar daar orrels was. In die gemeentes wat nie oor orrels beskik het nie, (teen 1800 was dit net Roodezand, Graaff-Reinet en Swellendam) was hulle die enigste kerklike musikante.

Onderrig in die sing van psalms was h vereiste vak by die onderwys, in die openbare skole en kerkskole, sowel as by die huisonderwys. Aspirant-onderwysers is aan h sangtoets onderwerp en is afgewys as hulle nie daarin slaag nie. Daar is bewyse dat onderwysers in enkele gevalle nie net die psalms aan die leerlinge geleer het nie, maar ook gepoog het om die gehalte van die sang te verbeter. In 1777 is selfs h sangskool in Stellenbosch opgerig. Die onderwys is dus ook tot bevordering van die kerkmusiek ingespan.

Kerkmusiek is ook aan nie-blankes geleer. Slawe moes skole en kerkdienste bywoon, terwyl daar sedert 1792 sendelinge onder die Hottentotte en ander inboorlinge gearbei het. Die sendelinge het ruimskoots van musiek vir hul bekeringswerk gebruik gemaak, terwyl die inboorlinge maklik en met gretigheid die Europese kerkmusiek aangeleer het.

## C. GODSDIENSTIGE MUSIEK ONDER DIE BURGERLIKE BEVOLKING:

Voor die stigting van die gemeente Swellendam in 1798, was daar, benewens die Lutherse kerk in Kaapstad, slegs ses kerke om die ganse Kolonie, wat al oor die 150,000 vierkante myl beslaan het, te bedien. Goeie paaie was daar nie en die langsame ossewa was die hoof transportmiddel. Dit spreek dus vanself dat h baie groot deel van die bevolking, veral in die buitedistrikte, nie die kerk gereeld kon bywoon nie. Ten spyte van al die middele tot bevordering van die kerkmusiek wat ons so

/pas

pas bespreek het, kon die kerk dus self nie sy musiek by hierdie deel van die bevolking bring nie en soos hulle maar hulle eie rigting volg, soos ook in die godsdiens.

Tenspyte van die verslae van manne soos van Imhoff (1743), Cloppenburg (1769), van Plettenberg (1778) en vele ander dat die boere in die buite-distrikte gevaar loop om te verwilder, toon die boere se huislike lewe en hul herhaalde versoeke om meer kerke en skole in 1778, 1785 en 1792 dat hulle verlang het na godsdiens en self op hul eie manier hul godsdiens instand gehou en beoefen het.

In vorige hoofstukke is reeds daarop gewys dat feitlik geen getuienis van die beoefening van huisgodsdiens voor 1750 gevind kon word nie, hoewel daar tog sekere indirekte aanduidings in die rigting is en dat die gebrek aan informasie nie noodwendig die gebrek aan huisgodsdiens aandui nie. Dit is moontlik dat huisgodsdiens as so 'n vanselfsprekende alledaagsheid beskou is, dat dit om die rede nooit vermeld word nie.

'n Studie van hierdie onderwerp met betrekking tot die periode 1750 tot 1800 versterk die opvatting. Tot aan die einde van die Hollandse tydperk kry ons geen vermelding van huisgodsdiens nie. Die verslae hierbo genoem verwys almal na die gebrek aan amptelike kerklike godsdiens- en onderwys-fasiliteite en gaan huisgodsdiens heeltemal verby[1]. Amptelike verslae en reisbeskrywings uit die tyd van die Kompanjie as bestuur van die Kaap is oor die algemeen besonder karig aan informasie oor die gewone alledaagse lewe van die koloniste. Sodra die Kaap egter in Engelse hande val, toon veral Engelse reisigers groot belangstelling in die lewenswyse, sedes en gewoontes van die inwoners van hul nuwe besitting. Hierdie reisigers beskryf dan 'n toestand van sake wat klaarblyklik al lank reeds heers.

Kaptein Robert Percival skryf byvoorbeeld in 1804 dat die koloniste "affect to be strenuously religious, and are very /ostentatious

(1) Sien du Toit: Onderwys ens. bls. 159-161 en 170-176 asook v.d.Merwe: Die Trekboer ens. Hoofstuk VI.

ostentatious of their devotion; it is a practice with them to be continually chaunting hymns and psalms, and before meals they uniformly use a long prayer or grace"(2). By Barrow lui dit: "A book of any kind is rarely seen in any of the farmers' houses, except the Bible and William Sluiter's Gesangen, or songs out of the Bible done into verse by the Sternhold and Hopkins of Holland. They affect to be very religious........and every morning before daylight one of William Sluiter's Gesangen is drawled out in full chorus by an assemblage of the whole family"(3)

Na 'n reis deur die Karoo in 1801, skryf Borcherds: "Godsdienstzin was velen eigen, alhoewel eenigeen, zooals overal elders, onverschilligheid toonden. Een algemeene regel echter was het in iedere familie 's morgens, vóór het opgaan der zon, een psalm te zingen en evenzoo des avonds een psalm of gezang of een lied uit Willem Sluiters, een Hollandschen dichter, die destijds zeer gevierd was"(4).

Lichtenstein het vir etlike maande as privaat persoon onder die Karoo-boere gewoon om te help voorsorgmaatreëls tref teen 'n dreigende pokkiesepidemie. Sodoende het hy die geleentheid gehad om hulle van naby te leer ken en alle besonderhede van hulle huislike lewe waar te neem. Sy informasie is dus besonder waardevol en aangaande huisgodsdiens skryf hy as volg: "Much time was also passed in the services of devotion, at which I regularly attended; although it must be acknowledged that for the most part I found them very tiresome. The day was begun regularly with a psalm being sung and a chapter from the Bible being read. Not only the children, but all the slaves and Hottentots were required to attend. Among the latter, almost all the women had learnt the favourite psalms by heart, and joined in singing them with their sharp and shrill voices". Saans, nadat die vee versorg is, het algar in die voorhuis

/vergader

(2) Percival: An account ens. bl.206.
(3) Barrow: Travels ens. bl.82-83.
(4) Borcherds: Bladen ens. bl.51.

eenigen

vergader waar 'n slaaf iedereen se voete was. Daarna sit die blankes om die tafel, terwyl die volk teen die muur om hurk. "The father then read some extracts from his old sermons, which was followed by the whole company singing a psalm. .....On a Sunday morning a solemn service was performed"(5).

By 'n ander geleentheid, toe hy saam met De Mist se geselskap deur veldkornet De Beer van Swartberge ontvang is en daar oornag het, vertel hy dat die veldkornet graag sy godsdienstigheid wou tentoonstel. Vroeg elke oggend moes al sy kinders, slawe en Hottentots bymekaarkom vir godsdiensoefening wat bestaan het uit psalmsang, 'n lang gebed en voorlesing van 'n hoofstuk uit die Bybel. "He did not even forgo this ceremony during our stay, though at most places where we had been, the bustle occasioned by so large a party of guests, was considered as reason sufficient to dispense with the customary religious exercises"(6). Hierdie laaste opmerking dui aan dat huisgodsdiens moontlik gestaak is in die aanwesigheid van vreemde besoekers en kan dus as 'n rede aangevoer word waarom meeste reisigers nie die huisgodsdiens van die koloniste opgemerk het nie.

Hier het ons oorvloedige getuienis dat huisgodsdiens smôrens en saans teen 1800 'n algemene en gevestigde instelling was selfs [illegible] afgeleë dele soos die Karoo en Graaff-Reinet. Die godsd[illegible]ning is bygewoon deur die hele huisgesin sowel as al die [illegible] en Hottentots. Sang het 'n prominente plek by die geleenthede ingeneem en die liedere wat gesing is, was psalms, gesange en liedere uit Willem Sluiter se bundels.

Huisgodsdiens was egter nie beperk tot die afgeleë boere nie. Ook in Stellenbosch, waar die mense binne bereik van kerk en skool gewoon het, vertel Borcherds dat "geen achtenswaardige familie werd zonder Bijbel gezien; sommige hadden daarbij gebeden-, gezangen- en andere godsdienstige boeken. ....Het was volstrekt niet vreemd 's morgens in de vroegte en avonds voor

/het

(5) Lichtenstein: Travels Deel II, bl.447.
(6) Idem: bl.88.

het avondeten psalmen te hooren zingen"(7). Elders skryf hy van die pragtige boerewonings om Stellenbosch: "Een van de voorkamers was gewoonlijk een ontvangkamer........Ook was daar een serafine-orgel om het gewijd gezang te accompagneeren"(8).

Uit 'n ander bron verneem ons ook van 'n orrel in 'n privaat woning vir gebruik by die huisgodsdiens. Toe de Mist se geselskap op sy rondreis deur die kolonie op die 13e Desember, 1803 by die woning van Cobus du Prez oos van Swellendam aankom, vind hulle dat een kamer van die huis uitsluitlik vir huisgodsdiens afgesonder is. In die kamer was 'n orrel, daar op die plek gebou deur die orrelbouer Hodderson, waarop mej. Muller, du Prez se skoonsuster, fraai kon speel(9). Ons het reeds gesien dat die dispensier Adriaan van Schoor in 1780 'n huisorrel gehad het wat die Stellenbosche kerk van hom wou oorneem en dat die Zwartlandse kerk in 1792 'n huisorrel wou aanskaf. Hodderson (oor wie later meer) het sedert 1780 'n bestaan in die Kolonie gevind as orrelbouer en klawesimbaalmaker(10), terwyl uit koerant advertensies blyk dat 'n mnr. Hemes op 21 Februarie, 1801 'n orrel te verkoop aanbied, in Julie, 1802 twee huisorrels verkoop is en dat op die 28e Augustus, 1802 'n "hand-orrel" te koop aangebied word(11). Vermoënde mense het dus selfs huisorrels aangeskaf vir gebruik by die huisgodsdiens.

Die enigste plek waar huisgodsdiens nie as instelling gegeld het nie, is Kaapstad. Van hulle godsdiens skryf Percival: "It is only the outward show of a Sunday morning; for, except on that day, they never have any concern with their Prayers or their Hymn book"(12). Borcherds beskryf ook die lewe van die Kapenaars in besonderhede, hoedat groepe van ses of agt families bymekaarkom, die mans hulle eenkant amuseer met pyprook, drink of een of ander spel soos "l'ombre" of "quadrille", die vrouens binnenshuis bymekaar gesels, terwyl die kinders hulle besighou

/met

(7) Borcherds: Bladen ens. bl.174.
(8) Idem bl.181.
(9) Lichtenstein: Travels ens. Deel I bl.207 en Theal: Belangrijke hist.dok. Deel III bl.148.
(10) MacIntyre: Early Organs ens. bl.8.
(11) Ibid.
(12) Percival: An Account ens. bl.274.

met speletjies en dansies, maar hy maak geen melding van huisgodsdiens nie[13]. Die gees van die dorpslewe, met sy gejaag na weelde en plesier, was daarteen.

Behalwe in Kaapstad, is huisgodsdiens dus deur alle lae van die samelewing, welgesteldes en armes, landbouers en veeboere beoefen. Daar sou wel baie mense gewees het wat die instelling nie nagekom het nie, maar die beskikbare getuienis toon duidelik dat dit tog h algemene gewoonte was. In die westelike dele van die Kolonie, waar daar meer kerke was, sou die huisgodsdiens die kerklike instellings getrou gevolg het. Maar onder die afgeleë veeboere was h ander toestand aan ontwikkel, waarvoor Lichtenstein die vernaamste getuie is.

Ons laat hom aan die woord: "All the trouble that the colonist has is to see that the Hottentots go out with the flocks in the morning and that the sheep are brought home safe at night. ......The remainder of the time passes in trivial household employments or in <u>frequently repeated devotional exercises</u> and only a little variety is sometimes sought in the chase"[14]. "It must be observed that every journey taken for pleasure, passes here as a 'little ride' and no one must be surprised to hear of a little ride which lasts for a week together. In fact, by this expression is to be understood the friendly visits made to connections and acquaintance, and such kind of journeys form the principal amusements of the colonists. They are particularly fond of visiting on a Sunday any relations who live at a distance of 3 or 4 hours........In a country where there are, properly speaking, no places for amusement, where there are no popular festivals, no fairs, where there is not even such a thing as a tavern and where dancing and all sports are everywhere, except at the Cape Town and in its neighbourhood, regarded as inconsistent with decorum; scarcely any mode of recreation remains, but such kind of visits......When conversation

/begins

(13) Borcherds: Bladen ens. bl.192.
(14) Lichtenstein: Travels ens. Deel I bl.447. - Ek onderstreep.

begins to flag, the scene is relieved by having recourse to the exercises of devotion. The whole company seat themselves round a table and sing psalms, or one reads a sermon or some chapters from the Bible; a ceremony which is performed commonly every evening when there are no guests"(15).

Op ŉ reis na Grootrivier deur die woestyn, in geselskap van ŉ aantal boere "the evening was passed among us amid sportive sallies relative to the Bosjesmans and lions, among the colonists in singing hymns and among the Hottentots with dancing...."(16). Barrow vertel ook dat hy met ŉ klein boerekommando saam uit was om Boesmans te soek. "On setting out, our very devout boors prepared themselves for the enterprise by singing three or four hymns out of 'William Sluiter'....."(17).

Klaarblyklik is gewyde liedere nie gesing net by die daaglikse huisgodsdiens nie, maar by elke geleentheid waar die behoefte om te sing sig voorgedoen het. Mens kry die indruk dat hierdie boere geen ander liedere geken het nie en dat die psalms en ander gewyde liedere hulle volksmusiek geword het. Godsdiensoefening, met sang daarby, is beoefen wanneer die ure bedags te stadig verbyrol, wanneer die geselskap met kuiermense verflou, saans om die kampvuur wanneer ander skerts en die Hottentots dans, en op kommando. Die gewyde liedere het aan alle sangbehoeftes van die mense beantwoord, dit het byna ŉ vorm van vermaak geword. Geen ander musiek is eers naasteby so dikwels beoefen nie en dit het daardie band tussen die mense geskep wat so kenmerkend is van alle volksmusiek.

Die gewildheid van gewyde liedere blyk ook uit sekere opmerkings in die dagboek van Johanna Duminy. Die Duminy's het vir ŉ tydlank in 1797 by ŉ minerale bad vertoef. Op ŉ sekere Sondag het ŉ groep vrouens vir ŉ siek vrou gaan kuier en daarna "song sy alle psalm singe sanet ook....."(18). ŉ Paar dae tevore

/was

(15) Lichtenstein: Travels ens Deel 2, bl.98-99.
(16) Idem bl.273.
(17) Barrow: Autobiographical memoir bl.183.
(18) Duminy: Dagboekie ens. bl.107.

was hulle ook getrakteer deur h man wat pas van Kaapstad af gekom het. "Hy hat een meenigte liederen van pyietyt die hy en zijn vrouw song seer mooi"(19). Lichtenstein bekla selfs die feit dat in die Roodezandse gemeente "through the mistaken zeal of a swarm of missionaries........music and dancing are entirely banished. ......Every feeling of youth is suppressed in prayers and psalm-singing....."(20).

Hierdie toestand van sake kon nie in enkele jare ontstaan het nie. Toe Sparrman in 1773 al by h huis gehoor het dat die vroueslawe psalms sing terwyl hulle naaldwerk doen(21), was dit waarskynlik die resultaat van die huisgodsdiens, wat die slawe ook moes bywoon. Ons glo dat ons hier te doen het met die gevorderde ontwikkeling van h proses wat gedurende die hele eeu plaasgevind het. Namate die boere dieper die land ingetrek en van kontak met Europese musiek afgesny geraak het, het hulle die musiek van hulle moederland verleer. Hulle sterk godsdienssin het die beoefening van gewyde liedere egter altyd wakkergehou en so het die psalms en ander liedere geleidelik die plek van volksmusiek by hulle ingeneem. Die psalms was reeds die musiek wat hulle die beste geken het, soos ons in vorige hoofstukke getoon het, en hulle was dus ook die beste bestand teen die omstandighede wat die voortbestaan van musiek onder hulle bedreig het.

Die volle belangrikheid van die gesangboek van Willem Sluiter is ook nou duidelik, want dié liedere het h volwaardige plek langs die psalme ingeneem en hulle selfs tot mate verdring, die getuienis voor ons te oordeel. As ons in gedagte hou hoe Sluiter se bundel saamgestel is, doem verdere interessante moontlikhede op.

Daar is geen musiek by Sluiter se gedigte gedruk nie, slegs h bekende melodie word by elkeen aan die hand gedoen.

/As

(19) Duminy: Dagboekie ens. bl.100-101.
(20) Lichtenstein: Travels ens. Deel I bl.175.
(21) Sparrman: Voyage ens. bl.41.

as die koloniste hierdie wysies nog geken het, sou die sing van Sluiter se gesange gedien het tot voortplanting van die betrokke, meestal Nederlandse volksliedere. Dit is egter baie onwaarskynlik dat die koloniste meer as slegs 'n paar van die volksliedere nog sou onthou, inaggenome hoe lank hulle reeds byna geheel en al afgesny was van Europese kultuur.

Nou is daar deur navorsers vasgestel dat die koloniste self wysies vir Sluiter se gesange vervaardig het[22]. Daar is vandag nog ou mense wat van die wysies onthou, maar verskillende wysies word vir dieselfde lied aangetref, waaruit afgelei kan word dat die wysies net in beperkte kringe gesing is. Willem van Warmelo het ook vasgestel dat, benewens die vermoë om nuwe wysies self te skep, die mense ook beskik het oor 'n verbasende en unieke improvisasietalent waarmee hulle die eenvoudige basiese melodieë verryk, verfraai en uitgebrei het op 'n besonder kunstige manier[23]. Navorsing in hierdie rigting is maar heel in die beginstadium en die hele veld is nog lank nie gedek nie, maar die beskikbare resultate dui daarop dat die boere in die binneland, afgesny van die offisiële kerkmusiek, begin het om hul eie godsdienstige musiek te skep, wat ook die plek van gewone volksmusiek tot 'n groot mate ingeneem het.

Die "Songs out of the Bible done into verse by the Sternhold and Hopkins of Holland" waarvan Barrow praat, is waarskynlik die liedere van Groenewegen, wat gedurende die tweede helfte van die 18e eeu bekend geraak het en ook deur die boere op selfvervaardigde wysies gesing is[24].

Die belangstelling in die huislike lewe van die Afrikaners, wat met die Engelse inname van die Kaap ontwaak het, het dus op musiekgebied 'n besonder belangrike toestand van sake blootgelê.

Huisgodsdiens was 'n gevestigde instelling wat algemeen

/nagekom

(22) Schonken: De Oorsprong ens. bl.30; Hoshoff: Volk en Taal ens. bl.121; Jochem van Bruggen, in 'n privaat brief aan skrywer hiervan.
(23) van Warmelo: Volksmusiek in S.A., artikel in "Die Huisgenoot", 21 Feb. 1941.
(24) Hoshoff: Volk en Taal ens. bl.59; Schonken: De Oorsprong ens. bl.30.

nagekom is, behalwe deur die dorpenaars in Kaapstad. Dit is tweekeer per dag beoefen, smôrens voor sonop en saans na die dagtaak, en is deur die hele familiekring, asook slawe en Hottentotbediendes bygewoon. Benewens skriflesing en gebed, is daar ook psalms, gesange en liedere van Willem Sluiter en Groenewegen gesing. Soveel waarde is aan die sang geheg, dat diegene wat dit kon bekostig huisorrels aangeskaf het om van begeleiding voorsien te wees.

In omgewings wat binne bereik van die kerk was, is die huisgodsdiens volgens kerklike gebruike beoefen. In afgeleë dele is h onafhanklike rigting ingeslaan. Hier het die koloniste self wysies vir die musieklose liedere van Sluiter en Groenewegen geskep en selfs vir die psalms ook. Onder die invloed van h mate van godsdienstige ekstase, het hulle ook allerlei kunstige variasies en versierings van die basiese melodieë geïmproviseer.

Gewyde liedere is in die buitedistrikte nie alleen by die huisgodsdiens gesing nie, maar by elke geleentheid waar die behoefte om te sing sig voorgedoen het. Dit het dus die plek van volksmusiek ingeneem en moes voorsien in byna al die musiekbehoeftes van die mense. Net soos by die amptelike musiek van die kerk die geval was, tref ons dus hier ook al belangstelling in die musiek om die musiek en nie slegs om die godsdienstige strekking daarvan nie.

Gewyde musiek het dus h oorheersende posisie in die musieklewe van die Afrikaners gehad en het hulle hele musikale denke beïnvloed en gevorm. Dit het hulle geprikkel en geleentheid gegee tot oorspronklike skepping en improvisasie en die invloed daarvan kan dus neulik oorskat word.

2. AMPTELIKE MUSIEK VAN DIE KASTEEL:

Die kasteellewe het in die laaste helfte van die 18e eeu verskeie veranderings ondergaan. Tulbagh het, onder invloed

/van

van die Praalwette van 1755, ook die lewe aan die kasteel ingeperk, maar namate die kolonie uitgebrei en die garnisoen en amptenare in getalle vermeerder het, was daar aan die kasteel hoër gelewe. Die koms van die Franse troepe in 1781 het hierdie neiging oneindig versterk en goew. Van de Graaff het prinselik geleef. Met sy herroeping en die drastiese inkortingsmaatreëls van die Kompanjie, het die hoë lewe in Kommissaris Sluysken se tyd feitlik heeltemal verdwyn. Die koms van die Engelse in 1795 het nêrens 'n groter omwenteling veroorsaak as in die kasteellewe nie.

In teenstelling met die duidelike en uitvoerige informasie van Mentzel, wat so 'n lewendige beeld van die musiek van die kasteel tydens die vorige periode skets, moet die verhaal vanaf 1750 tot 1800 voortgesit word met los brokkies inligting wat uit verskeie bronne gehaal word. Daar is beslis 'n groot gebrek aan kommentaar oor die amptelike sosiale aangeleenthede van die periode. Rede hiervoor skyn te wees die feit dat die sosiale lewe van die burgerlike bevolking die van die amptelike kringe begin oorskadu het en dus meer aandag geniet het.

Die musiekkorps van die garnisoen het nog voortbestaan. In September, 1755 het die Burgerlike Militêre Raad by die Politieke Raad aansoek gedoen om die kansellering van die jaarlikse parade en milisieoefeninge. Hulle kla dat die burgermagte uitgedun en gedisorganiseer is deur die dood van 'n groot aantal manne tydens die pokkies-epidemie en ook van "the loss of trumpeters, pipers and drummers, who have hitherto not been fully replaced"(1).

In 1752 is die ekspedisie na die binnelande, onder bevel van vaandrig Beutler, van 'n tamboerslaer ook voorsien(2). Die name van enkele musikante word ook af en toe genoem. So tref ons in 1755 'n Christiaan Hook as tamboerslaer aan(3) en in 1764

/vir

(1) Leibbrandt: Precis - Requesten bl.89.
(2) Theal: Belangrijke Hist. Dok. Deel I, bl.2.
(3) Leibbrandt: Precis - Requesten Deel 2.

vir August Hendrik Heijne as trompetter[4].

Bernardin de Saint Pierre vertel in 1771 dat die goewerneur o.a. onderskei word "by the custom of sounding a trumpet when he sits down to dinner"[5]. Hy voeg ook later aan by: "The Governor gives no public entertainments"[6] maar mens moet in gedagte hou dat Ryk Tulbagh toe aan die einde van sy lewe was en dit nie as 'n algemene waarheid aanvaar nie.

In 1773 beskryf Thunberg die begrafnis van goewerneur van Rheede van Oudshoorn wat ter see gesterf het. In die begrafnis-optog is die kis gevolg deur "trumpets, kettledrums, soldiers and burghers....."[7].

Hier is dus nog trompetters, hobospelers en tamboers, elders, musiek word nog deur die trompetters verskaf tydens die goewerneur se etensuur en die musiekkorps tree nog op by die begrafnis van belangrike persone. As ons in aanmerking neem dat die musiekkorps 'n vaste deel van die besetting was, het ons hier voldoende bewyse dat dit nog bestaan en die ou pligte vervul het. Geleenthede soos die ontvangs van Lord Clive in Desember, 1764 en April, 1767[8], die begrafnis van Ryk Tulbagh in 1771, die hoeksteenlegging van die nuwe hospitaal, wat volgens kapt. Cook in Oktober, 1772 gelê is "with great ceremony while we were there"[9], is enkeles uit baie waarby die orkes sy rol sou gespeel het.

Die koms van die Franse troepe en die geweldige uitbreiding van die garnisoen moes 'n groot ommekeer in die musiek van die kasteel teweeggebring het, maar ongelukkig swyg die informasiebronne daaromtrent. Toe Adriaan Soesses as kommissaris die Kaap sou besoek, is daar op 27 Desember, 1786 besluit dat by sy ontvangs die troepe opgestel sou word; "when passing through the lines, the Commissioner shall, with the beating of the drums, the blowing of the trumpets and the music of the Regiment de Meuron, be saluted by the Officers...."[10]. Hieruit blyk dat

/die

(4) Leibbrandt: Precis - Requesten Deel 2, bl.546.
(5) Saint Pierre: Voyage to ens. bl.260. (6) Idem bl.261.
(7) Thunberg: Travels ens. bl.235.
(8) Theal: History ens. Deel III, bl.151.
(9) Cook: A voyage ens. Deel I.
(10) Leibbrandt: Precis - Requesten Deel 2, bl.169.

die regiment de Meuron sy eie musiekorps gehad het. Die koms van die Franse troepe het dus ook die teenwoordigheid van meer blaasorkeste aan die Kaap beteken.

In 1791 was daar al h tamboer-majoor vir die kasteel. Dit blyk uit die versoek om burgerregte deur Jan Luijten, wat in 1778 in die Kaap aangekom het en teen 1791 die pos van tamboer-majoor beklee het(11). Korporaal Alexander von Holtz is daarop bevorder tot tamboer-majoor in die plek van Luijten.(12)

In dieselfde jaar skryf sev. Parker dat, terwyl sy op besoek was by kol.Gordon "we were agreeably surprized with the bands belonging to the regiments without"(13). Vroeg in 1792 het h groep Franse skepe, wat op soek was na die beroemde ontdekkingsreisiger La Perouse, in Kaapstad aangedoen. Op die 18e Januarie, "at nine o'clock the Commander of our expedition went on shore; upon which the town saluted him with fifteen guns, which we returned gun for gun. The Governor had sent several carriages, and a large company of musicians to attend General Dentrecasteaux at the place where he landed. Accompanied by the musicians, playing upon their instruments in a very boisterous manner, he went with some officers to wait upon the members of the regency....."(14).

Die uitbreiding van die garnisoen het dus ongetwyfeld h groot vermeerdering in musikante meegebring. Elke regiment het sy eie musiekkorps gehad en dit was selfs nodig om h tamboer-majoor aan te stel. As ons onthou watter groot omwenteling die Franse troepe en die teenwoordigheid van die groot garnisoen op ander terreine van die lewe teweeggebring het, (waarvan in die volgende afdeling meer) en hoedat goew. van de Graaff met sy aansienlik verhoogde salaris die toon aangegee het in weelderigheid van lewenswyse, kan ons aanneem dat die musiek van die kasteel en die garnisoen in omvang meer as verdubbel het.

/Die

(11) Leibbrandt: Precis - Requesten Deel 2, bl.728.
(12) Idem bl.596.
(13) Parker: Voyage ens. bl.55.
(14) Labillardiorre: Voyage in search ens. bl.63.

Die gebrek aan juiste besonderhede is dus te meer te betreur. Met Mentsel se noukeurige besonderhede as basis, kan ons egter h redelike gissing maak dat veral bals en onthale grootlike sou toegeneem het, dat die musiek by die daaglikse militêre seremonies sou uitgebrei het, dat meer musiek en musikante gebruik is om die goewerneur se amp te beklemtoon, terwyl feeste en die jaarlikse milisie-oefeninge met musiek van veel groter omvang opgeluister is. Die skeepsverkeer was in die jare 1781-1784 byna tweekeer soveel as tien jaar vroeër, met h ooreenkomstige vermeerdering in sosiale verkeer, waarvan die kasteelgroep natuurlik h leeue-aandeel moes neem, soos blyk uit die onthale wat kol. Gordon gegee het, waarvan in die volgende sekere besonderhede gegee sal word.

In 1791 kom die verwydering van 2,000 troepe met hulle musikante en die maatreëls van Nederburgh en Frykenius, wat die sosiale lewe verder aan bande lê. Nogtans is die twee kommissarisse met groot feestelikhede ontvang op die 24 Julie, 1792. "De toeloop van aanschouwers was verbazend en de plechtigheid groot; doch daar ik tot dat getal niet behoorde, zal ik u enkel zeggen, dat er dee avonds een groot bal, soupé en illuminatie was"(15). In 1794 het Borcherds die laaste van die jaarlikse kermisse onder Kompanjiebestuur bygewoon. "De Commissaris zat in staatsie in een leuningstoel, terwijl het corps voor hem defileerde......Er werd muziek gemaakt en menig pijpje lekkere kanaster gedurende dit bezielend tooneel gerookt"(16).

In 1795 val die Engelse die Kaap aan. "De oorlogszuchtige geest bezielde zelfs de jongens......Wij werden tot twee compagnieën infanterie gevormd, met blauwe en witte kleuren en kregen muziekcorps met een trommelslager"(17).

Hier is dus verdere bewys dat die musikante nog opgetree het by amptelike bals en by feeste. Daar was ook al genoeg

/musikante

(15) De Jong: Reize ens. bl.65.
(16) Borcherds: Bladen ens. bl.26.
(17) Borcherds: Bladen ens.

musikante om aan twee pasgestigde kompanjies infanterie 'n eie musiekkorps met 'n trommelslaer te gee. 'n Aansienlike uitbreiding van musiekbedrywighede, wat die aantal musikante sowel as die omvang van hul werk betref, blyk dus andermaal duidelik. Ons gee aan die hand dat daar teen 1795 al 'n paar musiekkorpse was soos die wat Mentzel beskryf en dat die getal tussen 1781 en 1791 nog groter was, toe elkeen van die regimente wat aan die Kaap gestasioneer was 'n eie orkes gehad het.

Ons beskik egter oor geen gegewens aangaande die aantal musikante, hul salaris, status en diensvoorwaardes, die instrumente wat hul bespeel het, die omvang van hul pligte, die soort musiek wat hulle gespeel het en die gehalte van hulle spel nie. Dit sal gelukkig en baie nuttig wees as hierdie besonderhede eendag uit een of ander tot hiertoe ongeraadpleegde bron verkry kan word.

Ons het tevore daarop gewys dat die Kompanjie se instellings en organisasie duidelik vasgelê was en weinig verandering ondergaan het. Dit kan dus aangeneem word dat die salaris, status en diensvoorwaardes van trompetters, hobospelers en tamboerslaers dieselfde was as in Mentzel se tyd.

Die musiekkorpse van die Franse en Nederlandse regimente sou ongetwyfeld die standaard klein blaasorkeste van die tyd gewees het, wat as volg saamgestel was: 2 trompette, 2 tot 4 hobos van verskillende grootte, 2 horings, 2 fagotte en tamboere(18). Dit sal opgemerk word dat die orkeste slegs van die van Mentzel se tyd verskil in die insluiting van horings, want fagotte is vroeër onder die hobos gereken. Klarinette was ook dikwels by blaasorkeste ingesluit. In die volgende seksie sal aangetoon word dat beide klarinette en horings al teen 1800 in die kolonie te vinde was.

Op Woensdag, 16 September, 1795 het 1,200 Britse infanterie en 200 artillerie troepe onder bevel van Generaal

/Craig

(18) Scholes: Oxford Companion - artikel "Military Band" b.576.

Craig op die oop terrein voor die kasteel posisie ingeneem. Daarop het die Hollandse troepe met wapperende vaandels en spelende musiekkorps by hulle verbymarsjeer, hulle wapens neergelê en oorgegee as krygsgevangenis(19). So marsjeer die musiekkorps van die Kompanjie se besetting aan die Kaap ook uit ons geskiedenis uit.

Die Engelse het, soos mens kan begryp, die kasteellewe onmiddellik na hulle eie wense ingerig. Engelse troepe het nou waggestaan en die militêre musiek is verskaf deur die orkeste van die Britse regimente. Die sentrale figuur in die sosiale lewe van die amptelike kringe was Lady Anne Barnard, vrou van die regeringsekretaris. Lady Anne het in haar briewe interessante aantekeninge oor die lewe aan die Kaap gemaak, waaruit ons een en ander aanhaal, hoewel dit beter aanpas by later ontwikkelings.

By die aankoms van Lord Macartney as goewerneur, het gen. Craig 'n groot bal georganiseer waarheen vooraanstaande koloniste ook genooi is. Van die dansery sê sy: "They danced without halting at all, a sort of pit-a-pat step, which they have probably learnt from some Beauty on her way to Bengal"(20). Sy het ook gereeld bals gehou om sodoende in die koloniste se guns te raak. "In a week or two I shall invite all who wish to be merry without cards or dice, but who can talk, or hop to half a dozen black fiddlers, to come and see me on my public day, which shall be once a fortnight, when the Dutch ladies (all of whom love dancing, and flirting still more) shall be kindly welcomed"(21).

Tydens die eerste Engelse besetting was slawe dus ook nog aan die Kasteel as musikante gebruik en was die danse en musiek nog dieselfde as vroeër, aangesien die slawe nie so gou nuwe musiek sou aangeleer het nie. Dit was egter nie altyd die geval nie. By een van die bals, wat Lord Macartney ook bygewoon het, "he danced a reel remarkably well to the Scots'

/bagpipes

(19) Theal: History ens. Deel III, bl.360.
(20) Barnard: S.A. a century ago bl.56.
(21) Idem bl.60.

bagpipes with Lade Anne Dashwood.......He was in excellent spirits and paid a compliment to the 'Laddies ain piper and the reel of Tulloch'"(22). Die Kapenaars het dus die geleentheid gekry om te sien hoe die Skotse riel gedans word en te luister na die musiek van die doedelsak. Die musiek van Britse blaas-orkeste moes ook h definitiewe indruk gemaak het en een orkes-leier, Edward Halaran, het na die vertrek van die Engelse in 1803, agtergebly en aansoek gedoen by die Bataafse bewindhebbers om in diens geneem te word.(23)

Lady Anne Barnard het ook soms musiekaande gehou waarby musiek op snaar-instrumente en Franse horings uitgevoer is. Sy vermeld nie watter soort musiek dit was nie, maar moontlik was hier die eerste musiek van h simfoniese aard in Suid-Afrika uitgevoer(24).

Toestande onder die Bataafse bewind reik terug na die tyd van die Kompanjie en vereis dus ons aandag hier. Toe hy die Kolonie deurreis het in 1803, het De Mist as gevolg h Franse horingspeler ingesluit (of "Halvemaan blaaser" soos hy in die kladboek-joernaal van die reis beskryf word(25)), wat h lid was van die Jagterkorps. Sy pligte was om met bepaalde blaasseine die hele safari bymekaar te roep, die veewagters kennis te gee om die vee aan te keer en om die begin en die einde van die dag aan te kondig(26).

Uit die aard van sy gebruik af te lei, was hierdie instrument nie die een wat later tot lid van die simfonie-orkes ontwikkel het nie, maar die ruwer jaghoring. Dit val ook dadelik op dat die jaghoring-speler nou die plek inneem wat die trompetter vroeër gehad het. Hy vergesel nou die kommissaris waar hy gaan, hy gee kennis van allerlei sake en kondig die begin en einde van die dag aan en nie meer h trompetter nie.

/Op

(22) Barnard: S.A a century ago, bl.102.
(23) Leibbrandt: Precis - Requesten Deel 2, bl.596.
(24) Kirby: Saint Cecilia goes south bl.27.
(25) Theal: Belangrijke Hist.Dok. Deel III, bl.121.
(26) Lichtenstein: Travels ens. Deel I, bl.10.

Op 12 Oktober, 1803 vertrek de Mist en sy geselskap "onder een muziek van blaas instrumenten en het lossen van enige kleine stukjes van de Klavervalleij"(27). Die opmerking is ongelukkig so kaal, dat mens hoegenaamd geen besonderhede aangaande die soort musiek, die soort instrumente en wie die spelers was, daaruit kan aflei nie. Lichtenstein, wat die reis ook meegemaak het, rep niks van die voorval nie. Maar dit toon darem dat musiek op blaasinstrumente paslik geag is by die vertrek van die kommissaris.

Kort voor die tweede inname van die Kaap deur die Engelse, vertel Borcherds, het daar militêre oefeninge plaasgevind, by welke geleentheid hy as vaandeldraer van 'n deel van die burgermag, die vaandel van gen. Janssens se dogter ontvang het. "Het werd ons aangeboden met een aangenaam lachje op haar gelaat en de aanbeveling het te beschermen, waarop ik een diepe buiging maakte en het saluut gaf, terwijl de muziek het volkslied speelde en een 'feu de jois' werd gevuurd. Op den avond van dien dag, de eerste maal in mijn leven, bezocht ik het bal in het Gouvernementshuis, waartoe alle burger officieren uitgenoodigd waren en waar wij in uniform verschenen"(28). Elders teken hy ook aan dat die kolonie se strydmag teen die Engelse in 1806 twee tamboer-majoors en 56 tamboers ingesluit het, maar noem geen ander instrumentaliste nie(29).

Die informasie is so karig dat dit geen duidelike beeld laat nie. Daar word gepraat van musiek op blaasinstrumente, van "musiek" wat die volkslied "Wilhelmus" speel, van 'n bal na die milisie-oefeninge, van 56 tamboers en 2 tamboer-majoors en van 'n jaghoringspeler wat blykbaar die pligte wat die trompetters vroeër vervul het, oorgeneem het. Dit wil dus voorkom of daar 'n musiekkorps was wat, net soos vroeër, die militêre oefeninge opgeluister het en die volkslied ook gespeel het. Die bal vind ook nog daarna plaas, waaruit afgelei kan word dat die bale en onthale met ander geleenthede ook nog plaasgevind het. Ander instrumentaliste moes darem naasteby in verhouding ook vermeerder /het

(27) Theal: Belangrijke Hist.Dok. Deel III, bl.12.
(28) Borcherds: Bladen ens. bl.189.
(29) Idem bl.211.

het soos die tamboerslaers, dus moes daar ŉ aansienlike aantal militêre musikante gewees het.

Sover ons kan vasstel, is die musiektradisies van die Kasteel en garnisoen wat gedurende die Kompanjiesbestuur ontstaan het onder die Bataafse bestuur voortgesit met enkele onbelangrike wysigings.

**OPSOMMING:** Tot die einde van die Kompanjie se bestuur aan die Kaap was die garnisoen voorsien van voltydse, betaalde musikante wat verantwoordelik was vir alle amptelike musiekbedrywighede. Die musiekkorps van 1740 is geleidelik uitgebrei, totdat daar in 1795 al verskeie soortgelyke kombinasies was met ŉ ooreenstemmende uitbreiding van werksaamhede.

Tydens die verblyf van die Franse troepe van 1781 tot 1791 het elke regiment waarskynlik sy eie musiekkorps gehad. In 1791 was dit al nodig om ŉ tamboer-majoor aan te stel en in 1795 was dit moontlik om aan ŉ paar nuwe regimente elk ŉ eie orkes te gee.

Die status en diensvoorwaardes van die verskillende musikante het gebly soos dit voorheen was. Die tamboer-majoor se status en besoldiging was waarskynlik gelyk aan die van ŉ sersant of ŉ trompetter, aangesien ŉ korporaal tot die amp gepromoveer is.

Die pligte van die musikante was ook nog dieselfde as voorheen, net op groter skaal. Hulle moes optree by alle militêre funksies, daagliks by die Kasteel, by alle onthale, bals, parades, feeste en begrafnisse. Van die musiek wat hulle gespeel het, waar hulle dit vandaan gekry het, hoe hulle dit geleer het en wat die gehalte van hulle spel was, weet ons niks. Saam met die Franse musikante het heelwat Franse musiek seker ook die land ingekom. Wat instrumente betref hoor ons nog steeds net van trompette, tamboere en "pipers", waarskynlik hobos.

/Tot

Tot 1795 het die Kasteelmusiek dus ook die stempel van die Kompanjie se konserwatisme gedra. Dit het vermeerder met die groei van die Kolonie en die vermeerdering van die garnisoen en amptenare, maar daar is feitlik geen tekens van innerlike groei en vooruitgang nie.

Met die koms van die Engelse verdwyn die ou musiekkorps en word dit vervang deur orkeste van Britse regimente. Die doedelsak word nou gehoor en die daaglikse musiekritueel is waarskynlik heelwat andersingerig, al hoor ons nie daarvan nie. Dit val egter dadelik op dat slawe nou ook gebruik word om dansmusiek by offisiële bals te verskaf, iets wat nooit tydens Kompanjiesbewind voorgekom het nie. Daar vind ook nou die eerste uitvoerings van konsert-orkesmusiek vir snare en Franse horings aan die Kasteel plaas, h groot stap vooruit, hoewel informasie dienaangaande maar skraal is.

Van 1803 tot 1806 verskyn Nederlandse instellings weer, maar met h paar wysigings. Jaghorings word nou ook gebruik en vervang die trompette in h sekere mate. Die musiekkorps tree weer op by die militêre-oefeninge en speel o.a. die volkslied. Ook by bale en onthale tree die orkes op. In 1806 is daar al 2 tamboer-majoore en 56 tamboerslaers, wat dui op die aanwesigheid van etlike musiekkorpse en uitgebreide musiekbedrywighede. In hoofsaak bly die Kasteelmusiek onder die Bataafse bewind egter dieselfde as in die tyd van die Kompanjie.

## L. SEKULÊRE MUSIEK ONDER DIE DORPENAARS:

Die sosiale lewe in Kaapstad, waarmee die musiekbedrywighede so nou saamhang, het tot ongeveer 1780 rustig voortgevloei en van verskeie reisigers byna poëtiese beskrywings ontlok. Die dorp het teen 1779 gegroei tot 700 of 800 huise[1]. "The people generally were above fear of want, but there were few who could

/pretend

(1) Leibbrandt: Precis - Requesten Deel II bl.776.

pretend to live in luxury"(2). Die praalwette, die pokkies-epidemie van 1755 en die swak mark, wat slegs tydens die Frans-Engelse oorlog van 1759-63 weer buitengewoon goed was, het oormatige weelderigheid teengehou.

"I never was in a place where people seemed to enjoy so much comfort; few are very rich, none miserably poor;........ their ideas and their wants are few, and there is that happy constitutional dulness in the Dutch, which keeps them perfectly satisfied without either business or pleasures to occupy their minds" skryf mev.Kindersley in 1764(3). Bernardin de Saint Pierre se beskrywing is nog meer idillies: "Here a happy industrious people, content with domestic enjoyment, the sure consequence of a virtuous life, do not seek after it in romances, or upon the theatre. There are no public exhibitions at the Cape, nor are they wished for" en so verder in dieselfde trant(4).

Die geliefkoosde tydverdryf van die inwoners van Kaapstad was om "alle Abende von 5 Uhr an bis um 9 Uhr zusammen zu kommen und mit einander zu rauchen, zu spielen und zu trinken, ohne zu essen"(5). Volgens Stavorinus was die vroue "vrij in den ommegang, en groote liefhebbers van vermaak en vrolijkheid, waarin zy haarin meesten tyd doorbrengen. Vreemdelingen, en vooral de Engelschen zijn by haar zeer geliefd, dewijl sy geen geld ontzien, om haar met plezier partijtjes te vermaken"(6).

In 1772 het kaptein Cook gevind dat die jong dames "gemeenlijk goed zingt, danst en op de luit speelt en daardoor vergoeding maakt voor 't gebrek van beschaafde manieren en kiesheid van gevoelens"(7). By 'n later besoek aan die Kaap in 1776, het die geneesheer van Cook se ekspedisie, Anderson, saam met 'n paar ander die land vlugtig deurreis. 'n Sekere mnr. Cloeder (Cloete) het hulle na sy huis uitgenooi, en "this Gentleman entertained us with the greatest hospitality, and in a manner

/very

(2) Theal: History ens. Deel III, bl.36.
(3) Kindersley: Letters ens. bl.63.
(4) Saint Pierre: Voyage ens. bl.258.
(5) de la Caille: Reise ens. bl.223.
(6) Stavorinus: Reize ens. Deel II, bl.127.
(7) Cook: Reis naar de Zuidpool ens. Deel IV, bl.35, aangehaal deur Bosman: Drama en Toneel ens. bl.25.

very different from what we expected. He received us with music, and a band also played while we are at dinner; which, considering the situation of the place, might be reckoned elegant"(8).

Hoewel hier dus getuienis is dat die huispartytjies en onthale vir besoekers nog voortduur, dat die mense nog lief is vir plesier en graag die Engelse naloop, dat, soos in die vorige eeu aangetoon is, offisiële bals, onthale en feeste, waaraan die burgerlike bevolking ook deelgeneem het, ook nog plaasvind, is hier tog 'n belangrike ontwikkeling te bespeur. Die jong dames kan nie meer net dans nie, maar nou ook taamlik goed sing en op die luit speel. Die strekking van Cook se opmerkings toon dat hy hier praat van 'n vorm van kunsmusiek, musiek vir die salon of voorkamer en nie blote volksmusiek nie. Die dametjies moes êrens onderrig in sang en luitspel ontvang het, wat die teenwoordigheid van musiekonderwysers aan die Kaap aandui.

Dit is die eerste keer dat die luit aan die Kaap vermeld word en dan nogal as 'n modieuse instrument. Die luit het teen hierdie tyd in Europa al in onbruik verval, maar Cook is so 'n betroubare waarnemer, dat mens nie aan sy informasie kan twyfel nie.

Die moontlikheid van musiekonderwysers aan die Kaap teen die tyd, word 'n sekerheid as ons lees dat, omdat Michiel Christiaan Vos, later dominee, in sy veertiende jaar (dus 1774) "grooten lust voor de muziek had, werd mij één uur 's daags vergund op het klavier te leeren spelen......Het was mij zelfs in het muziek leeren een lust, allerlei ijdele dingen te moeten leeren spelen; het liefst nam ik daartoe de Psalmen, de Hoogduitsche gezangen en andere geestelijke liederen"(9). Dit is heeltemal duidelik dat hy 'n onderwyser gehad het wat aan hom die "ijdele dingen" teen sy sin geleer het.

Besonder interessant is hier die eerste vermelding van 'n /klavier

(8) Cook: A Voyage ens. Deel I, bl.43.
(9) Vos: Merkwaardig verhaal ens. bl.5-6 - Ek onderstreep.

klavier in 1774. Vos het teen die tyd wat hy sy lewensherinneringe opgestel het al heelwat gereis en het geweet wat 'n klavier is. Die konstruksie van die klavier is maar eers omstreeks 1740 duidelik vasgelê en die instrument is nie voor 1767 op 'n publieke konsert gebruik nie(10). Dit is dus baie onwaarskynlik dat Vos se vroeggestorwe en betreklik onvermoënde ouers 'n klavier in 1774 sou kon bekostig het. Vos bedoel waarskynlik 'n klawesimbaal, wat in Duits „Clavier" genoem is. In elk geval is dit belangrik om te weet dat 'n gesin soos die Vosse in 1774 'n klawesimbaal aan huis gehad het en dat die seun onderwys in die speel daarvan ontvang het.

Aansluitend hierby is die reeds bespreekte kwessie van waar die orrelis Heyns geleer het om goed genoeg te speel om vanaf 1779 as orrelis van die Groote Kerk op te tree. Ons het aan die hand gedoen dat daar moontlik toe al huisorrels of klawesimbale aan die Kaap te vind was. Hodeman bied in 1775 'n soortgelyke geval (Sien bl.115). Hy was maar sewentien jaar oud by sy aanstelling as orrelis en moes dus betreklik vroeg begin leer het. In 1792 was Heyns nog 'n bekwame orrelis (Sien bl.122). Sou hy nie na sy ontslag in 1753 musieklesse gegee het nie? Het die verskillende kerkorreliste trouens nie algar musieklesse gegee, soos dit vandag nog die gebruik is nie? Dit is baie waarskynlik, aangesien hulle pligte feitlik dieselfde was as die van vandag se orreliste; hulle het ongeveer dieselfde besoldiging ontvang (miskien ietwat beter as vandag) en het net soveel vrye tyd gehad.

Verder is daar ook nog die feit dat daar in 1752 plaaslik 'n persoon was, Bauer genaamd, wat vir die Groote Kerk 'n orrel gebou het. Hy was waarskynlik geen orrelbouer nie, maar 'n skrynwerker wat kennis van orrels gehad het, want sy orrel was 'n taamlike mislukking (Sien bl.115). Nietemin is dit moontlik dat hy vir burgerlike persone ook huisorrels gemaak het. Die

/feit

(10) Scholes: Oxford Companion ens. Artikel: Pianoforte.

feit dat Adriaan van Schoor in Mei, 1780 'n huisorrel wou verkoop, dui ook in dié rigting.

Hoewel ons hier in die duister rondtas, het ons redelike gronde om te vermoed dat instrumente soos huisorrels en klawesimbale vroeër in huise aan die Kaap in gebruik was as wat ons informasiebronne aandui.

Dat 'n privaat burger, Cloete, in 1776 oor 'n orkes beskik het wat musiek by die ete verskaf het en ook opgetree het by die onthaal van besoekers, klink ongelooflik. Ons sal egter later aantoon dat dit deur Le Vaillant bevestig word en dat hy ook verdere besonderhede aangaande die orkes meedeel. Hier dien slegs daarop gelet te word dat die burgers al die Kasteelgebruike begin oorneem en selfs die kasteel se leiding op die gebied na die kroon steek. Musiek as 'n selfstandige kuns en nie bloot as begeleiding vir die dans of deel van die godsdiens nie, tree dus na vore onder die inwoners van Suid-Afrika. Onderwys in sang, fluitspel en klawesimbaalspel is verkrybaar en word gebruik, terwyl 'n privaat orkes wat musiek verskaf by die ete en onthale by 'n burger aangetref word. Aansluitend hierby het ons reeds gesien (bl.128) dat 'n sangskool in 1777 in Stellenbosch opgerig is.

In 1779 het 'n Duitser met name Johannes Ludewig Hoddersen (of Hoddensen) met die skip "Diana" in Kaapstad aangekom as soldaat in die Kompanjie se diens, hoewel hy 'n orrelbouer van professie was. Hy was nouliks 'n jaar hier, toe hy in September, 1780 om burgerregte vra met die doel om sy ou ambag te beoefen(11). Dit was hy wat die eerste orrel van die Drakensteinse kerk in 1791 gebou het, asook die huisorrel van Cobus du Prez van Swellendam. Hy was ook stemmer en hersteller van die orrel in die Groote Kerk tot 1800(12). In die lig hiervan en van die voorgaande is dit nie verbasend dat hy floreer het nie en dat Lichtenstein skryf: "(he) was still living at the Cape Town when

/I

(11) McIntyre: Early organs ens. bl.8.
(12) Idem: bl.13.

I quitted the country, (d.i.1806), continuing his trade, and gaining a very good livelihood by making harpsichords"(13).

Nieteenstaande die rustige eenvoud van hulle alledaagse lewe, het die koloniste dus op musiekgebied baie gevorder. Die liefde vir dans, partytjies en vrolikheid was nog daar, maar h waardering vir musiek as kuns het ook by hulle ontwaak en hulle het dit nodig geag om instrumente aan te skaf en te leer speel en sing.

Maar die koms van die Franse troepe in 1781 het skielik, as't ware soos h sweepklap die hele maatskappy op hol gesit in h dolle jag na weelderigheid, plesier en ydelheid. Le Vaillant beskryf dit as volg: "The females of the Cape, when I saw them for the first time, had really excited my astonishment by their dress and their elegance; but I admired in them, above all, that modesty and reserve peculiar to the Dutch manners, which nothing as y.. corrupted.

In the course of six months, a great change had taken place. It was no longer the French modes they copied; it was a caricature of the French. Plumes, feathers, ribbons, and tawdry ornaments heaped together without taste on every head, gave to the prettiest figures a grotesque air, which often provoked a smile when they appeared. This mania had extended to the neighbouring plantations, where the women could scarcely be known"(14).

Geen wonder dat h sekere Gyster in 1781 h "Liet van wegens De hoogmoed Ende hoevardey op de wers van De 77 pessels" maak nie. Die lied is 34 strofes lank en begin:

(1) Komt hier vrome mens te samen
Laat ons Anderen gaan vermaanen
Die hier soo leven Dwaas en Boet
Die niet en agt op onze Goedt....

Dat die vroue sonder hoede kerk-toe gaan, wek die digter se verontwaardiging:

(9)

(13) Lichtenstein: Travels ens. Deel I bl.207.
(14) Le Vailliant: New Travels ens. Deel I, bl.XIV.

(9) De Vrouwe gaat De mans te booven
Want Sij koomen met bloote hooven
Het is gekrult gevlegt gespleet
Met een muts van twee vingers breed.

(10) Anders Een krans van vogel veere
Om het hooft daar mee Sij Swieren
De hayr ys haar tot een Spot
Sij gebruykt Die Als Een Sot.

(11) De Lange hayre Syn De vrouwen
Om haar hoofd bedekt te houwen
Maar Sij gaat En Snijt Die Af
Om uyt te voeren haaren pragt.

(12) Een Eerlijk vrouw Die Sal haar Schamen
Weet dat Sulks haar niet betaamen
Om met haar bloote hoofd te gaan
Gelijk poulus ons ook vermaan.

(13) Een Swarte Plyster op de wangen
De Hoofd vol silver naalde hangen
Een poeyer kwast in 't Swarte hayr,
puur of Sij Stokoude waar.

(14) Dat ys regt plysters sonder wonden
En vervuyld van stinkkend sonden
Naakt Sonder armoed Som
En Grys Sonder ouderDom.

Die voorliefde vir vreemde modes, word gegésel met 'n herhaling van Jesaja se voorspelling:

(20) De vreemde Sal u Nog Eens voeren
Uyt u Lant met al u snoeren
Gelijk De Dogters van Siloam
Die Der met skanden af kwam.

(21) Wat Sal dan helpen al u tieren
Al u haayrvlegten En De Sweeren
Al u pluymen wet en Swart
Al u Rykdom En u Schat. (15)

Dieselfde digter, Gyster, het ook in 1781 'n "Liet gedigt in oorlogstijd" geskryf.(16)

Die verwaandheid wat onder die koloniste ontwikkel het, het Le Vaillant ook teen die bors gestuit. Hy kla bitterlik oor die hooghartige manier waarop die eienaar van Constantia hom en 'n vriend in 1783 ontvang het. "But how great was our astonishment when we awoke in the morning, and were saluted with a most admirable concert playing under our windows! Delighted with the enchanting sounds, we endeavoured to guess their cause. We asked each other, how it could happen that this satrap, the
/night

(15) Schonken: De oorsprong ens. bl.119-120.
(16) Idem bl.122.

night before, should have shown himself so haughty, and now display the most refined attention?......Our conjectures and our praises were of short duration. The concert was intended for the amusement of our host, and not for ours; and this was not the first time it had saluted the walls of his palace. This 'great' man was accustomed to be thus awakened every morning, and he retained for the express purpose, fifteen slaves particularly skilful in musical execution"(17).

Hierdie is ongetwyfeld dieselfde Cloete en dieselfde orkes wat Anderson in 1776 teengekom het. Cloete was dus die eienaar van Constantia, hy het die orkes al minstens sewe jaar lank gehad, dit was 15 musikante sterk, waarvan algar slawe was. Die slawe moes al aansienlike musikale bedrewenheid aan die dag gelê het om saam in 'n orkes te speel. Dit is ook nou duidelik dat die orkes etenstye, smôrens vroeg en ter geleentheid van onthale gespeel het en feitlik dieselfde rol by Constantia gevul het as die garnisoen se musiekkorps by die kasteel.

Die Franse reisiger bevestig nie net die bestaan van Cloete se orkes nie, maar sê ook elders dat "all the ladies play upon the harpsichord, which is their sole accomplishment"(18). Die klawesimbaal en die vermoë om dit te bespeel het dus al algemeen geword, waartoe die klawesimbaalmaker Hodderson seker geen geringe deel bygedra het nie. Daar moes derhalwe ook al verskeie musiekonderwysers gewees het.

Die vreemde troepe was nie die enigste bron van rykdom en Europese invloede in hierdie jare nie. Die skeepvaart het byna verdubbel en daar was slegs 29 Hollandse skepe onder die 135 wat gemiddeld jaarliks in Kaapse hawens aangedoen het, volgens Theal. Die belangrikheid van die kroeë, wynsteers en herberge as kontakplekke tussen koloniste en deurvarendes, sowel as bronne van musiek het in Hoofstuk VI duidelik geblyk.

/In

(17) Le Vaillant: Travels ens. Deel I, bl.51.
(18) Volgens Trotter: Old Cape Colony bl.299.

In 1784 word h weerklank van die ontwikkelings in die verband aangetref in h saak tussen J.J. van der Berg, lisensiehouer van die alleenreg om brandewyn te verkoop, en D.G.van Reenen, bierbrouer. Van der Berg se klag is dat Van Reenen by sy takkantiene biljarttafels en balsale aanhou, terwyl die wet aan hom die alleenreg daaroor toesê en dat plekke waar musiek, biljarttafels en dansgeleenthede bestaan onder sy lisensie val. Van Reenen beskuldig daarop vir Van der Berg dat hy opsetlik sy takkantiene probeer verhinder en verbied het om musiek en biljartspel te verskaf en dat daar geen wet is wat hierdie voorregte aan die algemene wyn-lisensiehouer verbied nie.(19) Die saak het vir ses jaar voortgesleur totdat die fiskaal in November, 1790 uitspraak ten gunste van Van Reenen gegee het(20).

Musiek het al so h belangrike rol in die herberge en kantiene gespeel, dat daar onderlinge wedywering daaroor plaasgevind het en sommige herbergiers selfs spesiale kamers ingerig het vir dansery en blykbaar musikante aangehou het net vir die doel. Die musikante was na alle waarskynlikheid slawe.

Hoewel geen nadere besonderhede oor die musiekmakery in hierdie plekke verskaf word nie, sou dit ongetwyfeld by die aard van die plekke aangepas het en van h ruwe, volkse tipe gewees het. Hulle is nie om die rede sonder betekenis nie, maar eerder die teenoorgestelde. Hier het die dorpenaars met besoekers, matrose en soldate gemeng, om sodoende nuwe volksliedjies, wysies en danse te leer. Veral die slawe het oop ore vir die musiek gehad en hier volksliedjies uit alle dele van die wêreld opgevang. Die belangrikheid van die plekke as aansluitingspunte met Europese volksmusiek het dus toegeneem tydens die periode onder bespreking.

By Simonsbaai, wat intussen ook tot h dorpie aangegroei het en waar, volgens Theal, teen 1789 gemiddeld 25 skepe per jaar geanker het, het h sekere Brand h herberg gehou waar die skeeps-

/kaptein

(19) Leibbrandt: Precis - Requesten Deel I, bl.149.
(20) Idem bl.203.

kaptein de Jong dikwels vertoef het. De Jong vertel: "deze hupsche, brave oude Heer doet ongelooflik veel beleefdheden aan vreemdelingen, en houdt schier open tafel. Des avonds heeft men er dans- of speelpartyen"(21). Dit is tipies van die wyse waarop besoekers by deftiger herberge ontvang is.

In sy interessante briewe oor die lewe aan die Kaap omstreeks 1792-5, beskryf De Jong die danslus wat daar nog steeds geheers het, veral onder die vrouens. "De gewoone uitspanningen, waarop sy zoo als alle vrouwen, zeer gezet syn, bestaan in het Klavercimbal, een party Quadrille, Ombre of Whist, en onvermoeid, onmatig danssen"(22). "Zy danssen alle, en niet zoo als onze boerinnetjies, maar wezelyk contradansen en menuetten. Er komt wel eens een enkele schop of stoot tussenbeide, maar buiten ziet men zoo nauw niet"(23). "Daar zy (d.i. die vrouens) zeldsaam lezen en nooit hare kundigheden trachten uittebreiden of te vermeerderen, loopen de gesprekken over het dansen van gisteren, de kleeding van heden, en het spelen van morgen"(24).

Ook hier val [illegible] dat, tenspyte van die "onvermoeid, onmatig danssen", klawesimbaalspel ook nou deel vorm van die ontspanning, wat dien ter bevestiging van wat Le Vaillant in die verband geseë het. Die dansery is ook al heelwat verfynder en meer elegant as die van die Hollandse boerinnetjies.

'n Werklik uitvoerige en kleurryke beeld van sosiale lewe aan die Kaap teen 1791, word geskilder deur mev. Parker. Sy sê uitdruklik: "In this town are no public amusements"(25), maar van private vermaaklikhede het sy veel te vertel. Sy was tuis by een van die deftigste losieshuise in die dorp, die van mev. de Wit. Na die aandete "the evening concluded with dancing, - which they are remarkably fond of in this town; particularly a dance somewhat like the Allemande, excepting the figure, which

/is

(21) De Jong: Reizen ens. Deel I, bl.31.
(22) Idem bl.130.
(23) Idem bl.99.
(24) Idem bl.130.
(25) Parker: Voyage ens. bl.46.

is not variable, and the long continuance of turning round: it is surprising that the ladies are not giddy with the swiftness of the motion; for it would certainly turn any person's head unaccustomed to it"(26). Die organiseer van danse was blykbaar as deel van h losieshuishouer se plig beskou.

Mev. Parker was goed bevriend met kol. Gordon en sy is verskeie kere deur die Gordons by hul huis onthaal. Haar beskrywing van een van die aande gee h duidelike beeld van die vorm wat dergelyke onthale by hoëlui in Kaapstad aangeneem het. Gelukkig het sy h oor vir musiek gehad! Sy sê: "The next morning we again visited the hospitable villa, where we were regaled in a manner that bespoke the attention of the providers: during the desert which would have gained applause from the nicest Epicure, singing was introduced, in the course of which we were favoured with a Hottentot song from the Colonel: to describe any part of it would be impossible; but, without a wish to offend, I must say that it appeared to me the very reverse of all that is musical or harmonious; and the Colonel, who gave us strict charge not to be frightened with what we were to hear, seemed to enjoy the laughter it occasioned. Different songs having gone round, the Colonel's son amused us with several pieces upon the organ; shortly after we were agreeably surprized with the bands belonging to the regiments without; nor did this conclude the amusement; for, after drinking coffee, we danced until our return into town, when the same music accompanied us, to prevent, I suppose, our spirits from drooping at the thought of leaving such good company"(27).

h Sangparty tydens ete, waarby h Hottentot-lied, wat die kolonel waarskynlik op een van sy binnelandse reise geleer het, voorgedra word, musiek op h huisorrel, musiek van die blaasorkeste buite, dans en verdere sangitems op een onthaal! Opmerklik is dat die garnisoenbevelvoerder ook in 1791 h huisorrel gehad het.

/Maar

(26) Parker: Voyage ens. bl.54.
(27) Idem bl.55.

Maar mev. Parker het meer te vertel: "On the 24th (Julie, 1791), a select company of us dined at Colonel Gordon's.. ....We were occupied in feasting and singing till the evening, when we returned home (d.w.s. na die losieshuis), and found the company waiting for us. Upon our arrival, the dances immediately began; and, after eating an excellent supper, we retired to our apartments; but, from the coolness of the night, the moon shining delightfully, and the music parading the streets, we were unwilling to assign ourselves to'dull oblivion'" (28).

Die dame was beslis romanties aangelê, maar haar openhartige kommentaar klink tog heeltemal opreg en waar. In 1791 was daar genoeg musiek in Kaapstad vir die wat wou hoor!

Hoe verder ons gaan, hoe ryker word die musiektafereel. Huisorrels en klawesimbale skyn al algemeen te wees en die dames speel en sing taamlik goed. 'n Professionele orrelbouer en klawesimbaalmaker [illegible] goeie bestaan, terwyl ook ander instrumentmakers, soos Leop[illegible] wat die Groote Kerk se orrel in 1788 herbou het, gevind kan word. Musiekonderwysers moet al taamlik volop wees, al hoor ons nie van hulle nie. Die musiekmakery en dansery in kantiene, herberge en losieshuise vind op 'n al groter skaal plaas, terwyl musiek by private onthale ook meer voorkom en enkele ryk mense selfs slawe-orkeste aanhou om vir hulle musiek te maak. Ons herinner ons ook dat voorleser-skool-meester George Knoop sy sanglesse met behulp van vioolspel probeer bevorder het. Botha sê dat die dametjies ook harp gespeel het en die mans viool, fluit, hobo en ander blaasinstrumente. Die populêrste danse was walse, menuette, kontradanse en kadriele (29).

Gelukkig beskik ons ook oor 'n paar beskrywings van 'n huwelik in hierdie jare, o.a. die van skeepskaptein de Jong met 'n Kaapse dame. Hulle moes ook voor die huweliksKommissarisse verskyn en word toe op die dag deur 'n groot aantal vriende en familielede besoek. "Aan alle deze vriendelijke menschen is

/men

(28) Parker: Voyage ens. bl.57-58.
(29) Botha: Social life ens. bl.58.

wen gewoon, op den avond van dien dag, dat men voor Commissarissen is geweest, eene vrolijke partij, een zeker feest te geven, dat de naam van Commissaris-maal draagt en gemeenlijk in een soupe en bal bestaat.......Op deze feesten is ieder gewoon op het rykste en prachtigst gekleed te zijn, en daar gij weet, dat de Kaapsche vrouwen hierin bijzonder uitmunten, was het een zeer luisterryk bal". Die Sondag na die huwelikbevestiging, vervolg hy: "Wy hadden dien middag omtrent vijftig menschen aan tafel, waardoor des avonds eene nieuwe danspartij ontstond en tot laat in den nacht duurde"(30).

Op Sondag 4 Mei, 1806 is Borcherds ook in die huwelik bevestig. Die dag tevore moes hy en sy bruid ook voor die huwelikshof verskyn en "den dag en den avond brachten wij in den familiekring door en 's avonds deden we hartelijk mede aan de vroolijke spelletjies van de jeugd". Hierdie seun van h predikant sê ook verder, dat na die huwelikbevestiging op Sondag, "in den avond amuseerden de jongelui zich weer best en werden bezig gehouden door een paar dorpsmuzikanten. In die dagen was dat gewoonte bij trouw gelegenheden en 't werd geheel en al onschuldig geoordeeld"(31).

Die huweliksfees het dus weinig verandering ondergaan. Mens merk egter dat, ~~noudat~~ die ~~populasie se vermeerder het dat iedereen nie feitlik iedere andereen meer ken nie~~, die dansery elke aand, van die eerste lesing van die geboorte tot die huwelik self, nie meer voorkom nie. Dit mag nog gebeur het onder mense van laer stand, want albei die aangehaalde gevalle was ~~mense~~ van h betreklik hoë stand. Die Kommissarismaal en -dans vind egter nog plaas, asook die maaltyd en dans na die huweliksbevestiging op Sondag.

Dwarsdeur die 18e eeu is daar dus op Sondae gedans na die huwelik en dit is, soos Borcherds verduidelik, "geheel en al onschuldig geoordeeld". Die feit dat hy so h verduideliking

/nodig

(30) de Jong: Reizen ens. Deel 2, bl.79.
(31) Borcherds: Bladen ens. bl.218-221.

nodig ag, toon aan dat die opvatting in die verband nog gedurende sy leeftyd verander het. In die 18e eeu het die mense nie geskroom om op Sondae te dans nie, selfs sonder die verskoning van 'n huwelik. Ons lees dat op Sondae, "when the exercises of devotion are finished, it is no unusual thing among the young ladies to form parties of pleasure, and spend the evening in the ball-room"(32). Lady Anne Barnard vertel ook dat, tydens 'n besoek aan Stellenbosch, hulle op 'n Sondagaand 'n "impromtu ball" gehad het aan die huis van landros R.J.van der Riet(33).

Toe die Engelse hulle aanval loods in 1795, was daar tweespalt in die Kolonie. Die oorgrote meerderheid van die burgers was republikeins en wou die land verdedig. Ons herinner ons hoedat die jongmanne in twee kompanjies infanterie gevorm is met 'n eie musiekkorps en tamboerslaer (Sien bl.145). Onder die amptenare was daar egter 'n sterk Oranje-gesinde seksie wat die Engelse wou verwelkom. Hulle het weer orals rondgegaan en Oranje-liedere gesing(34). Die nasionale volksliedere van Nederland het dus nog lank nie uitgesterf in Suid-Afrika nie.

Die Engelse het hulle gedurig bekla oor die gebrek aan "public amusements"(35). Lady Barnard en ander het hul bes gedoen om self in hierdie leemte te voorsien, maar die klagtes het voortgeduur. Gedurende die 18e eeu was daar feitlik geen publieke vermake nie, uitgesonder die paar jaarlikse kermisse en die feestelikhede wat met die milisie-oefeninge gepaard gegaan het. Verder was daar net die onthale by die kasteel, danspartye in herberge, losieshuise en privaat wonings en 'n bietjie private musiekmakery. Publieke danse en konserte het nog hoegenaamd nie voorgekom nie. Die sosiale verkeer het hoofsaaklik in familie-partytjies gesentraliseer.

Barrow sê: "That portion of the day, not employed in the concerns of trade, is usually devoted to the gratification of the sensual appetites. Few have any taste for reading, and /none

(32) Gleanings in Africa bl.18.
(33) Barnard: S.A. a century ago, bl.137.
(34) Theal: History ens. Deel III, bl.344.
(35) Barnard: S.A. a century ago, bl.55; Barrow: Travels bl.48; Percival: An Account ens. bl.276.

some for the cultivation of the fine arts. They have no kind of public amusement except occasional balls; nor is there much social intercourse but by family parties, which usually consist of cardplaying or dancing"(36). Borcherds se beskrywing van die kuiery in Kaapstad(37) stem presies ooreen met die van Barrow.

Ook Percival sê dat "dancing and visiting are the principal amusements with them, and of these they are very fond.....Any private house which has musical and dancing parties at it, is open to any stranger or inhabitant of respectable character..... A Dutch father and mother behold with indifference their daughters frequent balls and parties given by foreigners, without thinking it necessary to have a matron accompanying them, to watch over their conduct"(38). Robert Semple het ook die gebrek aan lees lus en die voorliefde vir dans opgemerk. "It is at a danse that the women of the Cape are seen to best advantage. Their dresses of Indian muslin, their nodding feathers, their graceful motions, and their countenances, in general beautiful, animated by the lively music of the violin, contribute to place them in the most favourable point of view"(39).

Te midde van die onversadigbare danslus, merk ons tog dat daar gepraat word van musiekpartytjies sowel as dansparty. Verskeie van die bovermelde skrywers verwys dan ook spesiaal na die musikale bekwaamhede van veral die dametjies. "It is but justice to the young females of the Cape to remark, that many of them have profited much more than could be expected from the limited means of education that the place affords. In the better families, most of them are taught music, and some have acquired a tolerable degree of execution", sê Barrow.(40)

Volgens Percival was meeste van die koloniste betreklik beskaaf en "their daughters are pretty well educated in music and /dancing

(36) Barrow: Travels ens. bl.48.
(37) Borcherds: Bladen ens. bl.192.
(38) Percival: An account ens. bl.276.
(39) Semple: Walks and Sketches ens. bl.29.
(40) Barrow: Travels ens. bl.50.

dancing "[41]. Hy sê ook: "The girls, as I have observed, receive a moderate share of writing, dancing and music; and some who have a taste for them become proficients in the latter accomplishments"[42].

Die nooiens van die Kaap het dus oor die algemeen musiekopleiding ontvang en so 'n graad van bekwaamheid aan die dag gelê, dat selfs die smalende Barrow en Percival verbaas daaroor was. Dit toon hoe algemeen instrumente soos huisorrels, klawesimbale en miskien klaviere al in huise aan die Kaap te vin[de] was. Aangesien die skole nie hierdie soort musieklesse verskaf het nie (Sien Deel B van hierdie hoofstuk), moes daar al vry groot getalle musiekonderwysers hieruit 'n bestaan gemaak het. Hoewel geen besonderhede gegee word van die ~~tipe~~ soort musiek wat gespeel is nie, lei ons af uit Barrow en Percival se loftuitinge dat dit van 'n redelike hoë gehalte moes gewees het.

Ons kan derhalwe Graham Botha se aanmerkings oor die familiebesoeke onderskryf. Hy sê dat die tyd verwyl is met geselsery oor ~~sosiale~~ maatskaplike aangeleenthede, kaartspel, musiek op die klavier of ander instrumente en dans[43]. Met uitsondering van die gebrek aan openbare konserte en veral orkesmusiek, het Kaapstad dus al musikale volwassenheid bereik.

Hierdie gebrek sou egter nie lank voortduur nie. Reeds in 1776 het die heer Cloeto, eienaar van Constantia, 'n slaweorkes gehad wat 'n ~~vorm van~~ soort salonmusiek gelewer het. Teen 1800 het Lady Barnard al musiekaande gehou, waar musiek op snaarinstrumente en Franse horings gelewer is.

In 1803 tref Lichtenstein nog steeds 'n slawe-orkes by Constantia aan, hoewel die beroemde plaas intussen van eienaar verwissel het en nou aan die heer van Reenen behoort het. Sy beskrywing van die orkes is so vol interessante besonderhede, dat ons dit hier volledig weergee.

/In

(41) Percival: An Account ens. bl.276.
(42) Idem bl.279.
(43) Botha: Social life ens. bl.55.

"In the evening Mr. van Reenen entertained the company with a consert performed by his slaves. They played first a chorus and afterwards several marches and dances upon clarinets, french horns and bassoons. The instruments were good and there was great reason altogether to be pleased with the performance, though much was wanting to render the harmony complete. They afterwards played upon violins, violoncellos and flutes, on which they performed equally well. It is not uncommon to find the same thing among many families at the Cape and there are many freed men in the town who gain their living by instructing the slaves in music, but neither master or scholars know a single note, they all play entirely by ear. This practice receives great encouragement by the natural inclination that the slaves, particularly the Malays, have to music, from the passion for dancing that prevails among the young people of the colony, and from the advantage the gentleman find in having them at hand on all occasions of festivity. I know many great houses in which there is not one of the slaves that cannot play upon some instrument, and where an orchestra is immediately collected together, if the young people of the house, when they are visited in the afternoon by their acquaintance, like to amuse themselves with dancing for an hour or two. At a nod the cook changes his saucepan for a flute, the groom quits his curry-comb to take his violin, and the gardener, throwing aside his spade, sits down to the violoncello"(44).

Die groot rol wat slawe al as musikante aan die Kaap gespeel het, blyk weer duidelik. Viool, cello, fluit, klarinet, Franse horing and fagot word spesifiek opgemerk, genoeg instrumente om 'n goed gebalanseerde orkes te vorm. Die musiek wat hulle speel is nie net danse nie, maar ook marse en 'n "chorus". — wat dit ook mag wees. Die orkes van Van Reenen is ook nie die enigste van sy soort nie; dergelyke word by verskeie vooraanstaande /huisgesinne

(44) Lichtenstein: Travels ens. Deel I, bl.33.

huisgesinne aangetref. Dit is opmerklik dat die musikante nie kan lees nie, maar alles van gehoor speel, wat tevens aandui dat nóg musiek nóg uitvoering van h hoë gehalte was.

Ons staan op die drumpel van h nuwe tydperk. Die eerste publieke konserte begin vanaf 1800 plaasvind en in die tyd van die Bataafse Republiek was toestande al so ver gevorder dat Borcherds as volg kon skryf:

"Er waren in die dagen nauwelijks eenige danspartijen (d.w.s. publieke danse); amateur concerten en tooneeluitvoeringen maakten hoofdzakelijk de publieke vermaaklijkheden uit. De meest respectabele leden van de gemeenschap gingen daar heen. Zelfs de voorzitter van het Justitie-Hof nam een actief deel aan de concerten door een bas te bespelen die zoo groot was, dat hy gedurende de uitvoering staan moest.

Het plan was de bezoekers van de concerten te vereenigen in een club. Ieder lid was verplicht als hy daartoe geroepen werd, iets by te dragen, zoodat bekwame perzoonen nie onderworpen waren aan censuur of uitfluitery. Want wie ook het gezelschap stoorde was er zeker van een kaartje en een programma voor de volgende uitvoering thuis te ontvangen, op welk laatste zijn naam voorkwam als een der meedewerkers. Zoo werden veel kwaadwilligheid en onaangename aanmerkingen vermeden.

De voorwaarden waren zoo redelijk, dat ik zes zeer belangwekkende uitvoeringen bijwoonde, gedurende een winterseizoen, voor vyftien shillings en de prijs voor concerten alleen was nog lager. Het publiek theatergebouw, nu de St. Stephens kerk, op het Riebeekplein werd voor het doel gehuurd. Dit gebouw was het eigendom van verschillende aandeelhouders" (45).

OPSOMMING: As die musikale bedrywighede van die Koloniste in hierdie periode vergelyk word met die van die Kasteel, val dit

/dadelik

(45) Borcherds: Bladen ens. bl.195.

dadelik op dat, in teenstelling met die konserwatiewe vermeerdering van die Kasteelmusiek, die musiek van die burgerlike bevolking ook innerlik gegroei en aan diepte gewin het.

Dansmusiek oorheers nog steeds. Daar word nog onverswakd gedans in kroeë en taphuise, op huweliksfeeste, onthale, in losieshuise en op private danspartye. Lisensiehouers vervolg sekaar selfs oor die reg om musiek en dansgeleenthede te verskaf in kroeë en wynhuise. Losieshuishouers beskou dit as 'n plig om danse vir hulle gaste te reël. Jong dametjies ontvang danslesse en vermoënde mense hou hele slaweorkeste aan om musiek te verskaf vir danspartye. Net op huwelike skyn daar minder gedans te word, maar daarenteen het huispartye grootlike vermeerder. Die danskuns het ook so 'n mate van verfyning bereik dat selfs onsimpatieke waarnemers hulle gunstig daaroor uitspreek. Daar is ook vryelik op Sondae gedans.

Die dansmusiek is byna uitsluitlik deur slawe verskaf. Die slawe was nie instaat om musiek te lees nie en speel dus van gehoor. 'n Groot verskeidenheid instrumente is gebruik, waarvan die viool die gewildste was. Die populêrste danse was die kadriel, menuet, kontradans, wals en 'n soort allemande, wat, volgens die beskrywing, moontlik 'n voorganger van die tiekiedraai kon gewees het. Engelse en Franse het in die periode groot invloed uitgeoefen omdat hulle op groot skaal die Kolonie besoek het en deur die Koloniste nageloop is.

In hierdie opsig sien ons dus 'n voortsetting op steeds toenemende skaal van bedrywighede wat kort na die stigtingsperiode 'n aanvang geneem het.

'n Belangrike ontwikkeling in diepte word ook in die tydperk waarneembaar. Voor 1750 was slegs geringe tekens merkbaar van die beoefening van musiek as selfstandige kuns en van musikale vaardigheid en die behoefte daaraan onder die Koloniste.

/Volks-

Volks- en dansmusiek, verskaf deur slawe, het hulle tot hiertoe bevredig. Maar vanaf 1772 vind ons dat jongdametjies sanglesse neem en leer om die luit, klawesimbaal en harp te speel. Klawesimbale en huisorrels word al meer in private huise gevind, terwyl musiekpartytjies ook gereël word. Die enkele slawe-orkeste word ook gebruik om musiek by die ete en onthale te verskaf en om in sommige gevalle 'n aubade vir die huisgenote te speel. Die gehalte van die musiekmakery is hoog genoeg om gunstige kommentaar van besoekers te ontlok.

Die volgende instrumente is teen 1800 al taamlik algemeen gebruik: huisorrel, klawesimbaal, harp, fluit, klarinet, hobo, Franse horing, fagot, viool en cello. Van 1780 tot 1806 kon Ludwig Hodderson 'n florerende bestaan vind met die bou van orrels en klawesimbale. Al die aktiwiteite verraai ook die teenwoordigheid van musiekonderwysers in steeds toenemende getalle vanaf omstreeks 1770.

Teen 1806 is die peil van algemene musikale ontwikkeling en waardering al hoog genoeg om ~~publieke~~ openbare konserte, waarby orkesmusiek ook uitgevoer is, moontlik te maak.

Ongelukkig bly een uiters belangrike aspek van die saak duister: Daar is geen aanduiding van welke musiek uitgevoer is en hoe dit verkry is nie. Daar is ook geen teken van die skepping van musiek, veral kunsmusiek, voor 1800 nie. Dat die drang daartoe wel al gevoel is, al was dit ook baie elementêr, bewys die pogings van Gyster.

Met uitsondering van die gebied van musikale skepping, het die Kaapse samelewing dus teen 1800 al 'n mate van musikale volwassenheid bereik.

/V.

## F. SEKULÊRE MUSIEK ONDER DIE PLATTELANDERS.

Die oorheersende posisie wat godsdienstige musiek onder die plattelanders ingeneem het, is ~~in seksie C~~ reeds uiteengesit. Volgens ~~sekere~~ getuienis wat daar aangevoer is, wil dit voorkom asof daar op die platteland geen ander musiek beoefen is nie. Dit is nie volkome juis nie.

Volgens mededelings van Lichtenstein, Barrington en Barrow wat ons reeds aangehaal het, weet ons dat daar geen ~~publieke~~ feeste of ander funksies op die platteland was nie. Alle ~~sosiale omgang~~ was dus van h huislike aard. Maar genoemde skrywers en ook Le Vaillant, Theal en Gie vertel dat die plattelanders, veral die rondtrekkende veeboere, uiters karig behuis was. Huise het gewoonlik net uit h woonkamer, twee slaapkamers en h kombuis bestaan, terwyl sommige hartbeeshuisies net uit een kamer bestaan het. Slegs die allernodigste meubels was in die huise te vind, soos een of twee hout- of riempies-katels, tafels, stoele en h paar kaste vir benodighede. Die behoeftes van die mense was eenvoudig en hulle het getrag om hulleself sover as moontlik van alle benodighede self te voorsien. Slegs artikels soos linnegoed, koffie, tee, suiker, breekgoed, yster en ammunisie moes aangekoop word. Meeste van die verafgeleë boere het net een keer per jaar na Kaapstad getrek om hulle produkte van die hand te sit en die nodige inkopies te maak. Die res van die jaar het hulle in afsondering hulle eie gang gegaan.

Die lewenswyse van die ~~mense op~~ die platteland toon dieselfde eenvoud. Hulle moes sorg dat die veetroppe smôrens gaan wei en saans veilig terugkeer. Verder was daar allerlei huishoudelike werkies om te verrig, maar vir die res van die dag was hulle vry(1). Hulle geliefkoosde tydverdryf was jag en oor en weer kuier(2).

/Onder

(1) Vaillant: New Travels ens. Deel 1. bl.44 en 69 en Lichtenstein: Travels ens. Deel 1, bl.447.
(2) Vaillant: Idem bl.59 en Lichtenstein: Ibid en Deel II bl.95/9.

Onder sulke omstandighede sou mens nie veel musiekbedrywigheid onder hulle verwag nie en ons het reeds gesien dat gewyde musiek in die meeste van hulle musiekbehoeftes voorsien het. Tog is daar genoeg getuienis van sekulêre musiek onder hulle om te bewys dat dit definitief nie uitgesterf het nie. Hulle het ook nie almal so heel eenvoudig geleef nie en 'n taamlike gedeelte van die plattelanders was welgesteld en het gemaklike, goed-voorsiende lewens gelei.

Barrow sê uitdruklik: "No fairs, no dancing, no music nor amusement of any sort"[3]. Lichtenstein, wat die boere op die platteland veel beter geken het, beaam dit as volg[4]: "Dancing and all sports are everywhere, except at the Cape Town and in its neighbourhood, regarded as inconsistent with decorum". Daar is dus feitlik nooit gedans op die platteland nie. Tog vertel Le Vaillant 'n uitvoerige verhaal van hoedat hy die families Van der Westhuizen en Engelbrecht, wat in die Karoo onderkant die Kamisberge gewoon het, laat dans het op maat van die trompie. Later het hy hulle weer besoek en op 'n soort tuisgemaakte viool vir hulle gespeel. "I took it, however, and scraped a few country dances, which instantly, as if by magic, set the whole company in motion. This music tortured my ear, and set my teeth on edge; but to everyone else it was delightful, and they ceased not their dancing, till fatigue left them no strength to continue it. The next day the whole group, men and women, came in a body to beg me to enable them to renew their pleasure; and the day following the same solicitations were repeated. Thus almost three days were spent in scraping catgut, while the noisy crew skipped joyously around me"(5). By nog 'n later besoek aan dieselfde mense is hy ook goed ontvang. "We drank punch, we had music, and the greater part of every night was spent in dancing"(6). Daar

/was

(3) Barrow: An Account ens. bl.81-82.
(4) Lichtenstein: Travels ens. Deel II, bl.98-99.
(5) Vaillant: New Travels ens. Deel 2 bl.120-121.
(6) Idem bl.128.

was dus wel plattelanders wat gebruik gemaak het van enige geleentheid om te dans.

Die huwelik was ook op die platteland 'n geleentheid tot feesviering, wat soms dae lank geduur het(7). Geen nadere besonderhede oor so 'n plattelandse viering is egter verkrybaar nie. Buitendien moes alle huwelike nog in Kaapstad voltrek word, sodat die groot viering in elk geval daar sou plaasgevind het in die vorm wat ons reeds beskryf het. Enige later viering by die plattelandse tuiste, sou ook hierdie gebruike sover as omstandighede dit toegelaat ~~het~~, nagevolg het. Dit sou dus wel aanleiding gegee het tot musiek en dans, hoewel nie noodwendig in alle gevalle nie en dan ook op kleiner skaal.

Vendusies was egter groot feesgeleenthede. "Everyone throngs the place, if not with any idea of purchasing, to make one among the company and partake of the revelry going forwards... Here, as at our popular festivals and fairs, they laugh, they joke and throw aside all restraint"(8). Lichtenstein noem nie spesifiek enige musiek nie, maar in die Dagboekie van Johanna Duminy, kry ons 'n meer intieme blik op wat daar plaasgevind het. "Dus als de caars was opgestooken kwam de viioole in de galdery en sij gong vris op aan dansen en myn sanet ook mee"(9). Die volgende oggend "om 8 uure wiert tavel gedek en warm vlees op en booter. Wij aaten. De viol gong nog"(10). Benewens algemene vrolike uitgelatenheid, wat sy vooraf beskryf, word daar dus gedans na die musiek van die viool van kort na sononder tot 8 uur die volgende oggend! Jammer dat ons nie weet wie die musikant(e) was ~~nie~~ en watter danse gedans is nie.

Vendusies, wat dikwels om en by nagmaaltyd in die buurt van kerkplekke ~~omgewings waar daar kerke was~~, plaasgevind het, was dus geleenthede vir uitbundige feesviering, musiek en dans ~~van 'n~~ [illegible].

Die gebrek aan die beoefening van sekulêre, veral volks-

/musiek,

(7) Lichtenstein: Travels ens. Deel 2, bl.99.
(8) Ibid.
(9) Duminy: Dagboekie bl.84.
(10) Idem bl.86.

musiek deur die plattelandse bevolking is waarskynlik toe te skryf aan die gebrek aan geleenthede tot gesellige verkeer. Waar sulke geleenthede tog voorgekom het, soos op huweliksfeeste en vendusies, het musiek en dans nie ontbreek nie. Tydens die verset teen landdros Bresler in Graaf-Reinett in 1797 het die burgers ook dikwels bymekaargekom. By een geleentheid "a party.......had assembled at a sort of tavern in the village, not far from the landrost's house, and whose noise, shouting, singing, and firing of muskets, gave great alarm to Mr.Bresler"(11).

Blyke van musikale belangstelling en selfs vaardigheid word ook aangetref. By Saldanhabaai het De Mist se geselskap in 1803 'n tagtigjarige oud-soldaat ontmoet wat vir hulle 'n paar danse en marse met verrassende vaardigheid op die viool gespeel het(12). Later het hulle by die welgestelde weduwee Terblans, oorkant die Brakrivier naby Mosselbaai, 'n plaaslik-vervaardigde ghitaar aan huis gevind. "This is a favorite instrument among the colonists, and is almost always to be seen in the houses of substantial people. It must be obvious from hence, that it is a great error to deny to these people any taste or relish for the polished enjoyments of life"(13).

In die Swartberge is die geselskap deur veldkornet De Beer met grootdo'merige vertoon ontvang. "Two of our host's children, that the proper accompaniment of music might not be omitted, played upon a couple of miserable fifes the popular song which has been for some time so much in vogue in Africa, 'Rejoice, ye of the living'."(14) Hierdie musikale ontvangs is ongetwyfeld 'n poging om in die verafgeleë streek die gebruike van die Kasteel na te boots. Dit toon tewens hoe ver die invloed van die Kasteelmusiek gestrek het.

Dit is ook interessant dat die lied "Rejoice, ye of the living" volgens Lichtenstein algemeen bekend en gewild was.

/Aan

(11) Barrow: Autobiographical Memoir bl.156.
(12) Lichtenstein: Travels ens. Deel I, bl.55 en Theal: Bel. Hist.Dok. Deel III, bl.121.
(13) Idem bl.226.
(14) Idem Deel II bl.84.

Aan die titel te oordeel, was dit van 'n gewyde strekking, wat, uit ~~in die lig van 'n gedeelte van die Hoofstuk~~ voorgaande uiteensetting heel verstaanbaar is. Die saak sal egter later meer breedvoerig bespreek word.

In die Duminy-dagboek sien ons dat die Duminy's taamlik dikwels besoekers ontvang het. Dit gee egter sonder uitsondering aanleiding tot 'n "lanterparty", 'n soort kaartspel. Musiek of dans word nie eenkeer genoem nie. Tog het sy op die bovermelde vendusie 'n harp gekoop[15]. Uit haar kasboek neem ons ook die volgende uittreksel:

Januarie. 1790:

| | | |
|---|---|---|
| De clavier late repareeren voor Sanet | .. .. | 22 rd. |
| Aan de trompeter | .. .. | 10 rd. |

April. 1794:

| | | |
|---|---|---|
| Voor de concert | .. .. | 10 rd. |

April. 1795:

| | | |
|---|---|---|
| Voor intekening in concert | .. .. | 10 rd. |

Die Duminy's was nie ryk mense nie, maar ook nie arm nie en het 'n gevestigde bestaan gevoer. Hulle was ook na genoeg aan Kaapstad om in voeling te bly met die dorpslewe, maar tog ver genoeg om as plattelanders te geld. Hulle vorm dus 'n tipiese voorbeeld van 'n groot klas van betreklik welvarende plattelanders. Ons sien hier dat hulle genoeg belang in musiek gestel het om 'n harp te koop op 'n vendusie, 'n klawesimbaal vir hulle dogter Sanet aan te hou en te sorg dat dit in goeie ~~kondisie~~ orde bly, 'n trompetter te huur vir een of ander partytjie en taamlik hoë bedrae uit te gee aan "konserte".

Die voorbeelde van musikale bedrewenheid wat ons hier genoem het, was almal te vind onder die meer welgesteldes ~~mense~~ en toon aan dat sekulêre musiek ook dikwels onder hulle beoefen is. Dieselfde vooruitgang op die gebied van musieksmaak wat by die dorpenaars gemerk is, word ook onder hierdie ~~klas~~ laag plattelanders aangetref. Hulle besit musiekinstrumente soos viool, klawesimbaal,

/harp

(15) Duminy: Dagboek bl.86.

harp, ghitaar en 'n soort fluit en enkele voorbeelde van aansienlike vaardigheid in die bespeling daarvan word aangetref. Hulle huur ook vir spesiale geleenthede musikante van die garnisoen en betaal hoë bedrae vir hulle dienste. 'n Trompetter se salaris was maar 20 gulden per maand, en hier ontvang hy 10 rikedaalders vir sy private dienste.

Dit kan wees dat hierdie mense, net soos Kol. Gordon, van huisorrels soos dié van Cobus Dupré vir sekulêre doeleindes ook gebruik gemaak het. Harmoniums het in later jare die naam "musiek" gekry en was besonder gewild vir die speel van dansmusiek. Dit is selfs vandag nog die geval. Ons het reeds getoon dat huisorrels al taamlik algemeen versprei was teen 1800.

Johanna Duminy teken nêrens enige uitgawes aan musiekonderwysers aan nie, maar dit is baie waarskynlik dat haar dogter Sanet wel lesse op die klawesimbaal ontvang het.

Die konserte waarvoor uitgawes aangeteken staan, is moeilik te verklaar. Ons het in die voorgaande twee seksies getoon dat daar voor 1800 geen publieke konserte in die Kolonie plaasgevind het nie. Sou daardie meer offisiële bronne van inligting per slot van sake verkeerd wees? Het sommige musiekonderwysers, miskien in die geval van Sanet s'n, nie teen 1794 al konserte met hulle leerlinge gegee nie? Dit lyk byna 'n sekerheid. Sulke konserte sou waarskynlik in private huise plaasgevind het, net soos die bals en partytjies, aangesien geen openbare sale beskikbaar was nie. Die bedrag van 10 rikedaalders was waarskynlik vir die hele gesin, maar dit toon dat die inskrywingsgelde vir sulke konserte nogal hoog was.

Daar was dus heelwat belangstelling in en beoefening van musiek onder die meer welvarende mense van die platteland. Die bedrywigheid was ook soms van 'n betreklik hoë orde, met selfs af en toe 'n konsert. Van die verafgeleë mense wat 'n

/eenvoudiger

eenvoudiger bestaan gevoer het, hoor ons veel minder. Self's die singery van die oproeriges in Graaf-Reinett het gedeeltelik onder die invloed van drank plaasgevind. Hulle het wel af en toe met [by] huwelike of vendusies gedans, maar ander geleenthede tot dans en musiekmakery het selde voorgekom en in hul huislike lewe het gewyde musiek aan feitlik alle behoeftes beantwoord. Lichtenstein, die bes-ingeligte en mees vertroubare waarnemer van hulle alledaagse lewe, vertel uitvoerig van die plek wat gewyde musiek by hulle ingeneem het, maar rep niks van enige ander musikale bedrywigheid nie. Dit is bewys genoeg dat die ~~toestand~~ [beskrywing] wat ~~in~~ [beskryf] [van die toestand beskryf] ~~seksie C uiteengesit is~~, oor die algemeen juis is.

## 1. OPSOMMING:

Die ekonomiese, politieke en staatkundige verwikkelinge van die tweede helfte van die 18e eeu, wat gekulmineer het in die eerste Britse besetting van die Kaap in 1796, het dit baie duidelik by die Koloniste tuisgebring dat hulle Afrikaners is, met Suid-Afrika as hul enigste tuiste en die kultuur wat hier ontstaan het as hul kultuur. h Afsonderlike, selfstandige kultuur het geleidelik ontwikkel en gekristalliseer. Teen 1800 het daardie kultuur soos h roosknop op die punt gestaan om te ontplooi. Musiek het met die ontwikkeling tred gehou en het h volwaardige deel van die kultuur gevorm.

Die Kolonie het in die tydperk in alle opsigte gegroei. Die grens het uitgebrei tot aan die Visrivier, waar die blankes vir die eerste keer teen die Kaffers gestuit het. In 1785 is Graaf-Reinett aangelê met h blokhuis en h kerklike gemeente. In die vyftig jaar het die blanke bevolking aangegroei van 5,000 tot byna 22,000, verdeel in vier landrosdistrikte en sewe kerklike gemeentes.

Europese invloed, anders as die van Holland, was baie sterk in die periode. Dit was te wyte aan internasionale

/verwikkeling

verwikkelinge aan die grootskaalse besoek aan die Kolonie van veral Engelse en Franse. Die onafhanklikheidsgevoel van die burgers het daarenteen ook sterk toegeneem en uiteindelik tot openlike opstand gelei.

Musiek het in elke opsig in die uitbreiding en ontwikkeling gedeel. In die kerke het orrels toegeneem. In 1750 was daar een, in 1800 vyf kerke met orrels en orreliste toegerus. Die gebruik van die orrel en gemeentelike sang by die erediens het toegeneem. In 1775 is die nuwe amptelike psalmboek in Kaapstad in gebruik en by die ander gemeentes gedurende die loop van die volgende jaar. Die vryheid van godsdiens wat in 1782 aan die Lutherane toegestaan is, het 'n groot toename in die beoefening van Lutherse kerkmusiek meegebring.

Benewens die orreliste het die sieketroosters ook nog as kerklike musikante opgetree in hul hoedanigheid as gemeentelike voorsingers en as onderwysers, want die onderwys was nog in al sy vertakkinge ingespan om die kerklike musiek te bevorder. In die gemeentes Roodezand, Graaf-Reinett, waar daar nog geen orrels was nie, was die sieketroosters nog die enigste kerklike musikante. Deur die arbeid van sendelinge is kerklike musiek van verskeie soorte van 1792 op groot skaal aan inboorlinge, veral Hottentotte, en slawe geleer.

Wat betref gewyde musiek onder die burgerlike bevolking, het 'n veel belangriker ontwikkeling aan die lig gekom. Huisgodsdiens het 'n algemene instelling geword, behalwe in Kaapstad. Psalms, Gesange, liedere van Willem Sluiter en later ook van Groenewegen is twee keer per dag gesing deur die hele familiekring, hul slawe en Hottentotbediendes. Vermoënde mense het selfs huisorrels aangeskaf om die sang te begelei.

~~Mense~~ gene wat ver van kerke gewoon het en dit was 'n aansienlike deel van die bevolking, het met die beoefening van hul gewyde musiek 'n eie rigting ing[e]slaan. Hulle het self

/sommige

sommige wysies geskep en ook kunstig geïmproviseer op bekende wysies. Nog belangriker is die feit dat gewyde musiek veral in die buitedistrikte feitlik die enigste musiek was wat ~~die mense~~ beoefen is ~~het~~. Dit het al hulle musiekbehoeftes bevredig, het hulle volksmusiek geword en sodoende hulle hele musikale denke gekleur.

Die amptelike musiek van die Kasteel, wat uitgevoer ~~opgedra~~ is deur ~~aan~~ die musikante van die garnisoen, is ook uitgebrei, maar dit het geen ontwikkeling beleef ~~nie~~, altans nie tydens die bewind van die Kompanjie. Waar daar in 1740 net een musiekkorps van 5 lede sterk was, is algaande meer musikante aangestel. Die Franse troepe het in die jare 1781-4 'n musiekkorps vir elke regiment gehad en teen 1795 was dit die geval met die Kompanjie se troepe ook. Behalwe die aanstelling van 'n tamboer-majoor omstreeks 1791 word geen verdere verandering vermeld nie, slegs 'n vermeerdering in getalle. Die musikante se diensvoorwaardes, status en werksaamhede het ~~van~~ dieselfde ~~soort~~ gebly.

Die koms van die Engelse het 'n groot verandering meegebring. Britse orkeste tree nou op, die doedelsak word gehoor en slawe word ook gebruik as musikante by amptelike onthale en bals. Die eerste musiek van 'n simfoniese aard vir snare en Franse horings word ook al by die Kasteel verskaf.

Onder die Bataafse bewind reik die musiek weer terug na die tyd van die Kompanjie, met enkele wysigings. Jaghorings vervang die trompette tot 'n sekere mate, maar origens bly die instellinge soos onder die Kompanjie, maar op so 'n groot skaal dat die garnisoen al 2 tamboer-majoors en 56 tamboers~~laers~~ insluit. Na 1806 verdwyn die Nederlandse instellings heeltemal.

Sekulêre musiek het onder die dorpenaars groot ontwikkeling beleef. Tot 1750 het hulle byna uitsluitlik dansmusiek, hoofsaaklik verskaf deur slawe, geniet. In die volgende vyftig jaar duur die liefde vir dansmusiek voort en neem nog

/steeds

steeds toe. Welgestelde burgers skaf selfs hele slawe-orkeste aan vir dansdoeleindes en lisensiehouers vervolg mekaar oor die reg om musiek te verskaf in kroeë en wynwinkels. Private danspartye en danse in herberge neem grootliks toe en slegs op huweliksfeeste skyn daar minder gedans te word. Maar by die vermeerdering is daar ook 'n verfyning op te merk. Meer soorte instrumente word gebruik en meer soorte danse word gedans, terwyl Franse en Engelse invloed op die gebied baie sterk word.

Maar daar ontstaan ook 'n waardering vir musiek as kuns. Die nooiens leer om te sing en die klawesimbaal te speel. Die slawe-orkeste tree ook op by die eetmaal, by onthale en speel soms soggends vroeg ook. 'n Orrelbouer vind 'n florerende bestaan in die maak van orrels en klawesimbale, terwyl musiekonderwysers ook aktief is. Teen 1794 word een of ander vorm van konsert al gehou en teen 1806 is daar orkeskonserte wat goed ondersteun word. Feitlik alle algemeen bekende musiekinstrumente word al gebruik en selfs die drang tot komposisie word opgemerk, al werp dit geen vrugte af nie.

Die dorpenaars het dus geleer om musiek as kuns ten volle te waardeer en te beoefen.

Op die platteland is die toestand anders. Diegene wat 'n gevestigde lewe lei, toon ook die ontwikkeling tot die waardering en uitvoer van musiek as kuns. Die meerderheid wat egter selde eenvoudig en afgesonderd leef, beoefen selde sekulêre musiek. Hulle dans baie selde, besit geen instrumente nie en vind in hul gedeeltelik selfgemaakte gewyde musiek bevrediging vir hulle musiekbehoeftes.

/Hoofstuk VIII.

## HOOFSTUK VIII.

## EUROPESE MUSIEK ONDER DIE SLAWE EN INBOORLINGE.

Die blankes het van die begin af slawe met hulle saamgebring na Suid-Afrika. Slawe is ook gedurig ingevoer en daar was byna deurgaans meer slawe as blankes in die Kolonie. In die begin is hoofsaaklik negerslawe van Madagaskar en die Weskus van Afrika ingevoer, maar Oosterlinge het ook as slawe of bannelinge Suid-Afrika binnegekom. Teen 1700 was sowat 10% van die slawe van Oosterse afkoms (Sien bl.25). Na 1717 is Oosterse slawe, hoofsaaklik Maleiers, op groot skaal ingevoer, totdat die Bewindhebbers dit in 1767 verbied het. Die Maleiers was meer intelligent as die Masbiekers en was hoofsaaklik vir huishoudelike werk gebruik, terwyl die Masbiekers die growwer buitewerk moes verrig (Sien bl.56). Die Maleiers het dus in veel nouer aanraking met die blankes gekom. Teen 1798 was 80% van die 25,000 slawe in die Kolonie in Kaapstad, Stellenbosch en omgewing en het die blankes slegs sowat 40% van Kaapstad se bevolking van 15,000 gevorm.

Om aan te sluit by die indeling van vorige hoofstukke, sal godediensstige musiek eers bespreek word en sekulêre musiek later. Ons sal ons ook eers bepaal by die slawe en die Hottentotte en ander inboorlinge later bespreek.

Dit was deel van die Kompanjie se beleid om inboorlinge en slawe in die Gereformeerde godediens te onderrig (bl.12), en hierdie onderrig het sang ingesluit. In 1658 is 'n skool vir slawe in die Kaap gestig (bl.28) en skole vir blankes, wat vanaf 1663 bestaan het, is enduit deur slawe ook bygewoon[1]. Die Hollandse kerkmusiek, hoofsaaklik psalms, is dus voortdurend aan hulle geleer.

Later, toe huisgodsdiens 'n gevestigde instelling geword het, het dit ook gedien as 'n middel om die blanke se gewyde musiek

/aan

(1) Sien ook du Toit: Onderwys ens. en Theal: History ens. Deel 11 bl.35.

aan hulle oor te dra, want hulle moes die huisgodsdiens bywoon en saamsing (bl.134). Dit het sover gegaan dat Sparrmann hulle selfs gewyde liedere by hulle gewone handewerk hoor sing het (bl.139).

Hulle was dus aan h voortdurende en kragtige beïnvloedingsproses onderworp. Hulle het daagliks, feitlik van hulle geboorte af, die Europese gewyde musiek gehoor, dit self gesing en onderrig daarin ontvang. Daar is ook oorvloedige bewyse dat hulle, veral die Maleiers, besonder musikaal was en geredelik die Europese musiek aangeleer het. En tog is daar by hulle van die godsdienstige musiek as sulks geen oorblyfsel te vind nie en het hulle dit nie aanvaar nie[2].

Al invloed wat die gewyde musiek op hulle gehad het, is, in die eerste instansie, dat dit hulle vertroud gemaak het met die Europese musiekidioom wat so anders as hulle eie was. Dit het veel daartoe bygedra dat hulle die sekulêre Europese musiek so maklik kon aanleer en absorbeer. Verder het dit moontlik hulle manier van sing beïnvloed[3], aangesien hulle die meeste van hulle ou oorgelewerde liedere op h stadige slepende tempo sing.

Die rede ~~vir hierdie toedrag van sake~~ hiervoor moet gevind word in die feit dat so min van hulle tot die Christelike geloof bekeer is. Die kleurslagboom het gemaak dat daar nie werklik vir hulle h tuiste in die Hollandse Kerk was nie. Bowendien was hulle byna almal oortuigde Mohammedane en is dit vandag nog[4]. Thunberg gee h beskrywing van hoe hulle hulle nuwejaar gevier het op 28 Junie, 1772[5]. Dit was h godsdienstige fees waarop heelwat gesing is, soms met vioolbegeleiding.

Hoewel die gewyde musiek van die blankes feitlik geen invloed op die slawebevolking gehad het nie, was dit heeltemal anders gesteld met die sekulêre musiek. Daar was geen godsdienstige

/implikasies

(2) Theal: History ens. Deel II bl.35 en du Plessis: Die Bydrae ens.
(3) du Plessis: Die Bydrae ens. bl.39.
(4) Idem bl.16.
(5) Thunberg: Travels ens. bl.132-134.

implikasies wat hier tussenbei gekom het nie. Die taal was wel in die begin 'n vertragende faktor, maar ons taalgeskiedenis bewys dat dit nie lank die geval was nie.

Veral die Maleiers wat van nature musikaal is en as huisbediendes voortdurend in aanraking met die blankes se kultuur en lewenswyse was en hulself noodgedwonge daarby moes aanpas, het gou die Europese musiek aangeleer. Van 1707 af, en moontlik nog vroeër, het slawe al die musiek verskaf by huweliksmaaltye en huweliksdanse (Bl.83). Hulle was hoofsaaklik die musikante wat moes sorg vir die musiek by die omvangryke dansery wat van daardie tyd af in losieshuise, herberge, kroeë en taphuise plaasgevind het (bl.90). Hier het hulle veral intieme kontak gemaak met die matroselewe en -kultuur. Matrose het altyd by die Kompanjie se slawelosie geboer op 'n wyse wat vandag nog met skaamtelose openhartigheid in hulle liedjies besing word[6]. By hierdie vergaderplekke het hulle nuwe liedjies geleer, die kennis van oues laat herleef en veral ook nuwe dansmusiek aangeleer. So gretig en so maklik het hulle die musiek geabsorbeer dat hulle die blankes grotendeels vervang het as uitvoerende musikante.

In hierdie tydperk het die matrose ongetwyfeld 'n groter invloed op die slawe gehad as die koloniste. Die meeste slawe was om Kaapstad saamgetrek. Die Kapenaars was al oor die algemeen redelik welvarend en die gegewens oor hulle lewenswyse dui aan dat daar so 'n mate van waardigheid en formaliteit in hul handel en wandel was dat hulle oor die algemeen buite die bevolkingsgroep val onder wie die gewone ~~platvloerse~~ ongekunstelde volkskultuur bloei. Hulle verhouding teenoor die slawe was ook veel meer afsydig as die van die matrose wat vryelik met slawemeide omgegaan het. Die ~~informasie~~bronne dui ook aan dat dit hoofsaaklik matrose en skeepsvolk was wat verantwoordelik was vir die joligheid in herberge en kroeë. Daar is buitendien maar min blyke

/van

(6) du Plessis: Die Bydrae ens. bl.76, 131 en elders.

van musikale bedrywigheid aan die kant van die koloniste self voor 1750. Die slawe het hulle musiek dus hoofsaaklik van die skeepsvolk geleer en hulle was self eintlik die praktiese musikante ook.

Teen 1776 het die toestand al sover ontwikkel dat die eienaar van Constantia 'n hele slaweorkes van 15 spelers aangehou het om musiek te verskaf by die ete, by onthale en huispartye en wat selfs smôrens bloot vir die genot van die huisbaas 'n uitvoering moes lewer (bl.153). Na nog sowat 20 jaar was dit al 'n algemene verskynsel by vermoëndes. Die slawe se musiekmakery was slegs 'n bykomstigheid by hulle gewone werk en tog kon hulle op sulke instrumente soos viool, cello, fluit, klarinet, Franse horing en fagot saamspeel tot die bevrediging van 'n man soos Lichtenstein (bl.167). Slawe het dus nie alleen orale dansmusiek verskaf nie, maar ook soms musiek vir luistergenot.

Dit is egter opmerklik dat daar onder Hollandse bewind nooit van slawemusikante gebruik gemaak is by die Kasteel nie, hoewel so-iets feitlik van die staanspoor by die Engelse voorgekom het (bl.147).

Geen wonder dat Semple na aanleiding van die trotsheid van die Maleiers as volg skryf nie(7): "He knows that from his class are formed the housepainters, the musicians, the ingenious workmen of the Cape".

Die blankes se musiek is dus tot 'n groot mate deur die slawe vir hulle gemaak. Deur die gedurige beoefening van die blankes se musiek sou hulle dit mettertyd tot hulle eie gemaak het en moontlik hul eie Oosterse musiek verleer het, soos hulle hul taal verleer het. Teen 1800 het dit dan ook al gebeur. Semple sê in 'n beskrywing van een van hulle feestelikhede(8): "The women display much taste and even elegance in their dress, nor are their dances wild, irregular, or unaccompanied with proper music. They are faithful imitators of what they see daily

/performed

(7) Semple: Walks ens. bl.40.
(8) Ibid.

performed among the white inhabitants....". In die musiek wat hulle vandag nog beoefen, is daar ook feitlik geen spoor van hulle oosterse afkoms meer te bemerk nie, behalwe moontlik die gebruik van die ghomma (trom)(9).

Musiekmakery het al deel van hulle lewe geword. "'s Avonds deden de arbeiders, toen meestal uit slaven bestaande, zich te goed aan babbelen of luisteren naar de muziek van de 'ramakienjo'(een instrument met drie snaren over een kalabas gespannen) waarop een hunner een groot meester was...."(10). Sommige vrygestelde slawe het ook 'n bestaan gevind deur musieklesse aan hulle rasgenote te gee, hoewel nog meester nog leerling musiek kon lees en alles van gehoor geskied het (Bl.168). Alles dui dus daarop dat die slawe nie alleen die Europese musiek oorgeneem het nie, maar vurige beoefenaars daarvan geword het. Du Plessis het vasgestel dat die vandag so bekende Maleise sangverenigings of "klopse" al omstreeks 1750 hul ontstaan gehad het(11).

Hoewel die slawe in die jare voor 1750 hul musiek hoofsaaklik van die matrose, oorwegend Hollandse matrose, gekry het, het daar teen daardie tyd al 'n ontwaking by die koloniste op musiekgebied gekom. Ons het gesien dat hulle self meer bedrywig geword het, veral in die meer gevestigde landbou en dorpsgebiede van Stellenbosch en Kaapstad waar 80% van die slawe hulle bevind het. Daar het selfs 'n drang tot musikale skepping by hulle ontstaan (bl.170). Buitendien het vreemde invloede in die tydperk baie sterk geword. Hierdie faktore saam, die drang tot selfuiting by die koloniste en die gedeeltelike neutralisering van die Hollandse volksmusiek deur vreemde invloede het moontlik in hierdie tyd al aanleiding gegee tot plaaslik-vervaardigde liedjies met 'n eie kleur. Sommige van die liedjies sou onder die blankes ontstaan het, maar die slawe was ~~al~~ reeds so vertroud met die blankes se musiek dat hulle ook al

/in

(9) du Plessis: Die Bydrae ens.
(10) Borcherds: Memoirs bl.157.
(11) du Plessis: Die Bydrae ens. bl.37.

in die idioom sou geskep het. Direkte bewyse hiervoor ontbreek egter heeltemal.

Net soos met die taal die geval was, het die slawe dus die Europese musiek oorgeneem en tot hulle eie gemaak. Veral op die gebied van die volksmusiek en gewone dansmusiek was hulle ook veel bedrywiger as die blankes. Die blankes het blykbaar hierdie soort musiek grotendeels aan hulle oorgelaat, vandaar dat dit selfs vandag nog as „hotnotsmusiek" bestempel word. Die slawe, veral die musikale Maleiers, het egter aan die Afrikaners 'n groot diens bewys deur hierdie kultuurgoedere van die Afrikaner in bewaring en lewe te hou deur hulle vurige beoefening daarvan. As in gedagte gehou word dat die dorpenaars en landbouers, soos hierbo verduidelik, ~~buiten~~ die ~~klas~~ van beoefenaars van volksmusiek ~~wel~~ en dat sekulêre volksmusiek op die platteland feitlik uitgesterf het, (bl.177), is die diens wat die Maleiers in die opsig aan die Afrikaanse kultuur bewys het vanselfsprekend.

Lange 'n ander weg het die Hottentots tot 'n soortgelyke posisie ten opsigte van Europese musiek geraak. Hottentotkinders het wel van die begin af die skole sporadies bygewoon en daar 'n bietjie gewyde musiek opgedoen, maar die invloed hiervan was uiters gering aangesien dit op 'n te klein skaal plaasgevind het. Dit was eers na 1700 dat die Hottentots begin tou opgooi het in hul strewe tot 'n onafhanklike bestaan en by die blankes begin inskakel het. Teen daardie tyd was daar weinig van hulle in die digbewoonde dele oor en was hulle grotendeels buite die bereik van kerk en skool.

Sendeling Georg Schmidt het vanaf 1737 vir enkele jare onder hulle gearbei, (bl.65), maar as hy musiek aan hulle geleer het, sou dit Duitse kerkmusiek gewees het. Die Hottentots het eintlik eers sterk onder die invloed van die Europese gewyde musiek gekom deur hul deelname aan die huisgodsdiens. Teen 1798

/was

was 14,000 van die 15,000 Hottentots in die distrikte van Swellendam en Graaf-Reinett gevestig en dit is juis in hierdie distrikte dat huisgodsdiens die meeste beoefen is en waar gewyde musiek al feitlik die mense se volksmusiek geword het (bl.137 tot 141). Die Hottentotbediendes moes hierdie godsdiensoefeninge bywoon en het hartelik saamgesing. Hulle het selfs baie van die liedere van buite geken (bl.134).

Die geredelikheid waarmee die Hottentots die Europese gewyde musiek ingedrink het, blyk veral uit die vrug op die arbeid van sendelinge wat vanaf 1792 onder hulle gearbei het. Ons het oorvloedige getuienis hiervan aangehaal (bl.125 tot 127). Die Hottentots was so vatbaar vir die musiek dat die sendelinge orals ruimskoots daarvan gebruik gemaak het.

By die Hottentots was daar geen godsdienstige struikelblokke in die weg nie en aangesien hulle baie musikaal is, het hulle die blanke se gewyde musiek vinnig geabsorbeer. Hulle kennis van die blanke se musiek het ook oorwegend op die gewyde musiek berus. Waar hulle dus die blanke se musiekidioom oorgeneem het, was dit die besondere idioom van ons gewyde musiek.

Dit wil nie sê dat hulle nie met die blanke se sekulêre musiek in aanraking gekom het nie. In Van Riebeek se tyd is musikante al saam met ruilekspedisies gestuur en is Hottentotkapteins op musiek by die Kasteel onthaal (bl.32). Dit het die blankes nie lank geneem om uit te vind dat die Hottentots van musiek hou nie. Simon van der Stel het selfs 'n orkes versamel om die Hottentots mee te vermaak op sy tog na Namakwaland (bl.40). Aan die anderkant het die blankes reeds omstreeks 1660 met die Hottentots se rietfluitdans kennisgemaak (bl.45).

Hierdie kennismaking met mekaar se musiek het egter nie gelei tot beïnvloeding nie. Daarvoor was die aanraking te sporadies. Die verhouding tussen blankes en Hottentots was totaal andere as die tussen blanke en slaaf, veral die Oosterse slaaf. Die Hottentot het veel later as die slaaf tot nadere

/kennismaking

kennismaking met die blanke geraak. En toe was dit hoofsaaklik met die boere op die platteland, onder wie sekulêre musiek grotendeels ~~ingesluimer~~ verlore het. In teenstelling met die slawe, het die Hottentotte dus baie sterk onder die invloed van die Europese gewyde musiek gekom. Musikaal het hulle dus nader aan die plattelanders gestaan as die slawe, met feitlik geen kontak met die buitewêreld nie. Nader dus aan die eg-Afrikaanse rigting.

Daarenteen het hulle teen 1800 nog lank nie hulle eie musiekidioom verleer en die Europese oorgeneem nie. In die dorpe het die proses wel al 'n aanvang geneem. "Others were busily employed in dancing to the music of the ramky, (as they call it), and seemed highly delighted with their exertions. The most discordant music possesses a magic power in setting them all in motion. The young girls are equally sensible of its charms, - they have a tolerable ear, and when they sing evince much natural sweetness and harmony. They are at no loss in amusing themselves with our fashionable reels and strathspeys"(12). Dit is duidelik dat hulle nog nie die Europese musiek heeltemal oorgeneem het nie. Lichtenstein sê ook duidelik dat hulle gou die Europese musiekidioom aanleer (bl.12), waarby hy definitief nie bedoel dat hulle dit al as hul eie aanvaar het nie.

Die ramkie is al deur Mentzel opgemerk(13) en was blykbaar die mees algemene instrument onder die Hottentotte. Volgens prof. Kirby het hulle dit van die slawe gekry, wat dit op hulle beurt van die Portugese gekry het. Langs hierdie omweg is hulle dus ook deur die Europese musiek beïnvloed. Dit is egter opmerklik dat die instrument net onder hulle aangetref is en selde onder die slawe of blankes(14). (Vergelyk bl.80).

In die tydperk onder bespreking het die slawe dus al

/hul

(12) Gleanings ens. bl.232.
(13) Sien Kirby: Music of the Native Races ens. bl.252-256.
(14) Ibid.

hul eie musiek totaal verloor, die van die blankes oorgeneem en van die belangrikste uitvoerders daarvan geword. Met die Hottentotte was dieselfde proses al ~~onderweg~~ aan die gang. Daar was nog geen musikale aanraking met die Kaffers nie.

## SLOT.

Musiek is een van die primêre behoeftes van die mens. Maar dit is ook een van die mees abstrakte en suiwer geestelike uitinge van die mens. Die ruwer volksmusiek bevredig meer bepaald 'n fisiese behoefte, maar die toonkuns ~~beroep sig op~~ spreek tot die gees. (Om te gedy, het) Dit ~~het~~ 'n gevestigde, rustige lewenswyse nodig, omstandighede wat berusting en verdieping toelaat, ~~om te gedy.~~ Dit is 'n taal wat leef in die omgang tussen mense en kwyn in hul afsondering.

In die sewentiende eeu en tot diep in die agtiende eeu het die gewone man feitlik niks van die wêreld se kunsmusiek ervaar nie. Openbare konserte het ~~eers in die laaste jare~~ eers teen die afloop van die agtiende eeu algemeen gewor. Dit was ook in dieselfde eeu wat die publikasie van musiek eers op groot skaal begin plaasvind het. Opera-teaters was nog skaars en orkeste was meestal verbonde aan hofhoudings. Tot eers die einde van die sewentiende eeu het komponiste hulle beste pogings in die rigting van die Rooms Katolieke kerkmusiek aangewend en die gewone man het ook hieraan nie aktief deelgeneem nie. In die Calvinistiese lande kon hy in die kerk sing, maar slegs Psalms, terwyl alle ander musiekbedrywighede gesmoor is. Die gewone man moes hom ~~self~~ maar ~~genoeg doen aan~~ bevredig met die eenvoudige volksmusiek wat hy self geskep en beoefen het. En dit is uit die gewone mense wat die koloniste van Suid-Afrika gehaal is.

Die meeste van hulle het gekom uit 'n volk wat ryk en magtig was, 'n volk wat die aardbol omseil het, die see beheers het en 'n monopolie oor die handel verkry het. Die volk was veral ook ryk aan kultuurgoedere en het 'n ongeëwenaarde bloeityd op geestelike

/gebied

gebied belewe. 'n Volk dus wat in die wêreld 'n eersterangse posisie op beide ~~materiële~~ stoflike en geestelike gebied beklee het, maar wat op een gebied betreklik arm was, die gebied van die musiek.

Die eenvoudige mense moes hier in Suid-Afrika so 'n taaie bestaanstryd voer teen die ongetemde land, die vreemde klimaat, vyandiggesinde inboorlinge en wilde diere dat hulle die ryk erfenis van hul ~~moeder~~ vaderland grotendeels verloor het. Maar hulle godsdiens, hulle durf en ondernomingsgees, hulle vryheidsin en geestelike krag het hulle behou en die is versterk en uitgebou deur hulle stryd. Daarop moes hulle van voor af 'n nuwe kultuur bou, want hulle was grotendeels afgesny van die beskawing wat hulle gedurende eeue opgebou het. Hulle was ook karig voorsien van die middele waardeur daardie beskawing in stand gehou is. Die tyd en kragte wat hulle in die uitbouing daarvan in die meer gevestigde omstandighede van die land van hulle herkoms kon bestee, was hier in beslag geneem deur die elementêre stryd om te bestaan. Hoe swaar hierdie toestande musiek, die laaste en tengerigste van die kunste, sou tref, is voor die hand liggend.

Die wyse waarop musiek in die nuwe land voortbestaan en ontwikkel het, is in die voorafgaande hoofstukke geskets. In die begin het die spontane beoefening daarvan feitlik uitgesterf. Die kerk het egter sy musiek in stand gehou op byna dieselfde peil as in die moederland, terwyl die militêre musiek van die garnisoen ook voortgeduur het, hoewel in 'n baie elementêre vorm. Die nuttigheid van musiek is ook nie uit die oog verloor nie, terwyl die gereelde, ~~indien nie dikwelse nie,~~ kontak met musiekbeoefenende skeepsvolk en ander deurreisendes die kuns aan die Kaap gevoed het. Hierdie was die middele waarmee die voortbestaan van musiek in Suid-Afrika verseker is.

Met die uitbreiding van die kolonie en die vermeerdering van die ~~populasie~~ bevolking het die lewe meer gevestig en geriefliker geword. ~~Sosiale~~ Maatskaplike verkeer het toegeneem en musiek het as faktor deel

/hierin

daarvan heelwat gebaat daardeur

~~hierin veel daarby gebaat~~. Hoofsaaklik onder prikkel van besoekers en skeepsvolk is daar veel gedans in herberge en kroeë en is volksmusiek ook gevoed. Die musikale slawe het die musiek geredelik en ~~met~~ gretigheid aangeneem en hul(e) base, wat die beoefening van musiek al tot 'n groot mate afgeleer het en gewoon daaraan was dat die slawe vir hulle alles moet doen, het die musiekmakery aan hulle oorgelaat.

Namate die belangrikheid van die Kolonie toegeneem het, is sy status verhoog en die besetting vergroot en beter toegerus. Die garnisoen het 'n vaste musiekkorps van standaard grootte gekry, wat verantwoordelik was vir musiekbedrywigheid op 'n uitgebreide skaal. Die amptelike gebruik van musiek aan die Kaap in die tyd/ vergelyk goed met die van dorpe van dieselfde grootte in Europa.

Ook die kerk, en daarmee die kerkmusiek, het gebaat by die uitbreiding. Die kerk self, die katkisasieklasse, die kerkskole en privaat skole en ook die huisgodsdiens het almal bygedra tot die bevordering van kerkmusiek, wat net uit Psalms bestaan het. Teen 1737 is die peil van die kerkmusiek verhoog deur die aanskaffing van die eerste orrel in Kaapstad.

Van spontane musiekbedrywigheid by die burgerlike bevolking is daar nog geen spoor nie. Hul sekulêre musiek het hulle aan hulle slawe oorgelaat. Gewyde musiek het hulle in die kerk en by die huisgodsdiens beoefen. Musiek het nog nie die status van 'n onafhanklike kuns verwerf nie, dit was nog net die diensmaagd van die kerk, die ~~sosiale lewe~~ maatskaplike omgang of die militêre instellings. Bowendien is slawe gebruik om 'n belangrike deel daarvan te behartig, en het dit sodoende uit die hande van die blankes geraak.

Die gevoel van selfstandigheid en die daarmee gepaard gaande sug na selfbestuur en onafhanklikheid wat in die laaste helfte van die 18e eeu ontstaan, is ook weerspieël in die musikale ontwikkeling. Die kerk het oor die algemeen sy musiek op die peil van ander Calvinistiese lande gebring. Orrels is orals ingevoer

/waar

waar die nodige fondse gevind kon word, die nuwe amptelike psalmboek is in gebruik geneem, die gehalte van die sang is opgeknap en meer sang is by die dienste ingevoer.

Maar dit is op die gebied van sekulêre musiek dat die grootste vooruitgang beleef is. Onder die konserwatiewe beleid van die wankelende Kompanjie het die amptelike musiek ~~van~~ aan die kasteel vermeerder, maar geen vooruitgang getoon nie. Die burgerlike bevolking het egter op musiekgebied ontwaak en die kasteel verbygestreef. Musiek het as kuns tot sy reg gekom en is op groot skaal deur die burgerlike bevolking beoefen en geniet. Musiekonderwysers verskyn op die toneel en is heel bedrywig, musiekpartytjies word gehou, die bedrewenheid van jong dametjies dwing die bewondering van buitelandse besoekers af en voor die einde van die eeu vind daar al konserte plaas. Musiek word by die ete, by onthale en selfs soggends vroeg vir blote luistergenot verskaf deur slawe-orkeste. Die slawe het nog 'n belangrike rol vervul as uitvoerende musikante, veral van die mindere soorte ~~lae tipes van~~ musiek, maar die koloniste het ontwaak tot die waarde van musiek as kuns. Hulle streef dit na en hulle sorg vir musiekonderrig vir hulle kinders. Hulle voel selfs al die drang tot musikale skepping, maar is nie instaat om daaraan uiting te gee nie.

Die waardering vir musiek in die dorpsgebied het dus ten volle ontluik. Musiekinstrumente word algemeen in die huise van vermoëndes ~~mense~~ gevind, 'n instrumentemaker vind 'n bloeiende ~~florerende~~ bestaan en mense koop nuwe musiek aan, leer dit en voer dit uit tot waardering en genot van ander. Die verspreiding van musiek was al so omvangryk en doeltreffend dat sekere liedere algemeen populêr geword het en tot op die voorposte in die Karoo gehoor kon word. In die dele van die land waar lewenstoestande dit toegelaat het, het musiek dus 'n volwaardige plek in die alledaagse lewe ingeneem.

Op die platteland, waar die mense afgesny was van kontak met die Europese kultuur en waar hulle min geleenthede gekry het

/vir

vir sosiale verkeer, het hul afsondering diep spore gelaat op hul musiek. Sekulêre musiek het by hulle feitlik uitgesterf, terwyl gewyde musiek, gevoed deur hul sterk godsdienssin en gereëlde beoefening van huisgodsdiens, 'n buitengewone plek by hulle ingeneem het. Hulle het dit nie alleen by die godsdiens beoefen nie, maar by elke ander geleentheid waar hulle wou sing. Hulle het hulle ook nie net bepaal by bestaande musiek nie, maar self melodieë geskep en kunstig op bestaande melodieë geïmproviseer. Hul het dus 'n sterk individualistiese rigting ingeslaan. Aangesien die mens se musiekbehoeftes egter nie permanent en volledig deur gewyde musiek alleen bevredig kan word nie, moes by hierdie mense weer later 'n ander musiek ontstaan of bygekom het. Die veld was dus oop óf vir die ontwikkeling van 'n eie, individualistiese musiek, gekleur deur en gebaseer op hul godsdienstige musiek, óf vir die maklike beïnvloeding deur 'n sterk vreemde musiek. Wat wel gebeur het, sal die musiekgeskiedenis van Suid-Afrika na 1800 moet bewys.

Die toekomstige Afrikanervolk het dus teen 1800 'n mate van musikale rypheid en individuele ontwikkeling getoon wat die belofte ingehou het vir die opbloei van die musiekkuns in Suid-Afrika. Die mate waarin die belofte vervul is en die omstandighede waarin dit geskied het, moet deur 'n studie van ons verdere musiekgeskiedenis bepaal word.

## LYS VAN GERAADPLEEGDE WERKE.

LYS VAN GERAADPLEEGDE WERKE.


1. BARNARD, A: South Africa a century ago. The letters of Lady Anne Barnard. London, 1901.

2. BARRINGTON, G.: An Account of a Voyage to New South Wales. London, 1803.

3. BARROW, J.: An Account of Travels into the Interior of South Africa. London, 1801.

4. BARROW, J.: An autobiographical memoir. London, 1847.

5. BODE, J.F.: Niewste en Beknopte Beschrywing van die Kaap der Goede Hoop; nevens een Dag-Verhaal van eenen Landtogt naar het Binnenste van Afrika. 16 Julie 1761 tot 27 April 1762.

6. BOGAERT, A.: Historische Reizen door d'oostersche deelen van Asia. Amsterdam, 1711.

7. BORCHERDS, P.B.: Bladen uit de Memoirs van Petrus Borchardus Borcherds. Getrouwelijk uit het Engelsch overgezet door F.H. Olland. Kaapstad, 1907.

8. BOSHOFF, S.P.E.: Beskouings en feite, Kaapstad, 1936.

9. BOSHOFF, S.P.E.: Volk en Taal van Suid-Afrika. Pretoria, 1921.

10. BOSMAN, D.B.: Oor die ontstaan van Afrikaans. Amsterdam, 1928.

11. BOSMAN, F.C.L.: Drama en Toneel in Suid-Afrika. Deel I, 1652 - 1855.

12. BOTHA, C.G.: Collectanea - First Series - V.R.S. 5.

13. BOTHA, C.G.: Social Life at the Cape in the Eighteenth Century.

14. BOUCHEN-ROEDER: Reize in de binnenlanden van Zuid-Afrika, 1803. Amsterdam, 1806.

15. CARSE, A.: The Orchestra in the XVIIIth Century. Cambridge, 1940.

16. COETZEE, A.J.: Die Afrikaanse Volksgeloof. Amsterdam, 1938.

17. COOK, J.: A voyage towards the South Pole and round the world. 1772 - 1775. Vols.I & II. Dublin, 1784.

18. COOK, J. & JAMES KING: A voyage to the Pacific Ocean, 1776-1780. Vols.I & III. Dublin, 1784.

19. DE JONGH, C.: Reizen naar de Kaap de Goede Hoop, Ierland en Noorwegen 1791-1797. Dele 1-3. Haarlem, 1802.

20. DE LA CAILLE, A.: Reise nach dem Vorgebürge der guten Hofnung, 1751-1753.


/21.

21. DE MIST: Memorandum van De Mist. V.R.S. 3.

22. DOMINICUS, F.C.: Het Huiselijk en Maatschappelik leven van de Zuid-Afrikaner, 1919. (In de eerste helfte der 18e eeuw). 's Gravenhage, 1919.

23. DUMINY: Dagboeke (Franken) V.R.S.19.

24. DU PLESSIS, I.D.: Die Bydrae van die Kaapse Maleier tot die Afrikaanse Volkslied.

25. DU TOIT, P.S.: Onderwys aan die Kaap onder die Kompanjie, 1652-1795. Kaapstad, 1937.

26. DU TOIT, S.J.: Suid-Afrikaanse Volkspoësie. Amsterdam, 1924.

27. FISHER, R.B.: The Importance of the Cape of Good Hope as a colony. London 1816.

28. FOUCHÉ, L.: Het Dagboek van Adam Tas 1705-1706. Londen, 1914.

29. FOUCHÉ, L.: Uit die "Journael" van Gijsbert Heeck. Anne 1655. Pretoria, 1910.

30. FRYKE, C. & C.SCHWEITZER: A Relation of Two several Voyages made into the East-Indies. Done out of the Dutch by S.L. London 1700.

31. GEYL, P.: Geschiedenis van de Nederlandsche Stam Deel II, Amsterdam, 1934.

32. GIE, S.F.N.: Geskiedenis van Suid-Afrika Dele 1 & 2. Stellenbosch, 1939-40.

33. GLEANINGS in Africa: Letters from an English Officer. London, 1806.

34. HUET, G. BUSKEN: Het Land van Rembrandt, 1898.

35. HUISGENOOT (DIE): (a) 20/12/40: Artikel deur Jochem van Bruggen.
(b) W.van Warmelo: Volksmusiek in Suid-Afrika. 21/2/41.
(c) 25 Junie, 1943. C.G.S.de Villies: Die Geneefse Psalmboek 400 jaar oud.

36. KEMPERS, K.P.BERNET: Muziekgeschiedenis, Rotterdam 1932.

37. KINDERSLEY, MRS.: Letters from the Island of Teneriffe, Brazil, the Cape of Good Hope and the East Indies, London, 1777.

38. KIRBY, P.R.: The Musical Instruments of the Native Races of South Africa. London 1934.

39. KIRBY, P.R.: Saint Cecilia goes South.

40. KOLBEN, P.: Vollständige Beschreibung des Africanischen Vorgebürges der Guten Hoffnung 1705-1713. Nürnberg 1719.

41. LABILLARDIERE, M.: Voyage in search of la Perouse, translated from the French. London 1800.

/42.

42. LAIDLER, P.W.: The Annals of the Cape Stage. Edinburgh 1926.

43. LEIBBRANDT, H.C.V.: Precis of the Archives of the Cape of Good Hope: Journal 1662-1670. Uitg. W.A.Richards, Cape Town, 1901.

44. LEIBBRANDT, H.C.V.: Precis of the Archives of the Cape of Good Hope: Journal 1671-4 & 1676. Uitg. W.A.Richards, Cape Town 1902.

45. LEIBBRANDT, H.C.V.: Precis of the Archives: Letters despatched from the Cape 1652-62. Vols 1 & II, and 1696-1708, 1 Boek.

46. LEIBBRANDT, H.C.V.: Precis of the Archives: Letters and Documents received 1649-1662. Part I and II. Cape Town 1899.

47. LEIBBRANDT, H.C.V.: Requesten (Memorials) 1715-1806.
Volume I A - E.
Volume II F - O. Cape Town, 1905.

48. LEIBBRANDT, H.C.V.: Rambles through the Archives of the Colony of the Cape of Good Hope 1688-1700.

49. LICHTENSTEIN, H.: Travels in Southern Africa 1803-1806. Dele I & II. V.R.S. Cape Town 1928.

50. MALHERBE, E.G.: Education in South Africa 1652-1922. Cape Town 1925.

51. McINTYRE, D.G.: Early organs and organists at the Cape. Cape Town 1934.

52. MENTZEL, O.F.: Life at the Cape in Mid-Eighteenth Century. Being the biography of Rudolph Siegfried Allemann. V.R.S. No.2.

53. MENTZEL, O.F.: Description of the Cape of Good Hope. 1732-1740. Dele 1 & 2. V.R.S. 4 & 6.

54. MOLSBERGEN, Dr.E.C.GODÉE: Tijdens de O.I.Compagnie. Amsterdam, 1932.

55. MOORREES, A.: Die Nederduits Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika. 1652-1873. Kaapstad 1937.

56. NIEUWE Algemene Beschryving van de Kaap de Goede Hoop. Amsterdam, 1791.

57. PARKER, Mrs.J.: A Voyage round the world. London 1795.

58. PERCIVAL, R.: An Account of the Cape of Good Hope, London 1804.

59. PHILIP, J.: Diary of Mrs.Matilda Smith, 1824.

60. ROGERS, Capt.W.: A cruising voyage round the world. London, 1826.

61. SAINT PIERRE, J.H.B.de: A voyage to the Isle of France. 1768-71. Translated from the French. London 1800.

62. SCHONKEN, F.T.: De oorsprong der Kaapsch - Hollandsche Volksoverleveringen. Amsterdam 1914.

63. SCHOLES, P.A.: The Oxford Companion to Music. London 1938.

/64.

64. SCHOUTEN, W.: Oost-indische Voyagie - Amsterdam 1676.

65. SEMPLE, R.: Walks and Sketches at the Cape of Good Hope. London 1805.

66. SPARRMAN, A.: Voyage to the Cape, 1772-1776. London 1785.

67. SPOELSTRA, C.: Bouwstoffen voor de Geschiedenis der Nederduitsch Gereformeerde Kerken in Zuid-Afrika Dele I & II, 1652-1804. Amsterdam - Kaapstad 1907.

68. STAVORINUS, J.S.: Reize van Zeeland over de Kaap de Goede Hoop ens. 1768-71. Leyden, 1793.

69. STRANGMAN, E.: Early French callers at the Cape. Johannesburg, 1936.

70. TACHARD, G.: Voyage de Siam des Péres Jésuites, Paris 1686.

71. TERRY, C.S.: Bach's orchestra, London 1932.

72. THEAL, G.M.: Belangrijke historische dokumenten over Zuid-Afrika. Unieregering, 1911.

73. THEAL, G.M.: Chronicles of Cape Commanders. Cape Town 1882.

74. THEAL, G.M.: The History of South Africa, Vol. I & II. Till 1795.

75. THUNBERG: Travels in Europe, Africa and Asia, 1770-1779. London, 1795.

76. TROTTER, A.F.: Old Cape Colony 1652-1806. Westminster 1903.

77. VAILLANT (le): New Travels into the Interior Parts of Africa. 1783-85. Translated from the French. Vols. I - III. Uitg. G.G. & J.Robinson. London 1796.

78. VALENTYN, F.: Oud en Nieuw Oost-Indiën Deel V, Boek 10. Beschryvinge van de Kaap der Goede Hoope. Amsterdam, 1726.

79. VAN BROEKHUIZEN, H.D.: Die Wordingsgeskiedenis van die Hollandse Kerke in Suid-Afrika. 1652-1804. Pretoria, 1922.

80. VAN DER MERWE, P.J.: Die Trekboer in die Geskiedenis van die Kaapkolonie 1657-1842. Kaapstad 1938.

81. VAN REENEN: see Joernaal V.R.S.18.

82. VAN RIEBEEK, J.: Dagverhaal van Jan van Riebeek Pts.1, 2 & 3. Pub: Historisch Genootschap 1884-93.

83. VON PALLANDT: The Cape in 1803. Translated from the French.

84. VOS, M.C.: Merkwaardig verhaal aangaande het leven en lotgevallen van, (red. J.du Plessis). Kaapstad 1911.

85. WATERMEYER, E.B.: Selections from the writings of Cape Town, 1877.

**Author** Hartman A C
**Name of thesis** n Oorsig van die Europese Musiek in Suid Africa 1652 - 1800 1947

***PUBLISHER:***
**University of the Witwatersrand, Johannesburg**
**©2013**

***LEGAL NOTICES:***

**Copyright Notice:** All materials on the University of the Witwatersrand, Johannesburg Library website are protected by South African copyright law and may not be distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

The University of the Witwatersrand, Johannesburg, is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the Library website.